
Vader van Liefde
Verwyder die Sluier van
Vrees en Veroordeling
Kevin J. Mullins

# *Vader van Liefde*

Deur Kevin J. Mullins (2020)
Epos: *lastmessageofmercy@roadrunner.com*
Of besoek my webwerf by *lastmessageofmercy.com*

Spesiale dank aan:
Adrian Ebens — *fatheroflove.info*
Ray Foucher—*characterofgod.org*
Deane Gilman — Bybelkenner en lewenslange vriend
Ace Rivera — Bybelkenner en lewenslange vriend
Die hele “Father of Love” Facebook groep/familie
My Moeder — net omdat u die pratige vrou is wat u is!

Versprei deur:

VadervanLiefde.com

Die Bybelaanhalings is uit die 1953 Afrikaanse Bybelvertaling (OAV) geneem, tensy anders vermeld, waar die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) aangedui word (AFR83).

In hierdie boek word die woord “Jehova” in plaas van “HERE” deurgaans gebruik, ook in Bybeltekste, behalwe waar ander skrywers en bydraes aangehaal word.

## *Inhoudsopgawe*

Inleiding: Deur die Woord van Hul Getuienis

1. Steun Nie Op Jou Eie Insig Nie ..................................................... 5

2. God Demonstreeer Sy Liefdevolle Genade Deur Sy Seun ............ 13

3. Verwydering van die Sluier Omtrent die Toorn van God.............. 26

4. Ons God is ‘n Verterende Vuur ..................................................... 37

5. “Aan My kom die wraak toe!” spreek die Here............................. 51

6. Daar is die Lam van God! ............................................................. 66

7. “Wees heilig, want Ek is heilig.” .................................................. 86

## Inleiding: Deur die Woord van Hul Getuienis

Die boek bevat getuienisse van mense vanoor die hele wêreld wat die kennis van die liefdevolle karakter van God vir hulself toegeëien het. In die 12de hoofstuk van Openbaring lees ons dat Satan en sy engele probeer om die volk van God op aarde te vervolg. Hulle probeer desperaat dat ons ons geloof versaak, en sodoende ‘n wanvoorstelling van God voorhou. Daar is ‘n belofte waaraan ons kan vashou onder hierdie dreigende beproewinge, onder die vyand se woedende aanslae:

> *“En hulle het hom [Satan] oorwin deur die bloed van die Lam en* ***deur die woord van hulle getuienis****, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.” ~ Openbaring 12:11.*

Die getuienisse op hierdie bladsye kom van verskeie agtergronde en kulture. Sommige getuig van persoonlike ondervindings in hul alledaagse lewens wanneer hulle in hul reaksies teenoor ander keuses moes maak. Sal ons optree volgens die weg van ons Hemelse Vader of volgens die weg van die mens? Ander spreek van juweeltjies van waarheid oor die karakter van God wat hulle in die Woord gevind het, en hoe dit hul lewens beïnvloed het, terwyl ander spreek van diepgaande insig in ingewikkelde gedeeltes van die Skrif.

Al sal ons nie al jou vrae oor die karakter van God kan beantwoord nie, is hierdie boek steeds my getuienis van die onmiskenbare feit: *“God is liefde.” (1 Joh.4:8)* Hierdie liefde het ‘n diepgaande verandering in my teweeggebring, wat my aanmoedig om ‘n beter vader, vriend, eks-man, broer, werknemer en seun te wees.

Wanneer jy hierdie materiaal lees, saam met die getuienisse, is dit ons gebed dat jy ook aangemoedig sal word om God in ‘n nuwe lig te aanskou en beïnvloed sal word deur Sy weergalose liefde, dat jy, deur hierdie inspiraie, totaal en al...

> *“... die HERE jou God sal liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag... en jou naaste liefhê soos jouself.*
> *~ Deuteronómium 6:5; Levitikus 19:18; Matthéüs 22:37-39.*

Hierdie boek is opgedra aan my drie kinders:
Isaac John, Haley Jean, en Eliana Rose.

*“Jehova sal jou seën en jou behoed;*
*Jehova sal sy aangesig oor jou laat skyn*
*en jou genadig wees;*
*Jehova sal sy aangesig oor jou verhef*
*en aan jou vrede gee.”*
*~ Numeri 6:24-26 ~*

# Vader van Liefde

*"Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het …" ~ 1 Johannes 3:1.*

## 1. Steun Nie Op Jou Eie Insig Nie

Wat kom in jou gedagtes op wanneer jy die woorde *"God is liefde" lees? (1 Joh. 4:8)*? Glo jy dit wanneer die profeet Jeremia sê:

> *"Jehova het aan my verskyn uit die verte: Ja, Ek het jou liefgehad met 'n **ewige liefde**; daarom het Ek jou getrek **met goedertierenheid.**" ~ Jeremia 31:3.*

Is jy oortuig dat God Sy skepping met 'n "ewige liefde" liefhet? Moenie aan hierdie woord "ewig" dink as van NOU af tot in ewigheid nie. Dit strek vanaf 'n ewigheid in die VERLEDE tot in ewigheid in die toekoms. Daar was nog nooit 'n tyd, en daar sal nooit 'n tyd wees, wanneer God jou nie liefhet nie. **Dit maak nie saak wat jy gedoen het of wat jy sal doen nie; ons Vader het altyd en sal altyd lief wees vir jou e naan jou barmhartigheid bewys**. Hou altyd in gedagte dat Hy jou met "goedertierenheid" na Hom toe trek. Hy maak nooit gebruik van vrees nie.

> *En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom. Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld. Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die **volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.** Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.*
>
> *~ 1 Johannes 4:16-19.*

Die liefde is geduldig,
die liefde is vriendelik;
dit is nie afgunstig nie,
is nie grootpraterig nie,
Dit handel nie onwelvoeglik nie,
soek nie sy eie belang nie,
is nie liggeraak nie,
hou nie boek van die kwaad nie.
Dit bedek alles,
glo alles,
hoop alles,
verdra alles.
Die liefde vergaan nooit nie.
~ 1 Korinthiërs 13:4-8 ~

Hierdie liefde word in die Grieks *agápe* genoem, en word vertoon deur opofferende, liefdevolle, onbaatsugtige, diens teenoor ander (of, gee aan ander). In al ons nadenke oor die karakter van God moet ons bereid wees om ons eie vooropgestelde idees prys te gee. God het gesê: *"My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie My weë nie." (Jes. 55:8)*. Ons moenie God beperk volgens ons eie idees en lewenswyse nie, maar ons moet eerder *op Jehovah vertrou met ons hele hart; en* ***nie op ons eie insig steun nie****. (Spr. 3:5).*

**Vertrou Hom wanneer Hy sê dat Hy liefde is.**
**Vertrou Hom wanneer Hy sê dat Hy jou liefhet**
***"met 'n ewige liefde."***

*"Slaan julle oë op na die hemel en aanskou die aarde daaronder; want die hemel sal soos rook verdwyn en die aarde soos 'n kleed verslyt en sy bewoners soos muskiete sterwe; maar my heil sal vir ewig bestaan* ***en my geregtigheid nie verbreek word nie. Luister na My, julle wat die geregtigheid ken, volk in wie se hart my wet is!*** *Wees nie bevrees vir die smaad [beledigings] van mense en skrik nie vir hulle skimptaal nie." ~ Jesaja 51:6-7.*

God se geregtigheid is vir ewig. Dit sal nooit afgeskaf word nie. Die lewe van geregtigheid is die enigste lewe wat tot in ewigheid duur. Wanneer Jesus "ewige lewe" belowe, belowe Hy nie net dat jy nooit sal sterf nie. Hy fokus nie daarop om selfsugtige begeertes op te wek, sodat ons ewig sal lewe nie, maar Hy spreek van 'n *lewenstyl* wat die Vader se geregtigheid weerspieël. Hierdie geregtigheid word in die wet van God (die Tora) beskryf. — *"Luister na My, julle wat die geregtigheid ken, volk in wie se hart my wet is." (Jes.51:7).* Wanneer die wet werklik in ons harte is, sal ons die Vader se ewige lewe van geregtigheid "ken" (ondervind). Die Skrif is duidelik omtrent die afwesigheid van die geregtigheid van God:

> **Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is,**
> nie op die dinge wat op die aarde is nie.
> ~ Kolossense 3:2 ~

*... **Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie**. Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. **Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie**."*
*~ Romeine 3:10-12*.

Let op dat "regverdig" en "goed" sinoniem is met mekaar. Dit is 'n Hebreeuse skryfstyl wat *Hebreeuse parallelisme* genoem word. Wanneer die Skrif sê dat ons hemelse Vader "regverdig" is, sê dit Hy is "goed". Jesus noem dit ook in die volgende vers: "*Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe Een, naamlik God." (Markus 10:18).*

Dit sal vir ons gevaarlik wees om bloot te probeer om die definisie van "goed" (regverdigheid) neer te lê sonder om die Skrifte te gebruik. Die mensdom het met sy eie sondige denke gedefinieer wat goed en kwaad is, en die resultaat was dat hulle geëet het van die boom van kennis van goed en kwaad. Ons meng goed en kwaad saam. *"Ellende wag vir dié wat sleg goed noem en goed sleg, wat van duisternis lig maak en van lig duisternis, wat bitter soet noem en soet bitter. Ellende wag vir dié wat dink hulle het die wysheid in pag, wat dink hulle het baie verstand." (Jes. 5:20-21, AFR83)*.

God is die teenoorgestelde van boosheid en duisternis, want "*God is lig, en daar is **geen duisternis in Hom nie**." (1 Joh.1:5)*. Die teenwoordigheid van beide goed en kwaad is NIE 'n gebalanseerde heelal nie. Aangesien God volmaakte liefde *is*, doen Hy SLEGS wat reg (regverdig) en goed is. Hy is absolute waarheid! Wees dus gewaarsku: *"Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood." (Spr.14:12).*




Wat is dus "goed" en "regverdig"? Wel, dit bring ons terug na die begin, toe God self die eerste keer die woord "goed" gebruik het – tydens die Skepping. Aan die einde van elke dag van die Skeppingsweek, in Genesis 1,

noem God dit "goed"; en aan die einde van die laaste dag van die Skepping noem Hy dit "baie goed" en daarna het Hy gerus. Paulus skryf:

*"Want **sy onsigbare dinge** kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en **duidelik gesien word**, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie." ~ Romans 1:20.*

Dus word die Vader se eienskappe (Sy ewige karakter) duidelik in die Skepping gesien. Ons het sopas gesien dat die Skepping goedheid uitspel.

Wat was dan so "goed" in elke dag van die Skepping? Wel, wat doen elke ding wat Hy gemaak het? Wat doen die son? Dit GEE lig. Dit GEE hitte. Dit GEE lewe en lewenskragtigheid aan plante, diere en mense. Wat van bome? Wat doen hulle? Hulle GEE rusplekke en voedsel aan voëls en ander skepsels. Hulle GEE skadu. Hulle GEE suurstof. Hulle GEE kleur aan die wêreld. Wat van gras? Dit GEE voedsel aan die skepsels. Dit GEE suurstof en koel die lug af. Dit GEE kleur aan die wêreld. Wat van water? Water GEE 'n tuiste aan seediere. Dit GEE (voorsien) gesonde voeding en reiniging. Ek dink jy behoort dit in te sien. Die Vader se ewige karakter, Sy geregtigheid, is 'n lewe van GEE (voorsiening).

"Die konstruksie-protokol waarop God Sy heelal gebou het, is bekend as die wet van God. Hierdie wet is die wet van liefde, 'n uitdrukking van Sy natuur en karakter... Asemhaling is 'n eenvoudige voorbeeld van hierdie wet in aksie. Met elke asemteug gee ons koolstofdioksied ($CO_2$) af aan plante en die plante gee suurstof aan ons (die wet van asemhaling). Dit is God se ontwerp vir die lewe, 'n ewigdurende sirkel van gee. Dit is 'n uitdrukking van God se karakter van liefde; en die lewe is ontwerp om daarop te funksioneer. As jy hierdie wet, hierdie sirkel van gee, verbreek deur 'n plastiese sak oor jou kop te bind en met selfsug jou eie liggaam se $CO_2$ vir jouself te hou, dan verbreek jy die ontwerpsprotokol van die lewe; die resultaat is die dood. 'Die loon [resultaat] van die sonde is die dood' (Romeine 6:23). Hierdie sirkel van gee is die wet waarop die lewe funksioneer, die wet wat God saamgestel het. (Vertaal na Afrikaans vanuit *The Remedy*, Preface, deur dr. Timothy Jennings).

Die betekenis van die begrip "onse Vader" is dat Hy die ewige VOORSIENER is. Hy is die enigste BRON van LEWE wat aan al Sy skepsels GEE wat GOED is en nodig is vir fisiese en geestelike gesondheid. Jesus het verkondig:

> *"Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe—wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam—wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en **tog voed julle hemelse Vader hulle**. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg? En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie; en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie. **As God dan die gras van die veld,** wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, **so beklee, hoeveel te meer vir julle**, kleingelowiges? Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. **Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.** Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad." ~ Matthéús 6:25-34.*

Ja, onse Vader is 'n HELPER – ons VOORSIENER. Die psalmis het geskryf: *"Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande."* (Ps.19:2); *"Die hemele verkondig sy geregtigheid, en al die volke sien sy heerlikheid."* (Ps. 97:6).

Het jy geweet God se heerlikheid is Sy karakter van geregtigheid? Moses het die Vader gesmeek, *"Laat my tog u heerlikheid sien."* (Ex.33:18). In vers 19 het God hom geantwoord:

> *"Ek sal al **my majesteit [goedheid – sien KJV]** by jou laat verbygaan en voor jou die Naam [heerlikheid/karakter] van die HERE uitroep; maar Ek sal **genadig** wees vir wie Ek genadig wil wees, en My **ontferm** oor wie Ek My wil ontferm."*

Dit is wat dit beteken om “die NAAM van Jehovah te verkondig.” Die woord “naam” in die Skrif verwys na die begrip “karakter.” Om die naam van die HERE of Jehovah te verkondig is om Sy karakter van goedheid, genade en barmhartigheid in elke woord en daad te verkondig. In Exodus 34 lees ons:

> *“En Jehova het neergedaal in die wolk en daar by hom gestaan. En Hy het die Naam [heerlikheid/karakter] van Jehova uitgeroep. En toe Jehova by hom verbygaan, het Hy geroep: Jehova, Jehova,* ***barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou****.” (verse 5-6).*

God het deur die profeet Esegiël gespreek en gesê: “*Ek is begaan oor my heilige Naam wat oneer aangedoen word deur Israel onder die nasies waar hulle gekom het.*” (Eseg. 36:21 AFR83). Hier het ons belydende volgelinge van God (Israel) wat God se karakter onder die heidene ontheilig. Dit het nie net gebeur deur wat hulle gedoen het nie, maar ook deur wat hulle gesê het. Die dinge wat hulle oor ons Vader se karakter gesê het, was nie waar nie, wat daartoe gelei het dat hulle eie optrede in stryd was met Sy weë. Hulle eie optrede, om nie genadig, barmhartig, lankmoedig, vol goedheid en waarheid te wees nie, het 'n wanvoorstelling gegee van wie hulle beweer het hulle aanbid. Gevolglik is verkeerde persepsies van die een ware God aan die nasies voorgehou en verkondig. Sy naam is ontheilig en hulle het almal aan die heerlikheid (karakter) van God ontbreek. Dit is sonde; *“want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die HEERLIKHEID van God.” (Rom. 3:23).*

Aangesien die Skrif vir ons sê*: "Alle ongeregtigheid is sonde" (1 Joh. 5:17)*, is geregtigheid dus 'n lewe sonder sonde. In 1 Johannes 3:4 sê Johannes vir ons: *"Elkeen wat sonde doen, oortree die wet van God. Sonde is immers oortreding van die wet van God."* (AFR83). Ongeregtigheid is sonde, en sonde is oortreding van God se wet (Tora). Geregtigheid is om binne die beskermende standaarde van God se wet te leef, terwyl sonde die keuse is om buite Sy beskerming en genesing te dwaal. Paulus het geskryf: *“Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê;* ***want hy wat ‘n ander liefhet, het die wet vervul****.” (Rom. 13:8)*. Dan, nadat hy 'n paar van die tien gebooie aangehaal het, sluit hy af om vir ons presies te toon na watter

standaard hy verwys: *"Die liefde doen die naaste GEEN kwaad nie;* ***daarom is die liefde die vervulling van die wet****." (Vers 10)*.

Soos jy kan sien, is geregtigheid 'n lewe waarin "ander eerste" kom en hierdie onselfsugtige lewe kom slegs van God af; want Hy is die bron van alles wat goed en reg is in die wêreld: *"Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van* ***die Vader*** *wat die hemelligte geskep het, maar* ***wat self nie ... verander of verduister nie****." (Jak. 1:17, AFR83)*. God het verklaar: *"Ek, Jehovah, het nie verander nie." (Mal. 3:6)*. Aangesien God liefde is, en Hy "nie verander nie", want Hy sal "self nie ... verander of verduister nie", dan kan jy altyd vertrou dat Hy NOOIT iets skadeliks aan jou sal doen nie. **Al is jy Sy vyand**.

> *Want God het ons nie 'n* ***gees van vreesagtigheid*** *gegee nie, maar van* ***krag*** *en* ***liefde*** *en* ***selfbeheersing****. Skaam jou dan nie oor die getuienis van onse Here nie..." ~ 2 Tim. 1:7*

Terwyl Jesus op aarde was, het Hy die liefde van ons hemelse Vader verkondig deur te sê:

> Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken;
>
> voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy.
>
> ~ Jeremia 1:5 ~

*"Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar Ek sê vir julle:* ***Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg****; <u>sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is</u>; want* ***Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges****. Want as julle liefhet die wat vir julle liefhet, watter loon het julle? ... En as julle net jul broeders groet, wat besonders doen julle dan? ... Wees julle dan volmaak [heeltemal onselfsugtig/genadig] soos julle Vader in die hemele volmaak is." ~ Matthéús 5:43-48.*

Let op dat om jou vyande lief te hê en goed te doen aan diegene wat jou haat, vergelyk word met die liefde van *"julle Vader wat in die hemel is."* Die rede waarom julle hierdie goeie dinge doen, is omdat julle "kinders van jou Vader wat in die hemele" geword het en dis hoe julle hemelse Vader optree. Ons Vader het Sy vyande lief en doen goed aan almal wat Hom haat; *"want Hy self is goedertieren oor die ondankbares en slegtes." (Luk. 6:35).* In die volgende hoofstuk sal ons begin sien dat Christus gesterf het om die gebroke toestand van die gevalle mens reg te stel en om ons weer in harmonie met God en Sy wet te bring.

**Vergelyking Tussen ons Vader en Sy Wet**

| Die Vader Is: | | Die Wet Is: |
|---|---|---|
| Lukas 18:19 | **GOED** | Romeine 7:12 |
| Jesaja 5:16 | **HEILIG** | Romeine 7:12 |
| Deut. 32:4 | **REGVERDIG** | Romeine 7:12 |
| Matthéús 5:48 | **VOLMAAK** | Psalm 19:8 |
| 1 Joh. 4:8 | **LIEFDE** | Romeine 13:10 |
| Exodus 9:27 | **REG/REGVERDIG** | Psalm 19:9 |
| Jesaja 65:16 | **WAARHEID** | Psalm 119:142,151 |
| 1 Joh. 3:3 | **REIN/SUIWER** | Psalm 19:9 |
| Joh. 4:24 | **GEESTELIK** | Romeine 7:14 |
| Maleági 3:6 | **VERANDER NIE** | Matthéüs 5:18 |
| Génesis 21:33 | **EWIG** | Psalm 111:7,8 |

Die ganse mensdom, beide Christen en nie-Christen, Teoloog en Ateïs, Lewensredder en Reeksmoordenaar, het elke asemteug aan God te danke; die enigste Een "*... wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daar is, gemaak het. Hy het in die verlede alle nasies toegelaat om hulle eie koers te gaan, maar tog bekend gemaak dat dit Hy is wat die goeie dinge gee: Hy het vir julle reën van die hemel af gegee en gereelde oeste; Hy het julle volop kos gegee en julle gelukkig gemaak." (Handelinge 14:15-17, AFR83)*.

Niemand, nie geheiligde kind van God of sondaar nie,
kan daagliks hul brood eet, as dit nie was vir die ewigdurende

**LIEFDEVOLLE GENADE**

van God.

## 2. God Demonstreeer Sy Liefdevolle Genade Deur Sy Seun

Al wat God doen is om te GEE. Selfs indien die grootste deel van die wêreld kies om Hom te verafsku, GEE ons Vader steeds.



*"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun* ***GEGEE*** *het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."*

*~ Johannes 3:16 ~*

Ja, ons sal "die ewige lewe" ontvang – die lewe van geregtigheid. Deur die inwonende Gees (die lewe) van die Vader, deur Sy Seun, sal ons 'n lewe van opofferende VOORSIENING leef — die lewe van onselfsugtige DIENS. 'n Lewe wat die liefde van God vertoon deur ons naaste lief te hê. 'n Lewe van onvoorwaardelike ver-GIF-nis ("gif" beteken geskenk, vanaf die Engelse woord "gift") teenoor diegene wat ons verafsku, beledig en vervolg. 'n Lewe wat slegs gesondheid en lewe bevorder; wat van boosheid, vernietiging, vergelding en geweld wegskram. Dit doen ons, nie deur ons eie krag nie, maar deur Sy inwonende geregtigheid; want *"aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing. Daarom, soos daar geskrywe staan: 'Dié wat wil roem, moet in Jehova roem.' " (1 Kor. 1:30-31).* Ons moet altyd *"...Hom aanbid wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het." (Open. 14:7).*

Jesus het gesê: "*Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik*." (Matt. 5:16). Dit is nie om guns by God te verdien dat ons goeie werke (werke van gee) doen nie. Ons kan nie goeie werke doen tensy die Een wat goed is (wat gee) in ons en deur ons leef nie. Dit is hoekom ons hooffokus die vertoon van "goeie werke" is sodat diegene rondom ons ons Vader in die hemel sal verheerlik. Hulle sal sien dat *Hy* waarlik goed is, Hy is die Een wat gee en wat regverdig is.

Dit is slegs deur "*Christus in jou*" wat jy waarlik lewe kan hê. (Kol.1:27). Ons Messias het gesê, *"Ek is die Weg, die Waarheid en* ***die Lewe****; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." (Joh.14:6)*. Hy is die Weg om die Vader se denke en Sy manier van lewe te verstaan. Om die Vader se ware karakter ten volle te verstaan, moet ons na die Vader kyk deur die lewe van Jesus wat gesê het: *"Hy wat My gesien het, het die Vader gesien." (Joh. 14:9).* Paulus het gesê: *"in die laaste dae"* het die Vader *"tot ons gespreek deur die Seun"* wat *"die afskynsel is van Sy [die Vader se] heerlikheid [karakter] en die afdruksel van sy wese" is. (Heb. 1:1-3)*. Johannes het geskryf: *"Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook GEGEE om lewe in Homself te hê." (Joh. 5:26).* Jesus het die lewe van die Vader ontvang wat aan ons gegee moet word:

> *"En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe [geregtigheid] gegee het, en* ***dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe****; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam [karakter] van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam [karakter] van die Seun van God."*
>
> *~ 1 Johannes 5:11-13.*

Dit is hoekom dit van kritieke belang is dat ons die Ou Testament deur die oë van Jesus lees. Paulus sê *"die evangelie [Goeie Nuus] van Christus" is die "krag van God tot redding … want die* ***geregtigheid [onselfsugtige karakter] van God word daarin [die evangelie van Christus] geopenbaar*** *…" (Rom.1:16-17)*. Paulus het gewaarsku dat mense die Ou Testament met 'n bedekking oor hulle harte lees (2 Kor. 3:14-15). As gevolg van al die geweld en bloedvergieting sien hulle net 'n *"bediening van dood ... wat veroordeel." (vers 7-9)*. Hy gaan voort om te sê:

> *"Maar wanneer hulle tot die Here [Jesus] bekeer is,* ***word die bedekking weggeneem****. Die Here [Jesus] is die [lewe-gewende] Gees, en waar die Gees van die Here [Jesus] is, daar is vryheid." ~ 2 Korinthiërs 3:16-17*

In sy brief aan die Galasiërs skryf Paulus, "*God [het] die <u>Gees van sy Seun</u> in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader*!" (Gal.4:6)

Aangesien Jesus die volmaakte prentjie (beeld) van ons onveranderlike Vader skets, is *"Jesus Christus ... gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid." (Hebr.13:8)*

> Terwyl ek die vers "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid" oordink het, het iets na my deurgedring. Dit beteken dat ons slegs een dag in die lewe van Christus mag waarneem, en dan die waargenome karakter en beginsels kan uitbrei met 4 dae, or 4000 jaar, of 4 miljoen jaar, beide na die verlede en die toekoms. Indien hy werklik nie verander nie, en dis wel so, kan ons tot hierdie gevolgtrekking kom. Hy het die trotse Fariseërs, en die hulpelose sondaar, en die menigtes wat Hom verwerp het, nog altyd op dieselfde manier hanteer. "Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, **dié het Hom verklaar**." Johannes 1:18.
>
> ~ Malcolm Daniel Reedy (Cleveland, Tennessee, VSA)

Wanneer dit reg waargeneem word, word die karakter van God ons vreugde. Vrees en veroordeling smelt weg terwyl Hy met ons praat: *"Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester ... gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee." Jer.29:11*. Ons Vader *"verheug Hom oor jou met blydskap; Hy swyg in sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel." Sefanja 3:17*. Hy is voortdurend *" 'n barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou." (Ps.86:15).*

**Deur die lewe van Jesus aanskou ons ons Vader nie as 'n 'n wraaksugtige tiran nie, maar as 'n liefdevolle opofferende HELPER.**

*"Maar Jesus het hulle na Hom geroep en vir hulle gesê: Julle weet dat die wat gereken word as owerstes van die nasies, oor hulle heers, en dat hulle groot manne oor hulle gesag uitoefen; maar **so moet dit onder julle nie wees nie**, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen*

> *wat onder julle die eerste wil word, moet almal se dienskneg wees. Want* ***die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te DIEN en sy lewe te GEE as 'n losprys vir baie."*** *~ Markus 10:42-45.*

Uit Sy ewige liefde het God Sy barmhartigheid getoon deur Sy Seun prys te gee; Sy Seun is verwerp en daarna vermoor, sodat almal die ware aard van sonde, soos deur Satan bekendgestel, kan sien, want hy *"was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie ... omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan." (Joh. 8:44)*. Wat is hier die verband tussen lieg en moord? In Matthéús 5:21-22 leer Jesus ons dat om ander allerhande name te noem, ander te verafsku, leuens oor hulle te vertel, vergelding en enige vorm van neerhalendheid, dieselfde is as om hulle dood te maak (sien Jak. 4:11).

Dit is wat Satan (die teëstander) in die begin gedoen het. Hy was 'n moordenaar deur lasterlike (bose) beskuldigings teen God in te bring. Hy wil God dood en uit die pad hê (sien Jes. 14:12-14). Esegiël praat van Satan wat eens 'n "gérub met uitgespreide vlerke wat beskut" en "volkome" in sy weë was, vanaf die dag dat hy geskape is, totdat "ongeregtigheid" in hom gevind is (Eseg. 28:14-15). Sommige vertalings gebruik die woord "boosheid" in die plek van "ongeregtigheid". Die Hebreeuse woord hier is *eh'-vel* wat letterlik beteken om "gewelddadige dade van onreg", "ongeregtigheid", "boosheid" uit te voer. Satan is 'n leuenaar in die volste sin van die woord, want hy ken ons Vader se ware karakter, maar het die keuse gemaak om juis Sy naam te belaster deur woorde van onreg en gewelddadige optrede, om mense te laat glo dat dit God is wat hulle teister; **want dit was Satan se voorstel dat elke sonde sy straf moes kry**. Hy is die *"aanklaer"* wat ons vervolg, wat *"mag oor die dood het."* (Open. 12:9-10; Hebr. 2:14). Dit is Satan wat 'n teorie van geregtigheid ingestel het wat nie met genade strook nie.

Die gedagte dat Satan die een is wat straf vir sonde uitgedink het, mag vir jou 'n skok wees. Dit is omdat sonde die bedekking oor ons oë geplaas het. Baie glo dat God hierdie wêreld in die steek gelaat het, maar Jesaja wys daarop dat *"julle ongeregtighede 'n skeidsmuur geword het tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor*

*nie." Jes.59:2*. God het jou nie in die steek gelaat nie; Hy het belowe *"**Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie**. Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: Jehova is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen?" (Hebr.13:5-6)*. *Want Hy het die ellende van die ellendige nie verag of verfoei* ***en sy aangesig vir hom nie verberg nie****; maar Hy het gehoor toe dié Hom aangeroep het om hulp. (Ps.22:24).* Jesus het aarde toe gekom as gevolg van die valse aanklagte teen ons hemelse Vader. Hy het gekom om die Vader se ware karakter te openbaar, wie altyd 'n "*barmhartige en <u>genadige</u> God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou" is, want* Johannes getuig: *"Ons het Sy [Jesus se] heerlikheid [karakter] aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom— vol van <u>genade</u> en <u>waarheid</u>. " (Joh.1:14)*. *"In Hom was lewe" (Joh.1:14),* daarom ***"het God sy Seun in die wêreld gestuur, nie om die wêreld te veroordeel nie****, maar dat die wêreld deur Hom <u>gered</u> kan word." (Joh.3:17).*

Dit is nie God wat die sondaar veroordeel nie, want *"Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar* ***hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel*** *omdat hy nie geglo het in die Naam [die vergewende karakter] van die eniggebore Seun van God nie." (Joh.3:18).* Die veroordeling kom NIE van God nie, maar van die mens se eie selfveroordeling. Hierdie punt kan nie genoeg beklemtoon word nie. Kom ons kyk na Romeine 5:18 (AFR83):

"*Soos een [Adam se] oortreding gelei het tot veroordeling vir alle mense, so het een [Jesus se] daad van gehoorsaamheid [geregtigheid] dus ook gelei tot vryspraak en lewe vir almal*."

Die veroordeling kom van Adam. In Christus het ons die versekering dat die Vader ons nie veroordeel nie. *"Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee." (Joh.5:22).* Wie het dan alle mense veroordeel indien dit nie God is nie? Dit was Adam. *"... deur <u>een [Adam se] misdaad [het] vir alle mense … veroordeling gekom...</u>" (AOV).*

Die woord "Adam" in Hebreeus beteken "mensdom." Die Skrif sê: *"Man en vrou het Hy hulle geskape en hulle geseën en <u>hulle</u> mens [Adam – sien KJV]*

*genoem, die dag toe hulle geskape is." (Gen.5:22)*. Met ander woorde, toe God vir Adam gemaak het, het Hy die ganse mensdom in Adam gemaak. Sonde het deur Adam se veroordeling op ons gebring, en *"die loon van die sonde is die dood." (Rom.6:23)*. God is NIE die een wat die doodsvonnis bepaal nie, DIE SONDE WEL. Dit is Satan, die oorsaak van sonde en die dood, wat ons vir 'n losprys gevange hou.

> *"Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en* ***as die <u>sonde</u> tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort****."*
>
> *~ Jakobus 1:14-15*

God het Adam en Eva gewaarsku dat, indien hulle van die verbode vrugte eet, *"sal jy sekerlik sterwe." (Gen.2:17)*. In Esegiël 18:20 sê God: *"Die siel wat sondig, dié moet sterwe."* Let asseblief op wat hierdie twee gedeeltes NIE sê nie. Dit sê nie: *"Die siel wat sondig, dié sal Ek [God] doodslaan"* nie. God lê nie hier 'n straf op nie, Hy waarsku liefdevol dat SONDE (wanneer ons buite God se beskermende standaard – die wet – dwaal) jou sal doodmaak. Sy begeerte is om jou te red van die NATUURLIKE gevolge van 'n sondige leefstyl (ongeregtigheid).

> *"Gehoorsaamheid aan God lei tot die lewe, dit is 'n pad wat nie na die dood lei nie." ~ Spreuke 12:28 (AFR83).*

God alleen is regverdig en aangesien Sy weë "*nie na die dood lei nie*", **is daar geen dood in God nie**.

Jesus, wat niks uit Sy eie gesag gedoen het nie, en net gespreek het wat Sy Vader Hom geleer het (Deut.18:18-19; Joh.7:16; 8:28), het verklaar, *"die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie." (Joh.14:30)*. Niks in Satan se natuur was in Christus nie. Alles omtrent Satan is vrees en veroordeling, leuens en bedrog, dood en vernietiging.

*"Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind."* ~ *1 Petrus 5:8*

Alles omtrent ons hemelse Vader dui op hoop en genade, waarheid en getrouheid, herstel en lewe.

*"**Wie my vind, vind die lewe self** en geniet die guns van die Here. Maar wie my nie wil vind nie, <u>doen homself skade aan</u>; **wie my haat, hou van die dood**."*

*~ Spreuke 8:35-36.*

Dit is duidelik en eenvoudig gestel – dit is NIE God wat die sondaar ombring nie, want *"wie my nie wil vind nie, **doen homself skade aan**."* Ons lees ook:

"*julle het my raad verontagsaam en elke teregwysing van my geminag. **Julle sal die vrugte van julle optrede pluk**, julle sal van **julle eie planne** walg.*"

~ Spreuke 1:29-31.

God se wet is nie 'n beperkende omheining nie. Dit is 'n veilige omheining.

Die eet van die verbode vrug was simbolies daarvan dat hulle al die leuens wat by daardie boom verkondig is en wat hulle in oorweging geneem het, ook ingeneem het. Deur die sonde is 'n vervalste stelsel van geregtigheid ingeplant wat veroorsaak het dat vrees en veroordeling hul gedagtes regeer. Na hulle gesondig het, het Adam en Eva God in die tuin hoor wandel *"... en die mens en sy vrou het vir Jehova God weggekruip tussen die bome van die tuin." (Gen.3:8)*. Dit is nie God wat Sy aangesig vir hulle verberg het nie, maar Adam en Eva wat hulself vir God verberg het. Hoekom het hulle weggekruip? Adam se woorde aan God was: *"Ek het U hoor wandel in die tuin en **ek het bang geword**, want ek is kaal. Toe het ek weggekruip." (vers 10)*. Waarvoor was hy bang?

Wel, hy het geweet dat God het gesê dat, die dag wat hulle van die verbode vrugte eet, hulle sekerlik sou sterf. Adam en Eva was bang dat God hulle sou kom beskuldig en ter dood veroordeel. Met ander woorde, hulle het gedink God kom om hulle dood te maak. Diegene wat nie glo dat Hy <u>vryelik</u> vergewe nie, sal nie Sy vergifnis en genesing soek nie. Die meeste mense in vandag se

wêreld glo dat ons hemelse Vader 'n streng regter is wie se oë op elke beweging van ons rus, wat gereed staan om te beskuldig en te veroordeel. Maar God het Sy Seun na die wêreld gestuur om vir ons te wys dat Hy NIE die wêreld veroordeel het nie. Inteendeel, Hy is die Een wat ons verlossing en herstel begeer. Luister net na God se reaksie nadat Adam vir Hom gesê het hy het weggekruip omdat hy naak (of, ontbloot) was: *"Hoe het jy te wete gekom dat jy kaal is?" (Gen. 3:11)*. Met ander woorde, God is nie die een wat Adam van sonde beskuldig en veroordeel het, en sy sonde onthul het nie. Die veroordeling kom uit Adam se eie ongeloof in God se vergifnis.

Dit is die vyand, Satan, wat ons veroordeel en beskuldig daarvan dat ons nie God se vergifnis verdien nie. As gevolg van Jesus se lewe, dood, opstanding en hemelvaart het die profeet Johannes 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: *"Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koningskap hier, en die gesag van sy Gesalfde!* ***Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het.****" (Open.12:10, AFR83)*.

Satan het ons denke oor God se karakter verdraai. Baie lewe vandag met die idee dat hul sondes heeltemal te groot is vir God om te vergewe. Nadat Kain sy broer Abel doodgemaak het en God die gevolge van so 'n daad vir hom herhaal het, haal die meeste Bybels hom aan dat hy sê: *"My skuld is te groot om dit te dra." (Gen. 4:13)*. Die Hebreeuse frase beskryf egter sy misverstand van God se vergifnis meer akkuraat: *"My ongeregtigheid is groter as dit wat vergewe kan word."* (Letterlike vertaling). In hierdie wanopvatting van ons hemelse Vader is die gedagte ingebou om *Hom* vir ons smarte te blameer. Bloot deur die feit dat hulle vir Hom "bang" was, het hulle aangedui dat hulle Hom beskuldig en Hom aanskou as 'n Vader wat nie vergewe nie, sodat hulle selfveroordeling op hulself geplaas (weerspieël) het.

> *"**Julle moet nie oordeel nie**, dan sal julle nooit geoordeel word nie. Julle moet nie veroordeel nie, dan sal julle nooit veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word. Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee,* ***want met***

***dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word."*** *~ Lukas 6:37-38.*

Nadat God na hulle gekom het en navraag gedoen het omtrent hulle sonde, het Adam, wat nou deur die vyand besete was, God en sy eie vrou beskuldig deur te sê: *"Die vrou wat U my gegee het om my by te staan, sy het vir my van die boom se vrugte gegee, en ek het geëet..." (Gen. 3:12 AFR83).* Eva het ook die slang blameer deur te sê: *"Die slang het my mislei, en ek het geëet." (vers 13)*. Sy het nie net die slang blameer nie, maar ook vir God wat die slang geskape het. Dit is die veroordelende gees (die natuur) wat ons almal van ons eerste ouers geërf het. In 'n aanlyn preek verduidelik leraar Greg Boyd: "*Oordeel* is wanneer jy waarde aan jouself toeskryf ten koste van 'n ander. Liefde is die teenoorgestelde. Liefde is om waarde toe te skryf aan ander ten koste van onsself. Die kruis is die volmaakte voorbeeld hiervan." Hierdie oordeel (veroordeling) van mekaar is alles veroorsaak deur die invloed van die slang met sy kwaadpratery in die tuin. Nadat Adam en Eva die vrug geëet het, het hulle, nadat hulle gewaarsku is oor die gevolge van sonde, vir die heel eerste keer vrees en angs begin voel en gedink dat God 'n doodsvonnis oor hulle gaan voltrek. Hulle het verkies om hulle aan hulle gevoelens te onderwerp eerder as om vas te hou aan die waarheid van God se eie woord, dat Hy nie verander nie en vir ewig 'n *"barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou"* is.

Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee,
**ek sal geen onheil vrees nie;**
want U is met my:
u stok en u staf dié vertroos my.
Psalm 23:4

Toe Jesus ons geleer het hoe om te bid, het Hy gesê: *"...vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe." (Matt. 6:12)*. Let op dat die vergifnis juis kom terwyl die persoon "skuld" dra teenoor die een wat die vergifnis skenk. Dit is ons Vader se liefde. **Hy vergewe selfs terwyl die persoon teen Hom sondig.**

*"Want U, o Jehova, is GOED en **vergewensgesind** en **groot van goedertierenheid** vir almal wat U aanroep."*

*~ Psalm 86:5 ~*

> *"En as iemand na my woorde luister en nie glo nie, **Ek oordeel hom nie**; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red." ~Joh. 12:47.*

Hier sien ons dat, omdat God "GOED" is, is Hy *"vergewensgesind"* teenoor *"almal wat Hom aanroep."* Dit beteken nie dat Hy slegs diegene vergewe wat Hom aanroep nie. Hy vergewe selfs voordat iemand Hom aanroep. Sy beker van liefde en vergifnis is altyd vol en gereed om uitgeskink te word, *"want die HERE is goed; **sy goedertierenheid is tot in ewigheid**, en sy trou van geslag tot geslag." (Ps. 100:5).* Alreeds wanneer jy Hom aanroep, sal jy vergifnis in Hom vind. Hy skenk dit *"tot in ewigheid"* aan almal.

Die verlossingsplan was nie 'n nagedagte nie. God het nie gesê: "Die mens het gesondig, wat doen ons nou?" Nee, God se plan van verlossing (Sy verbond van genade) was reeds in plek voordat Adam ooit gesondig het. Dit moet so wees. Waarom? Want toe Adam gesondig het, sou hy onmiddellik deur daardie sonde uitgewis gewees het. Maar die feit dat Adam steeds bestaan het, openbaar dat, sodra Adam gesondig het, daar 'n Verlosser in sy plek gestaan het wat ons met Sy eie kosbare bloed verlos het *"wat wel vooruit geken is **voor die grondlegging van die wêreld**, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil" (1 Pet. 1:18-20)*. Op Pinksterdag, 50 dae na Jesus se opstanding, het Petrus verklaar dat *Jesus "deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is." (Handelinge 2:22-24)*.

Jesus het gesê: *"As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg." (Luk. 9:23)*. Dink jy dit is vreemd dat Jesus dit sou sê selfs voordat Hy aan 'n kruis genael is? Hoekom gebruik Hy die woorde "elke dag"? Wil Hy dan hê ons moet "elke dag" 'n kruis van selfverloëning dra terwyl Hy Sy kruis slegs vir 'n paar uur op een dag gedra het, of dalk vir 30 jaar tydens Sy aardse bediening? Kom ons neem in ag dat Johannes sê Jesus is "[die Lam wat geslag is] **van die grondlegging van die wêreld af**". (Open. 13:8 – sien King James Vertaling).[1] Jesaja verklaar:

[1] Die idee dat Jesus met 'n lam wat geslag is, vergelyk word, word in Hoofstuk 6 bespreek.

*“**In al hulle benoudheid was Hy benoud**, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en **Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd**.” ~ Jasaja 63:9.*

Ja, die Seun van God skryf waarde toe aan ander ten koste van Homself deur Sy kruis daagliks vir byna 6 000 jaar te dra. Jesus se kruisdood is 'n openbaring van die lyding, hartseer en pyn wat Hy dra sedert die dag toe sonde in die hart van Satan verwek is. Geagte leser, die dag toe God Adam vergewe het, het Hy die hele mensdom vergewe. Niemand op hierdie ganse planeet kan sê dat God hulle nie vergewe het nie.

*“Julle was dood deurdat julle gesondig het ... God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat **Hy ons al ons sondes vergewe het**. Hy het die skuldbewys [selfveroordeling] met sy [mensgemaakte] eise [dogmas][2] teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem.*
*~ Kolossense 2:13-14, AFR83.*

*“Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees. Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het. **Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe** kragtens die ryke genade van God [se karakter].*
*~ Efesiërs 1:3-7, AFR83.*

*“En Hy is ‘n versoening [vergifnis] vir ons sondes, en **nie alleen vir ons s’n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld**.” ~ 1 Johannes 2:2*

**Niemand op hierdie hele planeet kan sê dat hulle al ooit onder die veroordeling van God gekom het nie.**

---

2 Eise (dogmas): Paulus verwys hier nie na die wet van God, soos baie dit interpreteer nie, maar na die veroordelende gesindheid wat voorkom in die “oorlewering van mense” en “gebooie en leerstellings van mense” soos gevind in godsdienste wat staatmaak op werke. (Kol.2:8,33, Ef.2:15).

God het jou vergewe nog voor jy gebore is en enige sondige dade vanuit jouself gepleeg het. Deur Sy "ewige liefde" het Hy die hele mensdom vergewe, selfs voordat jy daardie vergifnis vra of enige geloof daarin het.

*"**Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het <u>toe ons nog sondaars was</u>**. ... Aangesien ons, **toe ons nog vyande was**, deur die dood van sy Seun met God versoen is, ... maar met die genadegawe [van Christus] is dit anders as met die oortreding [van Adam]. Deur die oortreding van een mens het baie gesterf, maar die genade van God en die gawe wat deur die genade van die een Mens, Jesus Christus, gekom het, is veel oorvloediger aan baie geskenk.... Soos baie deur die ongehoorsaamheid van een mens sondaars geword het, so ook sal baie deur die gehoorsaamheid van die een Mens vrygespreek word." ~ Romeine 5:8,10,15,19 AFR83.*



*"Jesus Christus het gekom om die Vader aan ons te toon. Daar was nooit 'n wese op hierdie aarde wat die sondaar so liefgehad het soos Hy nie, en nooit een wat die sonde so volmaak en volkome verafsku het nie. Sy liefde vir die sondaar was so oneindig soos Sy afsku van die sonde. In Hom word 'n God geopenbaar wat vir ewig en altyd heeltemal onderskeid tref tussen die sondaar en die sonde. Hy verafsku sonde, want dit is die vyand van die sondaar, wie Hy liefhet."*
*~ George E. Fifield (1859-1926)*

Paulus raai ons aan om *"nie verwaand [te] word en **<u>in dieselfde oordeel as die duiwel</u>** [te] val nie." (1 Tim. 3:6).* Johannes sê: ***"As ons hart [gewete] ons veroordeel**, God is meer as ons hart, en Hy weet alles. Geliefdes, as ons hart [gewete] ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God." (1 Joh. 3:20-21)*. Vertrou op ons Vader van liefde wat ter wille van Sy Seun, *"die Lam wat geslag is van die grondlegging van die wêreld af"*, <u>Sy</u> geregtigheid aan jou GEGEE het, want ***"daar is dan nou <u>geen veroordeling</u> vir die wat in Christus Jesus is nie**." (Rom. 8:1)*.

Die sonde wat ons almal tot die dood veroordeel het, is Adam se gees van veroordeling. Rom 5:16-18; Gen 3:12. Ons moet dit oorwin om geskik te wees vir die hemel en die nuwe aarde; ons kan dit doen deur Christus wat poog om aan ons 'n nuwe hart te gee, wat die hart van God, is (Joh. 5:22). Elke keer wanneer ons 'n ander veroordeel, veroordeel ons onsself tot die dood. Dit is 'n ernstige probleem vir diegene met geestelike onderskeidingsvermoë en wat ten volle bewus is van die stryd waardeur ons gaan om ander nie te oordeel nie. Matteus 4 en 5 sit die karakter van God (ook die neergepende wet van God) uiteen. Ons kan goeie werke doen, wonderwerke doen, al die regte dinge doen en steeds die gees van veroordeling koester, wat tot die dood lei. 'n Gees van kritiek en veroordeling veroorsaak dat ons van God en die ewige lewe geskei word.

~ Tina Marie Simon (Montreal, Quebec, Kanada)

Liewe leser, dit is nie nodig dat jy in vrees leef en dink jy staan onder enige veroordeling van God nie. Maak nie saak wat jy in die verlede gedoen het, of wat jy tans doen nie, onthou en glo jy is Sy kind. Hy sal jou NOOIT begeef of jou verlaat nie. Hy sal jou NOOIT skade berokken nie. Jesus het Sy Vader vertrou en geglo toe Hy die woorde gehoor het: *"Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My." (Matt. 3:17 AFR83)*. En Hy het aan daardie geloof vasgehou, selfs toe Satan Hom versoek het deur te sê: *"**As** U die Seun van God is ..." (Matt. 4:3,6)*. Moenie dat Satan jou laat twyfel nie. Glo dat jy 'n kind van God is en dat Sy genade vir jou genoeg is (2 Kor. 12:9).

*"Here, ek het gehoor wat van U vertel is*
*en ek is vervul met ontsag vir wat U gedoen het.*
*Doen dit tog ook in ons tyd,*
*laat u dade ook in ons tyd ervaar word,*
***ontferm U, selfs in u toorn**."*
*~ Habakuk 3:2 AFR83 ~*

*En hy [jy] het opgestaan en na sy [jou] Vader gegaan. En toe hy [jy] **nog ver was**, het sy [jou] Vader hom [jou] gesien en **innig jammer** vir hom [jou] gevoel en gehardloop en hom [jou] omhels en hartlik gesoen en gesê, 'My kosbare kind, [jy] **was dood** en het weer **lewendig** geword; en hy [jy] was verlore en is **gevind**.' En hulle het vrolik geword."*
*Lukas 15 : 20,32*

### 3. Die Verwydering van die Sluier omtrent die Toorn van God

*"Daarom is daar vir jou geen verontskuldiging nie, vir jou, mens wat 'n ander veroordeel, wie jy ook al is. Deurdat jy oor 'n ander 'n oordeel uitspreek,* ***veroordeel jy jouself****, want jy wat veroordeel, doen dieselfde dinge. Ons weet dat God regverdig handel wanneer Hy mense wat sulke dinge doen, veroordeel [hanteer]. Maar jy, mens, wat ander veroordeel wat sulke dinge doen, en jy doen dit self, verbeel jy jou dat jy aan die oordeel van God sal ontkom? God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?* ***Maar deur jou verharding en jou onbekeerlike hart is jy besig om vir jouself straf op te gaar vir die oordeelsdag, wanneer God sy regverdige oordeel sal uitspreek.*** *Hy sal elkeen vergeld volgens sy dade: aan dié wat in goeddoen volhard en op dié manier soek na ewige heerlikheid, eer en onverganklikheid, gee Hy die ewige lewe; maar dié wat uit selfsug ongehoorsaam is aan die waarheid en toegee aan die ongeregtigheid, straf Hy in sy toorn." ~ Romeine 2:1-8, AFR83.*

Die "veroordeling" wat oor "alle mense" is, is die sataniese gees om ander te veroordeel. God begeer om ons juis daarvan te red. Hoekom? Want wanneer jy ander veroordeel, *"veroordeel jy jouself"* en omgekeerd, "straf… vir jouself"; want "*Hy sal elkeen vergeld volgens sy dade*." Hiervan word gepraat as "***God se oordeel***"; want ons het gesien *"self veroordeel die Vader niemand nie" (Joh.5:22)*. Wanneer iemand oordeel uitspreek, veroordeel hy ander (Rom.2:1). God laat egter toe dat jy jouself veroordeel (Rom.2:1) en jouself *"die ewige lewe nie waardig ag nie."* (Hand.13:46; Job 4:8; Luk.19:22; Gal.6:7,8).

*"Dié wat nie sonde bely nie, sal veroordeel word, maar nie deur God nie. Die onbelyde skuld doen die veroordeling!"*
*~ Deane Gilman*

Wanneer dit plaasvind, sien die sondaar dit as 'n daad van God wat hulle oordeel/veroordeel, want dit is presies wat hulle aan ander sou doen. Sonde het ons mislei om te dink dat God ons sal oordeel soos ons ander oordeel. Al wat God egter doen, is om die mens aan sy eie dade oor te

laat. God sal ons nie dwing om Hom te gehoorsaam nie, maar sal die mens toelaat om sy eie weg te volg en te maai wat hulle self gesaai het. Die Skrif sê dit is wat plaasgevind het gedurende die tyd van die sondvloed. Job 22:15-18 (AFR83) sê:

> *"Wil jy op die ou pad hou wat deur sondige mense uitgetrap is? Hulle is weggeruk vóór hulle tyd: die dinge waarop hulle gebou het, is deur 'n stroom meegesleur. Hulle het vir God gesê: '**Laat staan ons**. <u>Wat kan die Almagtige aan ons doen?</u>' " [King James Vertaling: <u>What more can the Almighty do for them</u>?]*

Dit is baie belangrik om die toorn van God te verstaan. Ons moet in ag neem dat God se weë nie ons weë is nie. Daarom moet ons ag slaan daarop dat God se manier om woede te toon totaal verskil van ons manier om toorn en woede te wys. Jakobus 1:20 sê *"die toorn van 'n man bewerk nie die geregtigheid voor God nie."* Dit toon duidelik aan dat die toorn van 'n man nie ooreenstem met die toorn van God nie, want sedert die sondeval ontbreek dit ons aan die heerlikheid van God. Die 1983 Vertaling sê, *"'n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie." (Jak. 1:20, AFR83)*. Hier word aangedui dat menselike woede baie anders is as God se woede. Kom ons kyk na 'n paar Bybelverse omtrent God se "woede" en "toorn" terwyl ons in gedagte hou wat ons reeds geleer het.

Jeremia 33:5 sê, "Hulle kom wel om te veg teen die Chaldeërs, maar dit is om dié *huise* te vul met die lyke van mense wat Ek verslaan het in my **toorn** en in my **grimmigheid** en oor al die boosheid van diegene om **wie Ek my aangesig vir hierdie stad verberg** het." Sondige woede en toorn staan op teen die teenstander om skade aan te rig, maar God se regverdige toorn en woede is om Sy beskermende teenwoordigheid met trane te verwyder. Die vasberade sondaar, wat God wegstuur, sal die natuurlike gevolge van sy eie dade dra. Indien ons aanhoudend Sy liefde teenstaan, sal Hy Hom nie op ons afdwing nie. Indien ons van Hom wegdraai, word ons gekonfronteer met ons eie woede en toorn, wat ons baie kere op God plaas. Hy verdra hierdie beskuldigings uit liefde en genade, vanuit 'n verlange dat ons ons sonde sal herken en terugdraai na Hom, want Hy wag altyd net daar met ope arms. *"O*

*Jehova, God van die leërskare,* ***herstel <u>ons</u>; laat u aangesig skyn****, sodat ons verlos kan word!" (Ps. 80:20)*.

> *Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat,* ***maar met groot ontferminge sal Ek jou vergader****. <u>In 'n uitstorting van toorn het Ek vir 'n oomblik my aangesig vir jou verberg</u>, maar met* ***ewige goedertierenheid ontferm Ek My oor jou****, sê Jehova, jou Verlosser." ~ Jesaja 54:7-8.*

> *"Toe sê Jehova vir Moses: Kyk, jy ontslaap met jou vaders, en hierdie volk sal opstaan, en hulle sal die vreemde gode van die land waarheen hulle gaan, in sy midde agternahoereer* ***en My verlaat*** *en my verbond verbreek wat Ek met hulle gemaak het.* ***Dan sal my toorn op dié dag teen hulle ontvlam****, en* ***Ek sal hulle verlaat*** *en* ***my aangesig vir hulle verberg****, sodat hulle verteer word en baie onheile en node hulle oorkom. Dan sal hulle op dié dag sê: Het hierdie onheile ons nie oorgekom,* ***<u>omdat onse God nie onder ons is nie</u>****? Maar* ***Ek sal*** *op dié dag* ***my aangesig heeltemal verberg*** *weens al die kwaad wat hulle gedoen het; want hulle het na ander gode afgewyk." ~ Deutoronómium 31:16-18.*

> *"****Moet U tog nie vir my verberg nie****, moet my tog nie wegstuur* ***terwyl U toornig [woedend]*** *is nie, want U was nog altyd my hulp. Moet my tog nie verstoot en verlaat nie, want U alleen is die God wat my red." ~ Psalm 27:9, AFR83.*

Wanneer ons hierdie skrifgedeeltes lees, moet ons in gedagte hou dat *sonde* God se aangesig "verberg." God se woede en toorn is wanneer Hy Sy aangesig en teenwoordigheid van die volhardende sondaar "verberg." God se toorn raak NOOIT gewelddadig teenoor die arme sondaar om enige skade te berokken nie.

Baie raak verward oor ons Vader se karakter, omdat die Skrif dikwels lees asof Hy die Een is wat pyn en straf toedien. Ons moet noukeurig aandag gee aan Jesus se raad toe Hy een van die wetsgeleerdes gevra het: *"Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy?" (Lukas 10:26)*. Die vraag self impliseer dat daar baie mense is wat nie mooi verstaan nie, as gevolg van die sluier of bedekking oor hul oë. Byvoorbeeld, hoe lees jy die volgende?

*“En die **toorn van die HERE** het weer teen Israel **ontvlam**, en Hy het Dawid teen hulle aangehits en gesê: Gaan tel Israel en Juda.” ~ 2 Samuel 24:1.*



Die gevolgtrekking waartoe ons kom uit hierdie gedeelte is dat, as gevolg van Sy woede, God die een is wat Dawid beweeg het en vir hom gesê het om die mense te tel. Lees egter die volgende stelling uit 1 Kronieke 21:1 wat na dieselfde aangeleentheid verwys: *“**Satan** was teen Israel. Hy het Dawid aangehits om 'n sensus van Israel te hou.”* (AFR83). Dus, hoe lees jy dit? Sommige mense lees dit as 'n teenstrydigheid en gebruik dit om die Skrif af te kraak, maar wanneer jy die sluier of bedekking verwyder en verstaan wat werklik aangaan, maak dit alles volkome sin. Die “toorn van Jehovah” is die verwydering van Sy beskermende teenwoordigheid wat Satan toegelaat het om in te kom en Dawid uit te lok om die mense te tel. Onthou dat God Sy liefde op niemand sal afdwing nie. Die een wat God se liefde opsetlik weerstaan en verwerp, pleeg uiteindelik so te sê selfmoord; want alle lewe kom van God.

Die Hebreeuse woord vir God se toorn is *aph* wat dieselfde stamwoord is vir Sy lankmoedige (*anaph*) karakter teenoor die sondige mens. Dit beteken 'n *intense swaar asemhaling (verdriet) deur die neusgate*.

**God se toorn = Sy intense verdriet in die wete dat Hy die onbekeerde sondaar sal moet oorgee aan dit wat hy in sy selfsug begeer**

Veronderstel ek het 'n kruik water gehad en het vir jou en 'n vriend van die water aangebied om te drink. Julle hou albei julle drinkglase uit en ek maak jou vriend se glas vol tot bo, maar terwyl ek jou glas volmaak, bedek jy die opening met jou hand en sê, "dis genoeg" wanneer die glas omtrent halfvol is. Vir wie het ek meer water gegee? Natuurlik vir jou vriend, al sou ek met graagte dieselfde hoeveelheid water in albei jul glase gegooi het, maar jy het my verhinder om dit te doen. Vergelyk dit nou met God se liefde. God kan



slegs soveel liefde in jou hart uitstort as wat jy Hom toelaat. Sy liefde word altyd uitgestort, maar jy het die keuse om soveel te blokkeer as wat jy verkies.

Dit is as gevolg van ons gevalle toestand dat die mensdom God se oordeel in 'n negatiewe lig sien. Ons weerspieël ons eie stelsel van geregtigheid op God, maar daar word duidelik vir ons gesê: *"Hy het **geregtigheid** en **reg** lief; die aarde is vol van die **goedertierenheid** van Jehovah." (Ps. 33:5)*. 'n Mens kan daarop wys dat Psalm 89:15 sê, "**Geregtigheid** en <u>reg</u> is die grondslag van u troon;..." en die vers gaan egter voort om God se geregtigheid en reg te definieer deur Hebreeuse parallelisme: "...**goedertierenheid** en <u>trou</u> gaan voor u aangesig uit."

**Dit is duidelik dat die basis van God se geregtigheid GOEDERTIERENHEID is en God se reg is TROU**

> *Jy mag nie onregverdig wees in die regspraak nie. ... **Oordeel regverdig oor jou naaste** ... [hoe?] ... jy moet jou naaste <u>**LIEFHÊ**</u> soos jouself. Ek is Jehova.*
> *~ Levitikus 19:15,18 (AFR83)*

> *"En **Hy self sal die wêreld oordeel in geregtigheid** en die volke vonnis met **reg**." ~ Psalm 9:9*

God se oordeel is nie gebaseer op 'n opgelegde stelsel van wette sodat Hy kwaad is vir JOU omdat jy Sy reëls oortree het sodat Hy jou daarvoor moet straf nie. God se oordeel is gebaseer op 'n stelsel van wette wat ontwerp is, sodat Hy kwaad raak vir SONDE omdat dit die sondaar, vir wie Hy lief is, skade berokken. Kyk na die verse hierbo. Oordeel en geregtigheid gaan hand aan hand, en ons het gesien dat *"Gehoorsaamheid aan God [geregtigheid] lei tot die lewe, dit is 'n pad wat nie*

> *God se oordeel is Sy genadige besluit (verbond) om ons te red uit sonde deur Sy ewige liefde en barmhartigheid.*

*na die dood lei nie." (Spr.12:28).* Die "oordeel" van God bring nooit doodstraf aan die sondaar nie.

> *"Want dit is die wil van God: julle heiligmaking." 1 Thess.4:3. Hy "wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom." 1 Tim.2:4, "…Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit." Ef. 1:11 (AFR83) ..."die reddende genade van God het aan alle mense verskyn." Titus 2:11.*
>
> *God het vir elke mens verlossing bewerk en dit aan hom gegee; maar die meerderheid verwerp dit en gooi dit weg* ***. Die oordeel sal die feit openbaar dat volle verlossing aan elke mens GEGEE is en dat die verlorenes doelbewus hul eersgeboortereg weggegooi het*** *... Dank God vir geseënde hoop! Die seën het oor alle mense gekom … God, wat geen aannemer van persoon is nie, het "ons geseën … met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus." Efe 1:3. Die geskenk is ons s'n om te hou.* ***As iemand nie hierdie seën het nie, is dit omdat hy nie die GESKENK herken het nie, of dit opsetlik weggegooi het****." ~ (Vertaal uit E. J. Waggoner, Glad Tidings, pp. 13,14,66).*

Kan jy sien hoe Jehova in Sy "toorn" die mens met trane oorgee aan die selfsug wat ons saai deur ons toe te laat om die vernietiging daarvan te maai? Toe die Israeliete 40 jaar lank in die woestyn rondgedwaal het, het hulle begin murmureer in afkeuring van die eenvoudige dieet van manna waarmee God hulle gevoed het. Wat het God gedoen? Hy het hulle toegelaat om buite Sy beskermende genade te beweeg, sodat swerms kwartels, in plaas van manna, in die kamp afgekom het. In hulle sondige drange het hulle geëet totdat dit hulle siek gemaak het, selfs met die vleis nog tussen hulle tande. (Num. 11:4,31-35). Wanneer die Skrif sê dat God hierdie gebeurtenis "gestuur" of "veroorsaak" het, gebruik die skrywer 'n algemene Hebreeuse idioom, wat beteken dat Hy hulle "oorgegee het" aan hul **eie begeerte** dat Hy van hulle moet wyk.

> *"[Deur die afwesigheid van Sy teenwordigheid het] Hy die oostewind laat uitbreek aan die hemel en die suidewind deur sy sterkte aangevoer; en Hy het vleis soos stof op hulle laat reën en gevleuelde voëls soos sand aan die seë; en Hy het dit binne-in sy laer laat val, rondom sy wonings. Toe het hulle geëet en ten volle versadig geword,* ***en hulle begeerte het Hy bevredig.***
>
> ~ *Psalm 78:26-29* [woorde in hakies bygevoeg].

In Romeine 1:18 (AFR83) verduidelik Paulus: "*God openbaar vanuit die hemel **sy toorn** oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk."* Dan gaan hy voort, "*Daarom **gee** God hulle aan die drange van hulle harte **oor** en aan sedelike onreinheid*" [vers 24] ... *Daarom **gee God hulle oor** aan skandelike drifte.* [vers 26] ... [*God*] ***gee hulle oor** aan hulle verdraaide opvattings* [vers 28]. 2 Thess. 2:10-11 (AFR83) sê, "hulle [het] nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar nie. Dit is ook waarom God hulle **aan die mag van die dwaling oorgee**, sodat hulle die leuen sal glo." Ja, Jehova het " 'n leuengees in die mond van al hierdie profete van u laat kom [toegelaat]." (1 Kon. 22:23 AFR83).

Toe die Israeliete uiteindelik in hul land was, wou hulle 'n koning oor hulle hê. Hoewel God vantevore vir hulle gesê het: *"Jy moet sekerlik 'n koning oor jou aanstel wat die HERE jou God sal verkies" (Deut. 17:14-20)*, wou hulle eerder iemand hê wat dieselfde eienskappe het *"soos by al die nasies." (Deut.17:14; 1 Sam.8:5-6)*. In reaksie hierop gee God hulle oor aan hulle eie begeerte deur aan die profeet Samuel te sê:

> *"...Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar **My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie**."*
>
> *~ 1 Samuel 8:7.*

Gevolglik het Saul, 'n selfbehepte, bloeddorstige tiran, hulle koning geword (1 Sam.8:11-22). Deur die profeet Hosea het God Hom weer uitgespreek teen Israel se ongeloof en gesê:

> *"**Dit is jou verderf**, o Israel, dat jy teen My, jou helper, is. Waar is nou jou koning, dat hy jou kan verlos in al jou stede? ... **Ek gee jou 'n koning in my toorn, en Ek neem hom weg in my grimmigheid."** ~ Hoséa 13:9-11.*

Toe Israel God as hul opperkoning verwerp het, het hulle onder sy beskermende teenwoordigheid weggestap, wat toegelaat het dat 'n onregmatige koning, wat soos 'n heiden optree, oor hulle kon regeer, <u>*op hul eie versoek*</u>.

Wat presies beteken dit dat God die koning wegneem *"in my grimmigheid"*? In 1 Kronieke hoofstuk 10 word berig *"Saul het gesterwe*

*weens ontrou wat hy teen die HERE begaan het"* (Vers 13). Dan staan daar in die volgende vers: *"Daarom het Hy [God] hom omgebring" (Vers 14)*. Maar, in die lig van die dinge wat ons nou oor God se toorn weet, glo jy werklik dat dit God self was wat gekom het om Saul om te bring? Of kan ons dit dalk beter verstaan deur die bedekking weg te neem? Hoe lees jy dit? Wel, wanneer jy die Skrif toelaat om homself te verduidelik, sien ons dat, terwyl God in trane Sy beskermende genade verwyder het as gevolg van Saul se aanhoudende verwerping, Saul eintlik "homself vernietig het" deur selfmoord te pleeg met sy eie swaard (1 Sam. 31:3-5; 1 Kron. 10:3-5). Diegene wat nie God se liefde weerstaan nie, verklaar egter:

> *"Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg."*
>
> *~ Psalm 139:23-24.*

Kom ons gaan terug na die tuin van Eden en daardie verwarrende, verbode boom. As God nie daardie boom gemaak het nie, sou dit vir die mens moontlik gewees het om God lief te hê soos God liefhet? Vir liefde, om liefde te *wees*, vereis dit dat liefde vrylik gegee word. Vir liefde om vrylik gegee te word, moet ons ook die vryheid hê om *nie* lief te hê nie. Liefde is altyd 'n keuse; liefde kan nie beveel of afgedwing word nie. As God ons eerste ouers kon geskape het en hulle in die tuin geplaas het sonder om 'n tasbare manier te gee waardeur hulle kon gekies het om *nie* lief te hê en Hom *nie* te vertrou nie, sou dit nie vir hulle moontlik gewees het om lief te hê soos God self liefhet nie. Net soos God ons Bron van die lewe is, is Hy ook ons Bron van ware liefde – lewe en liefde is onafskeidbaar. Om na God se beeld geskep te word, gee aan elkeen van ons die potensiaal om 'n liefdevolle vriend vir ons Skepper te word. God het nie die boom van die kennis van goed en kwaad, met die verbod om van sy takke te eet, geplaas as 'n arbitrêre toets van ons gehoorsaamheid aan Hom nie, maar as 'n versekering dat Hy ons vryheid van keuse so hoog waardeer dat Hy bereid was om die risiko te neem dat ons *kon* kies om van Hom af weg te draai. Wanneer ons die rede verstaan waarom God die verbode boom in die tuin geplaas het, sal ons Hom nie daarvan beskuldig dat Hy 'n selfsugtige diktator is nie.

Jay A. Schulberg (*Dade van oons Sagmoedige God*, p.15);
Grand Marais, Minnesota, VSA

God toon ons Sy liefde deur ons goddelose weë en gedagtes te ontbloot. Nie op 'n veroordelende manier nie, maar sodat ons ons sondes sal raaksien en dadelik aan Hom sal bely, sodat ***<u>Hy</u>*** *"regverdig [kan wees] om ons die sondes te* ***VERGEWE*** *en ons van alle ongeregtigheid te* ***REINIG****.". (1 Joh. 1:9*). Die doel van die evangelie (die Goeie Nuus) oor ons liefdevolle Vader is dat Hy ons reinig van die beoefening van alle ongeregtigheid. Onthou, Romeine 1:18 verklaar:

> *"Want* ***die toorn van God*** *word van die hemel af geopenbaar* ***oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid*** *van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk."*

Verstaan jy werklik wat dit sê? God se toorn is NIE teen die mens nie, maar teen die "goddeloosheid" en "ongeregtigheid" van die mens. Dit is hoekom God daarna verlang om ons van alle ongeregtigheid te reinig. Enigeen wat nog moedswillig vashou aan hul liefling-sondes sal vergaan wanneer daardie sondes uit God se heelal uitgeroei word. Jy moet Hom toelaat om jou van sonde te skei. Jy sal jouself net vernietig deur aan sonde vas te klou, want die wet van selfsug lei tot selfvernietiging.

Jou persepsie van wie God is, sal jou eie gedagtes en optrede bepaal. Baie dinge wat omtrent God se karakter in die Skrif geskryf is, kom uit die gevalle mens se persepsie van God. Byvoorbeeld: Die meeste mense het die gesegde gehoor: *"Die Here gee, en die Here neem."* Dit kom uit Job 1:21, maar het jy geweet dit is eintlik Job se *verkeerde* gevolgtrekking oor God? Job het ook gesê God spot met mense (Job 9:22-24); en hy bevraagteken God deur te insinueer dat Hy seën plaas op 'n goddelose se planne (10:3). Hy sien selfs dat God hom soos 'n kwaai leeu jaag (10:16-17,20). Hy word dan so selfveroordeeld dat hy sê: *"Ek moes gewees het of ek daar nie was nie; van die moederskoot af moes ek na die graf gedra gewees het." (10:19).* Toe hy sy misverstande oor God se karakter begin besef het, het hy uitgeroep:

> **Ek het die Here aangeroep en Hy het my geantwoord**,
> Hy het my gered uit alle doodsgevare.
> Dié wat swaar kry, sien op na Hom en straal van blydskap, hulle word nie teleurgestel in hulle verwagting nie.
> ~ Psalm 34:5-6 ~

“Hoeveel is my ongeregtighede en sondes; maak my my oortreding en sonde bekend! ... wat ek nie insien nie, leer Ú my dit; ás ek onreg gedoen het, ek sal dit nie meer doen nie.” ~ Job 13:23; 34:32.

Prys die Vader dat Hy na Job se uitroepe geluister het; nadat sy oë geopen is, het hy bely en in gebed tot bekering gekom:

*“**So het ek dan gespreek sonder om te verstaan**, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie. ... Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien. Daarom herroep ek en het berou in stof en as!” ~ Job 42:3,5,6.*

*“Dit is maklik om mislei te word deur die taal wat deur profete en Bybelskrywers gebruik word, wat God laat lyk na 'n bestraffende, wraaksugtige God wat staatmaak op dreigemente om mense tot onderwerping te intimideer. **Indien ons egter by die kernwaarheid bly, dat die enigste akkurate openbaring van God in Jesus Christus is, kan ons begin sien hoeveel van die Skrif eintlik persepsies van mense oor God weerspieël, terwyl die werklike situasie in Jesus is.** Enige teenstrydighede tussen die twee persepsies, moet altyd deur Jesus se weergawe van God beantwoord word omtrent alles wat blyk te weerspreek wat Hy geopenbaar en gedemonstreer het.” (Vertaal na Afrikaans vanuit Vengeance, deur Floyd Phillips, characterofgod.org).*

Hoekom lyk dit of God soms sy stem met dreigemente verhef? Omdat ons hardnekkige, onkundige kinders is en God bereid is om verkeerd verstaan te word as dit beteken dat Hy verby ons hardkoppigheid sal kom om ons te red van selfvernietiging, net soos enige liefdevolle ouer hul stem sou verhef en op hul kind skree met 'n “dreigende” (onrusbarende) toon indien die kind blindelings, of dalk rebels, na 'n afgrond hardloop.



Nog 'n goeie voorbeeld van God se oordeel en mense wat sonder begrip reageer, is toe *" 'n Kanaänitiese vrou ... aanhoudend [na Jesus] geroep [het]: 'Ontferm U oor my, Here, Seun van Dawid! My dogter is in die mag van 'n bose gees...'* ***Maar Hy het haar niks geantwoord nie.*** *Sy dissipels kom toe by Hom en vra: '**Stuur haar weg, want sy hou aan met skreeu hier agter ons**.'" (Matt. 15:22-23 AFR83)*. As gevolg van Jesus se opsetlike stilswye het die dissipels *aangeneem* dat Hy hulle eie oordeel volg en hulle het hulle eie vooroordeel (veroordeling) teen hierdie nie-Joodse vrou op Hom geprojekteer (vgl. Psalm 50:16-21). Jesus het, om hulle selfsug aan die kaak te stel, vir die vrou gesê: *"Ek is net na die verlore skape van die volk Israel toe gestuur." (vers 24)*. Stel jou net die gedagtes van die dissipels voor wat sê: "Dis reg, Jesus, spreek haar aan!" Toe het die vrou voor Hom gekniel en gesmeek: *"Here, help my!" (vers 25)*. Maar Jesus antwoord: *"Dit is nie mooi om die kinders se brood te vat en vir die hondjies te gooi nie." (vers 26)*. Nou blaas die selfsugtige harte van die Joodse dissipels op van trots terwyl Jesus hul gedagtes weerspieël (Pred. 12:14); want God sê: "Uit jou mond sal ek jou oordeel" (Luk. 19:22; Matt. 19:22; Pred. 12:14). Die vrou antwoord: *"Maar die hondjies eet darem van die krummels wat van hulle base se tafels afval." (vers 27)*. Die dissipels wag gretig vir Jesus se finale woorde van oordeel oor hierdie "heidense hond" terwyl Hy sê: *" 'Mevrou, jou geloof is groot. Jou wens word vervul.' Van daardie oomblik af was die dogter gesond." (vers 28)*. Ja, die Vader was in Jesus en het liefdevol die dissipels se bose harte ontbloot wat "aanvaar" dat Hy oordeel en veroordeel net soos die gevalle sondige mensdom. Hierdie kosbare nie-Joodse vrou was inderdaad een van die verlore skape van die huis van Israel wat Jesus kom loskoop het; want elkeen wat Jesus ontvang, word 'n ware "Israeliet" en 'n erfgenaam "volgens die belofte". (Gal. 3:26-29; Rom. 9:6).

Dus vra ek u: Het u gepraat sonder om God se toorn, oordeel en woede ten volle te verstaan? Het u dalk in u hart gesê:

*"Hoe lank sal U, o HERE, Uself vir altyd verberg,*
***sal u grimmigheid brand soos 'n vuur?"***
*~ Psalm 89:47 ~*

## 4. Ons God is ‘n Verterende Vuur



*“Met dagbreek die derde dag was daar* ***donderslae, weerligte*** *en 'n* ***donker wolk*** *op die berg. Daar was ook die sterk, helder klank van 'n ramshoring. Die hele volk in die kamp het* ***gebewe****. Toe het Moses hulle uit die kamp laat uitgaan om voor God te gaan verskyn, en hulle het by die voet van die berg gaan staan. Die hele Sinaiberg het begin* ***rook*** *toe* ***Jehova in vuur daarheen afkom****; die rook het opgetrek* ***soos die rook van 'n oond****. Die hele berg het ook geweldig geskud, en die geluid van die ramshoring het al hoe harder en harder geword. Moses het gepraat, en God het hom in die donderslae geantwoord. Toe Jehova na die top van Sinaiberg toe afgekom het, het Hy vir Moses na die top van die berg toe geroep. Moses het daarheen opgeklim, en Jehova het vir hom gesê: “Gaan af, waarsku die volk dat hulle nie deurbreek na My, Jehova, toe om na My te kyk nie, want dan sal baie van hulle sterf. Selfs die priesters wat gewoonlik in my teenwoordigheid kom, moet op 'n afstand bly* ***of anders sal Ek hulle laat sterf****.” Moses het die Here geantwoord: “Die volk kan nie Sinaiberg bestyg nie, want U self het ons gewaarsku om 'n grens rondom die berg vas te stel en daarvan af weg te bly.” Toe het Jehova vir hom gesê: “Gaan nou af en kom dan saam met Aäron terug. Die priesters en die volk mag nie deurbreek en opklim na My, Jehova, toe nie,* ***want dan sal Ek hulle laat sterf****.” Moses is toe af na die volk toe om alles vir hulle te gaan sê.”* ~ *Exodus 19:16-25 AFR83.*

Nadat u hierdie gedeelte gelees het, en oor alles wat ons bespreek het, gemediteer het, waarom, veronderstel jy, het Moses gretig op en af met die berg gestap te midde van “donderslae en weerlig”, “rook” en “vuur” terwyl die res van die Israeliete “gebewe” het van vrees? En hoekom het God Moses en Aäron toegelaat om die berg op te klim, maar as enige van die ander probeer het, sou Hy “hulle laat sterf”? Sal ons Vader van liefde hulle werklik skade berokken? In die brief aan die gelowige Hebreërs staan immers geskryf: *“Ons God is ’n verterende vuur.” (Heb.12:29)*. Is dit dalk iets in die mens wat veroorsaak dat hulle God in 'n ander lig sien?

*"En die heerlikheid van Jehova het op die berg Sinai gebly, en die wolk het dit ses dae lank oordek. En op die sewende dag het Hy na Moses geroep uit die wolk. En die verskyning van Jehova se heerlikheid was **in die oë van die kinders van Israel <u>soos</u> 'n verterende vuur** op die top van die berg. En Moses het binne-in die wolk ingegaan en die berg opgeklim. En Moses was op die berg veertig dae en veertig nagte."*

*~ Exodus 24:16-18.*

Hier sien ons dat die heerlikheid van God (Sy karakter) *"soos 'n verterende vuur*" was "*in die oë van die kinders van Israel"*. Soos Adam van ouds, het God in hul vrees-gevulde "*oë*" (hul gedagtes/persepsie) soos 'n verterende vuur verskyn wat gereed was om hulle te verteer. Moses het egter "*binne-in die wolk ingegaan en die berg opgeklim*" sonder om deur enige vuur verteer te word. 'n Paar jaar vantevore het Moses 'n kleiner voorbeeld hiervan gesien toe hy 'n brandende bos gesien het. Die Skrif sê, hoewel die bos gebrand het, is dit nie verteer nie:



*"Daarop verskyn die Engel van Jehova aan hom **in 'n vuurvlam** uit 'n doringbos. En toe hy weer sien, **brand die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie**! En Moses sê: Laat ek tog nader gaan en hierdie groot verskynsel bekyk, **waarom die doringbos nie verbrand nie**. Toe Jehova sien dat hy nuuskierig nader kom, roep Jehova na hom uit die doringbos en sê: Moses! Moses! En hy antwoord: Hier is ek." ~ Exodus 3:2-4.*

Moses se vraag was "waarom die doringbos nie verbrand nie." Wat het gemaak dat die doringbos klaarblyklik vuurvas was?

In die boek Daniël lees ons van die koning van Babilon wat 'n goue beeld van homself opgerig het en almal beveel het om in eerbied daarvoor te buig. Let op die straf vir ongehoorsaamheid: *"…hy wat nie neerval en aanbid nie, [moet] binne-in die brandende vuuroond gegooi word." (Dan. 3:11)*. Op die vasgestelde aanbiddingsuur het koning Nebukadnesar egter die berigte

ontvang dat drie Hebreeuse gevangenes - Hanánja, Misael en Asarja (ook bekend onder hulle Babiloniese name as gevangenes: Sadrag, Mesag en Abednégo) nie gebuig en die beeld aaanbid het nie (vers 12). Hulle is dadelik voor die koning gebring, en hy het hulle gevra: *"Is dit met opset, Sadrag, Mesag en Abednego, dat julle my gode nie dien nie, en die goue beeld wat ek opgerig het, nie aanbid nie? ... as julle nie aanbid nie, sal julle oombliklik binne-in die* ***brandende vuuroond*** *gegooi word, en wie is die God wat julle uit my hand kan verlos?" (vers 14-15).*

Die drie Hebreërs is gebind en in die vuuroond gegooi wat "*sewe maal warmer*" gemaak is as wat dit gewoonlik was (Dan. 3:19-21). "*Omdat dan nou die woord van die koning streng en die oond uitermate verhit was, het die vlam van die vuur* ***daardie manne wat Sadrag, Mesag en Abednégo opgeneem het, doodgebrand****." (vers 22).* **Die koning se eie manne is deur die vlamme doodgebrand**. Dit is egter nie die geval vir die drie getroue Hebreërs nie. Die Skrif sê dat koning Nebukadnesar in die oond gekyk het en gesê het: *"Kyk, ek sien vier manne los binne-in die vuur wandel sonder dat daar 'n letsel aan hulle is;* ***en die voorkoms van die vierde lyk soos dié van 'n godeseun [die Seun van God]!****" (vers 25, Sien KJV).*

Hierna het die koning die vier Hebreërs uitgeroep:

> *"'Toe het Nebukadnesar na die bek van die brandende oond toe gekom en geroep: "Sadrag, Mesag en Abednego, dienaars van die allerhoogste God, kom uit hierheen!" En Sadrag, Mesag en Abednego het uit die oond uitgekom. Toe die goewerneurs-generaal, die goewerneurs, die administrateurs en die raadgewers van die koning nader kom, sien hulle aan die manne* ***dat die vuur niks aan hulle liggame kon doen nie, dat hulle hare op hulle koppe nie eens geskroei was nie en dat hulle klere niks makeer nie; jy kon nie eens ruik dat hulle in die vuur was nie.****" ~ Daniël 3:26-27, AFR83.*

Die drie Hebreeuse slawe was in die vuuroond, maar is nie verteer nie. Slegs die toue wat hulle vasgebind het is deur die vuuroond verteer, asook die koning se eie soldate wat hulle in die oond gegooi het. Wat het die verskil gemaak?

*"Ek gaan nou ingryp, sê die Here, Ek gaan optree, Ek gaan my mag laat geld. Al wat julle voortbring, is strooi, al wat julle oplewer, is kaf, en* ***julle asem [julle gees] is die vuur waardeur julle verteer sal word****. Die volke gaan 'n kalkbrandery word, hulle gaan aan die brand gesteek word soos afgekapte doringbosse. Julle daar ver, hoor wat Ek gedoen het, julle hier naby, erken my mag." ~ Jesaja 33:10-13, AFR83.*

Diegene "*daar ver*" beskou Jehovah as 'n vuur wat gereed is om alle sondaars te straf, en tog word hulle verteer deur hul eie selfsugtige lewenstyl. Dit is omdat sonde nie in die teenwoordigheid van God kan woon nie. Diegene wat aan sonde vashou, sal soos "*strooi*" wees en saam met hul sonde *verteer* word. Waarom is die drie Hebreërs nie deur die vuur verteer nie? Omdat die Seun van God, in wie hulle volkome geloof gehad het, in hulle midde was. Sal die "*verterende vuur*" jou in jou sondes verteer of sal jy toelaat dat dit jou VAN sonde REINIG? Let op hoe Jesaja dieselfde idee uitbrei...

*"...* ***Wie van ons kan woon by 'n verterende vuur, wie van ons kan woon by 'n ewige gloed? Hy wat in geregtigheid wandel*** *en spreek wat reg is, wat gewin deur afpersinge versmaad, wat sy hande uitskud om geen omkoopgeskenk aan te gryp nie, wat sy oor toestop om van geen bloedskuld te hoor nie, en sy oë sluit om wat sleg is, nie te sien nie." ~ Jesaja 33:14-15, AOV.*

Neem noukeurig kennis dat dit die een is "*wat in geregtigheid wandel*" wat "*kan woon by 'n verterende vuur*" en "*kan woon by 'n ewige gloed*". Dit is diegene wat Jesus Christus as hul Verlosser aangeneem het, en aanspraak maak op SY geregtigheid as hul eie, wat vir ewig in "*die vuur*" sal lewe – nie die onbekeerde mense nie, soos oor die algemeen (verkeerdelik) verkondig word. Die profeet Johannes het geskryf: "*En die* ***dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp****. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die* ***poel van vuur*** *gewerp.*" (Open. 20:14-15). Baie mense verkondig dat die hel die poel van vuur is waarheen al die bose mense gaan, maar aangesien "die doderyk" [die hel] in "die poel van vuur" gewerp word, dan moet dit verskillende dinge wees.

Die doderyk of hel is ‘n toestand van skeiding van Jehovah. Die Hebreeuse woord is *sheol* en in die Skrif verwys dit na die graf of die stof van die aarde. In die *King James*-weergawe van die Bybel word dit 31 keer as “*grave*” [graf] vertaal, 31 keer as “hell” [hel] en ses keer as “*pit*” [put].

Psalm 9:18 sê: “*Die goddelose sal teruggaan na die doderyk...*” Die Hebreeuse werkwoord wat gebruik word vir “*teruggaan*” word egter vertaal as *“agteruitwyk*” in vers 4. Vers 18 sê dus letterlik dat die goddelose “*sal agteruitwyk*” na die hel. Hoe gebeur dit dat hulle “teruggaan” na die doderyk, of hel? Ons kan 'n duidelike vergelyking sien wanneer ons 'n ander vers lees wat vir ons vertel wat by die dood gebeur: “*Sy gees gaan uit, **hy keer terug na sy aarde [stof, die mense se oorsprong] toe**; op daardie dag is dit met sy planne gedaan.*” (Ps. 146:4). By die dood ontbind ons liggame terug tot stof (die aarde) en ons gedagtes (ons intellek/wese/planne) vergaan. Die mens keer terug na die hel/*sheol* (die graf) waar hy onbewustelik op sy opstanding wag.

Jy mag onthou dat ons in die vorige hoofstuk gesien het dat Job wou sterf. Luister na sy woorde, soos opgeteken in die Afrikaanse 1933/53 vertaling: “*Ag, as U my maar **in die doderyk wou wegsteek**, my wou verberg totdat u toorn bedaar het, my ‘n bepaalde tyd wou stel en dan aan my wou dink!” (Job 14:13)*. Die Hebreeuse woord wat hier as “doderyk” vertaal word, is *sheol* wat, soos ons gesien het, as “hel” vertaal kan word. Trouens, die Douay-Bybelvertaling vertaal dit soos volg: “*Wie sal my dit gun, dat U my **in die hel kan beskerm** en my kan verberg totdat u toorn verbygaan*?” (Vry vertaal.) Hy plaas sy vertroue in die Almagtige wat sy lewe sal bewaar terwyl hy begrawe is en nie sal toelaat dat hy totale, of ewige, vernietiging sien nie. Sy hoop is in die opstanding wanneer hy “*op die laaste dag*” uit die hel verlos sal word (Joh. 6:39-40, 44,54)—“*Die dood en die doderyk* [die graf] *het die dode gegee wat daarin was*. ” (Open. 20:13).

Ek is seker dit is vir jou vreemd dat Job begeer het om in die *hel* teen al sy lyding “beskerm” te word. Ons is so verblind en mislei deur te glo dat die “hel” 'n “poel van vuur” is waar ons Vader van liefde al die mense wat Hom

nie liefhet nie, vir ewige marteling werp. Glo jy regtig dat 'n Vader van liefde sou sê, "jy moet jou vyande liefhê" en dan Sy eie vyande martel?

In die beskrywing van die lot van diegene wat God se liefdevolle genade verwerp, sê die Boek Openbaring: "... vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp... en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid." (Open.20:9-10)[3] Sommige vertalings gebruik die woord "gefolter" in plaas van "pyniging". Maar ons moet onsself afvra of dit 'n God van liefde beskryf? Sommige sê dit is omdat God Sy mense so liefhet dat Hy die aarde verlos van al ons vyande wat sonde versprei. Dit, sê hulle, is God se geregtigheid. Maar weereens, is dit 'n korrekte opsomming van ons Vader van liefde wat altyd *"goedertieren oor die ondankbares en slegtes" is (Luk. 6:35)*? Boonop sê die Skrif: *"Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want* ***die vrees sluit straf in****, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie." (1 Joh. 4:18)*. Dit is "vrees" wat pyniging veroorsaak, nie God nie.

Die Griekse woord vir "gepynig" in Openbaring 20:10 is *bansanizo* wat beteken: "Om die suiwerheid van metale soos goud en silwer te toets deur dit op 'n toetssteen (of keursteen) te vryf." Die "vuur" word metafories gebruik om 'n mens se reinheid of geskiktheid vir die koninkryk van God te toets.

> *"Elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit* ***deur vuur openbaar gemaak word****; en* ***die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is****. As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal*

[3] Die Griekse woord wat as "swawel" vertaal word, is *theion* wat van die woord *theos* kom en "goddelikheid" beteken. Dit kan as "goddelike wierook" of "heilige vuur" vertaal word, want dit is die vuur van God se reinigende teenwoordigheid. In Open. 14:9-11 staan daar: *"die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid."* Rook is wat oorbly nadat iets verbrand is. Dit is simbolies van die herinnering aan hoe sonde sulke hartseer en vernietiging veroorsaak het. Dit sal nooit vergeet word nie, dus die rede waarom *"die benoudheid nie twee maal sal opkom nie." (Nah. 1:9).* Vir meer inligting oor hierdie onderwerp, lees gerus die boek, *Verterende Vuur*, gratis beskikbaar op *vadervanliefde.com.*

*hy loon ontvang; as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur **vuur** heen." ~ 1 Korinthiërs 3:13-15.*

*"Geliefdes, verbaas julle nie oor die **vuurgloed van vervolging** onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie; maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus, moet julle bly wees, sodat julle ook by die openbaring van sy heerlikheid [Sy karakter] met blydskap kan jubel." ~ 1 Petrus 4:12-13.*

> *"Onvoorwaardelike liefde (Agape Liefde) **sal ons nooit straf of seermaak nie**. Dit stel eerder sagkens reg. Dit hou aan om ons lief te hê, selfs wanneer ons nie minsaam is nie. Dit is hoe God **elkeen van ons** liefhet!*
>
> *~ Stephanie G. Cox*

Let op dat sommige hul verbly oor die vuurgloed, terwyl ander dit sal vrees. Diegene wat bly is, sal nie "pyniging" ly wanneer die heerlikheid (karakter) van God ten volle geopenbaar word nie, sodat hulle, "as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is." (1 Joh. 3:2-3). Die "pyniging" wat die verlorenes sal ervaar, is geestelike angs wat veroorsaak word deur hulle weiering om hulle te bekeer, wat dan selfveroordeling vererger.

*"Daarom word al die hande slap, en **elke mensehart versmelt**; en hulle is verskrik, kry krampe en weë; hulle krimp inmekaar soos een wat baar; die een kyk die ander verbaas aan; **hulle gesigte is vlammende gesigte**."*

*~ Jesaja 13:7-8.*

*"Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. **Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai;** maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai. ~ Galasiërs 6:7-8.*

Dit is die teenwoordigheid van 'n heilige God wat hierdie vurige "pyniging" in die ongelowige sal meebring. God werp NIE vurige weerligstrale na diegene wat Hom nie liefhet nie. Hulle eie skuld en selfveroordeling pynig hulle en sal hulle hele wese verteer. Die verterende vuur wat diegene doodmaak wat weerstand bied, is nie 'n gewone vuur wat brand nie. Let op na die geval van

Nadab en Abihu, in Levitikus 10:1-5. Die vuur wat hulle tot as verteer, kom nadat die dwalende siel gesterf het. God verbrand nie mense lewendig nie.

**Wat verteer 'n leuen? WAARHEID en REG;**
**Wat verteer selfsug? LIEFDE en GENADE**

In my eie ervaring het ek gesien dat slegs die ware liefde van God my hart kan verander en my ware sekerheid en doel in die lewe kan gee. Toe ek deur 'n baie ernstige lewenskrisis gegaan het, is al my waardes, al my doelwitte, alles waarvoor ek geleef het, verpletter en vernietig, en my verhouding met God is ernstig getoets. Is Hy nog lief vir my, selfs toe dit gelyk het of alles in my lewe verpletter was, toe ek geteister was deur die gevoel dat ek heeltemal misluk het, en niks van my eie werke kon bring om Hom te behaag nie? In hierdie donker vallei het Hy my enigste hoop gebly, my enigste toevlug. Ek het gebid, ek het gesmeek, ek het gepoog om Sy liefde en sorg waarlik te verstaan en te ervaar; en sagkens, teer en geduldig het Hy vir my 'n dieper begrip van Sy Agapé-liefde gegee, wat oorvloedig vergewe, oorvloedig selfopofferend is, oorvloedig geduldig is. en nooit uitgeput kan word nie. Waarlik, ons "God is lig, en geen duisternis is in Hom nie." (1 Johannes 1:5). Waarlik, "Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde." (1 Johannes 4:8). Hy het my gered en my voete op 'n vaste rots geplaas, Hy het my 'n nuwe lewe gegee, selfs 'n geleentheid om vir Hom te werk in die bediening, en ek dank en loof Hom.

~ Jutta Deisel (Perleberg, Duitsland)

Dit is die *vernietiging* wat ewig is. Slegs diegene wat "*glo*" sal die "*ewige lewe*" ontvang en nie soos die ongelowiges "*verlore gaan*" nie (Joh. 3:16). Die goddeloses sal die ewige *"dood"* ontvang (Rom. 6:23), nie 'n ewige lewe terwyl hulle in angs skreeu nie. Die goddeloses *"is nie meer nie"* (Spr. 10:25; Ps. 37:10). Die Psalmdigter sê hulle sal *"verdwyn" of "omkom"* (Ps. 37:20). Hulle sal *"uitgeroei" en "verdelg"* word (Ps. 37:28,34,38). Soos Sodom en Gomorra, wat deur *"ewige vuur"* vernietig is, sal hulle vir ewig tot stof ("as") terugkeer (Judas 7; 2 Pet. 2:6; Mal. 4:1,3). En omdat ons siel nie 'n aparte

entiteit as ons wese is nie (Gen. 2:7; KJV), sê God, *"die siel wat sondig, dié moet sterwe." (Eség. 18:20)*. Dit alles omdat hulle hul liefdevolle Vader wegstoot en buite Sy jurisdiksie wegdwaal; want Hy sal nie geweld gebruik of met ons vrye keuse inmeng nie. *"...deur die vuur van my grimmigheid het Ek hulle verteer; [hoe?] **hulle wandel het Ek op hulle hoof laat neerkom**…" (Eség.22:31)*. God se vurige toorn is om die verlorenes (diegene wat Sy liefde weerstaan) toe te laat om **hulself** te vernietig.

In die eerste hoofstuk van Job sien ons hoe Satan beskuldigings rondslinger dat Job slegs vir God volg omdat God 'n beskerming om hom geplaas het. Hy daag God uit deur te sê, *"Maar raak nou net aan sy besittings en kyk of hy U nie in u gesig vervloek nie." (Vers 11, AFR83).* Let op na vers 12: *"Toe sê die Here vir die Satan: 'Alles wat hy het, gee Ek in **jou mag** oor. Net aan hom self mag jy nie raak nie.' Die Satan het daarna van die Here af weggegaan."*

Hou die bewoording wat ons hier het in gedagte. Satan sê vir God: "*Raak nou net aan sy besittings.*" Daarna sien ons dat dit in werklikheid Satan is wat vir Job al die probleme veroorsaak. In plaas daarvan om Job se besittings aan te raak, verwyder God Sy beskermende hand en laat Satan toe om toe te slaan en sê: "*Alles wat hy het, gee Ek in jou mag oor*" en die enigste mag wat Satan vertoon is gewelddadige mag, vernietiging en boosheid. Let egter op wanneer 'n boodskapper in vers 16 kom om vir Job te rapporteer ...

> ***"Die vuur van God het van die hemel geval** en gebrand onder die kleinvee en onder die dienaars, en dit het hulle **verteer**; en net ek alleen het ontvlug..."*

Dit is amper dieselfde bewoording wat ons in Openbaring 20 vind. Let op hoe Job se boodskapper die vernietigende vuur verkeerdelik vertolk as direk van God af, maar al wat God gedoen het, is om Sy beskermende hand te onttrek.

Regdeur die Skrif gebruik God baiemaal historiese gebeure en tirannieke leiers om die ware aard van Satan en sy koninkryk te illustreer. 'n Paar van

hierdie gevalle het ons vroeër kortliks op bl. 16 aangaande Jesaja hoofstuk 14 en Eségiël hoofstuk 28 nagespeur. Let op hoe Eségiël aanhoudend nuwe insigte gee in die val van Satan, wanneeer God verklaar:

> *"...Ek het jou [Satan] gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is. ... daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die* ***vurige gesteentes*** *uit vernietig, ... daarom het Ek* ***'n vuur uit jou binneste laat uitgaan****; dit het jou <u>verteer</u>, en Ek het jou tot <u>as</u> gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het." ~ Eségiël 28:14-18.*

Dit is 'n grootse toneel. Wat is hierdie "vurige gesteentes"? *"Jehova het gekom van Sinai ... en gekom van heilige tienduisende af; aan sy regterhand was* ***vlammende vuur ['n vurige wet]*** *vir hulle." (Deut. 33:2, Sien KJV)*. Die "vurige gesteentes" is die Tien Gebooie. Voor sy val het Satan in die weg van God se beskermende, vurige wet gewandel. Hy was *"volkome … totdat daar ongeregtigheid [wetteloosheid] in jou gevind is."* Dit is hierdie skuldgevoelens en selfveroordeling wat 'n skrikwekkende *"vuur uit die binneste"* van hom en al sy volgelinge sal aansteek.

Hou ook in gedagte dat God duidelik gesê het: "Ek sal jou afdrywe...", "Ek sal jou vernietig ...", "Ek sal 'n vuur laat uitgaan...", "Ek sal jou tot as maak ..." Maar hoe lees ons dit? Weereens is God se antwoord dat Hy die onbekeerde mense sal toelaat om mekaar te vernietig:

> *"...Omdat jy jou hart gemaak het soos die hart van 'n god, daarom, kyk, Ek bring* ***<u>vreemdes</u>*** *oor jou, die geweldigste nasies, en* ***<u>hulle</u>*** *sal* ***<u>hul</u> swaarde*** *trek teen die skoonheid wat jou wysheid verwerf het, en jou glans ontheilig. In die kuil sal* ***<u>hulle</u>*** *jou laat neerdaal, en jy sal in die hart van die seë die bittere dood sterwe van een wat verslaan is... Jy sal die dood van onbesnedenes sterwe,* ***deur die hand van <u>vreemdes</u>****..." ~ Eség. 28:6-8,10.*

Dit hang af van hoe jou hart en gemoed in Sy teenwoordigheid reageer. Sal dit vrees en veroordeling wees, of geloof en aanvaarding om op Sy ewige liefde en barmhartigheid te vertrou? 'n Goeie voorbeeld hiervan word in Exodus 9:12 gevind waar ons lees: *"Maar Jehovah het Farao se hart verhard"*, maar in vers 34 sê dit Farao het *"nog verder gesondig en sy hart verhard".*

Wel, wie was dit wat die hart van Farao verhard het? God of Farao self? Dit hang alles af van hoe jy daarna kyk. Charles Spurgeon het eenkeer gesê: “Dieselfde son wat was smelt, verhard klei. En dieselfde Evangelie wat sommige mense tot bekering laat smelt, verhard andere in hulle sondes.” Is dit nou die son wat dit doen of is dit die bestanddele in die was en klei wat op die son reageer? Die sondige hart van Farao is verhard deur die manier waarop hy op 'n regverdige God gereageer het. *“‘n Man van onreg is vir die regverdiges ‘n gruwel, en vir die goddelose is die opregte van wandel ‘n gruwel.” (Spr. 29:27).*

In Openbaring hoofstuk 11 lees ons van “twee getuies” wat vir God sal profeteer (vers 3). God sê: *“As iemand hulle wil beskadig, gaan daar **vuur** uit hulle mond en **verslind** hulle vyande.” (vers 5).* Johannes sien in Openbaring wat God voorheen vir Jeremia gesê het: *“...Kyk, Ek maak **my woorde in jou mond ‘n vuur** en hierdie volk hout, en dit sal hulle **verteer**.” (Jer. 5:14).* Die *“twee getuies”* verteenwoordig God se woord (Joh. 5:39; Matt. 24:14). Johannes sê dan dat die twee getuies vir 'n kort rukkie doodgemaak sal word en *“Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle ... omdat dié twee profete die bewoners van die aarde **gepynig** het.” (Open 11:10).*[4] Bring hierdie twee getuies fisiese pyn en marteling aan diegene wat hul woorde verwerp? Nee. Die pyniging is geestelike angs van selfveroordeling. Die woorde en lewenstyl van diegene wat die Gees van Jesus toelaat om daardeur te lewe, is 'n voortdurende teregwysing vir diegene wat weerstand bied; want Jesus is *“die Woord van God”* in die vlees (Joh. 1:1,14).

*“Want ons is ‘n aangename geur van Christus tot eer van God onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan; vir die laaste [die wat verlore gaan] ‘n reuk van die dood tot die dood, maar vir die eerste [die wat gered word] ‘n*

[4] Ons doen hier nie ‘n uitgebreide bespreking van die “twee getuies” nie. Ons volstaan deur te sê dat hierdie twee getuies nie twee letterlike mense is wat aan die einde van tyd op die toneel verskyn nie, maar eerder die twee groot getuies van God se liefde is wat in beide die Ou en Nuwe Testamente gevind word. Die Tora is niks anders as die beliggaming van die evangelie nie; die evangelie is die Tora ten volle geopenbaar. Die Tora is die groot boomwortels en die evangelie is die soet bloeisels en vrug wat die boom dra. (Gal.3:8-9; Matt.3:11). Dit is nie Jesus wat ons oordeel nie, maar “die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.” (Joh.12:47-48).

*reuk van die lewe tot die lewe. ~ 2 Korinthiërs 2:15-16. (sien ook 2 Korinthiërs 3:6).*

*"Is **My Woord** nie soos 'n **vuur**, spreek die HERE, en soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel nie?'*
*~ Jeremia 23:29 ~*

Hierdie siele-marteling, vanuit die hart van klip, sal wat genoem word "stres-geïnduseerde kardiomiopatie" bring, soos in die geval van Ananias en Saffira nadat hul onbeleide skuld en sonde blootgelê is (sien Handelinge 5:1-11). Jesus het aangedui dat mense se harte van vrees sal beswyk (Sien Lukas 21:26).

*"Ja, hulle [die onbekeerde mense, nie God nie] het hul hart [selfsugtige begeertes] gemaak soos 'n oond in hul arglistigheid; die ganse nag deur slaap hulle bakker, in die môre vroeg **brand dit** [hul harte] **soos 'n vuurvlam**." ~ Hoséa 7:6.*

*"En **dit is die oordeel**: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos. **Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie**, dat sy werke nie bestraf mag word nie. **Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig,** sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is." ~ John 3:19-21*

Satan het die wêreld mislei om te dink dat die plek waar jy nie wil wees nie, die plek is van *"verterende vuur"* en "*ewige verbranding*", wat in werklikheid God se teenwoordigheid is. Indien jy jou verenig met Christus, sal jy beklee word met Sy vuurvaste "*mantel van geregtigheid*" (Jes. 61:10); want "*Hy sal julle doop met die Heilige Gees **en met vuur***." (Luk. 3:16). Alle sonde wat jou bind, sal verteer word en nie 'n haar op jou hoof sal geskroei word nie. "*Want U het ons getoets, o God, U het ons gelouter soos 'n mens silwer louter." (Ps.66:10).* Laat ons soos Moses alles verwyder wat tussen ons en ons Vader van liefde staan (Exodus 3:5) en met blink gesigte (34:29-35) onaangeraak deur die vuur stap as "*die brandende doringbos*" en groei in genade *"sodat hulle genoem kan word **terebinte [bome] van geregtigheid**, 'n planting van Jehova, tot sy verheerliking." (Jes. 61:3).*



God se lig [Sy waarheid] ontbloot alles wat verborge is - dit is die oordeel. Vir diegene wat kies om gewilliglik na Sy lig te kom, is die lig genesend en bring dit herstel. Tog, vir diegene wat die lig weerstaan en verafsku, lyk dit dreigend en angswekkend. Dit is wat ons moet verstaan terwyl ons die Skrif lees – ons moet dit lees met 'n waardering van die ware karakter van God volgens Jesus se openbaring van Hom ... "Die hemel self het verdwyn soos 'n boekrol wat opgerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke geskud... Hulle [die onbekeerde mense] het vir die berge en die kranse gesê: "Val op ons en bedek ons vir die oë van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam. Die groot dag waarop Hulle die oordeel sal voltrek, het aangebreek, en wie sal staande kan bly?" (Openbaring 6:12-17 AFR83). Let op die reaksie van almal wat die waarheid oor God verwerp en eerder die leuens, dat Hy die tweegesig is wat Satan Hom afmaak, omhels. By Jesus se wederkoms word almal, wat die waarheid dat God alleenlik liefde en lig is en geen duistere sy het nie, verwerp het, oorgelaat aan die enigste ander opsie – dat God in werklikheid is soos wat Satan beweer. **Om sulke leuens egter te glo, bring altyd reaksies van verskrikking**, aangesien ons [verkeerdelik] oortuig is van wat hierdie wraaksugtige God sal doen aan almal wat Sy eise teëstaan. **Dit is sulke leuens oor God wat agter alle vrees skuil,** en daarom is dit van kardinale belang dat ons 'n liefde vir die waarheid ontvang, sodat ons vrymoedigheid in die oordeel kan hê, in plaas van verskrikking, wanneer ons 'n liefdevolle, sagmoedige Lam [Jesus] ontmoet. Verskrikking aangebring deur 'n onskuldige Lam is die toonbeeld van 'n geestesongesteldheid, wat presies is wat sonde bring. ~ Floyd Phillips (Knox, Indiana, VSA).

Ten tyde van die skryf van hierdie boek is Australië geskok deur die aaklige moorde op 'n inwoner van Brisbane, Hannah Clarke en haar kinders. Haar man het gereeld verklaar dat hy lief is vir sy gesin. Maar toe sy vrou nie gedoen het wat hy wou nie en hom ná jare se beheer en manipulasie verlaat het, het sy jaloerse liefde veroorsaak dat hy sy hele gesin omgebring het deur hulle dood te brand. Dit gaan 'n mens se verstand te bowe, 'n onuitspreeklik

verskriklike misdaad vir 'n pa om sy gesin dood te brand. En tog is dit presies wat in kerke aangaande ons hemelse Vader oor die hele wêreld verkondig word.

In die hoogsaangeskrewe preek getiteld, *Sinners in the Hand of an Angry God*, sê Jonathan Edwards (1703-1758): “Die God wat jou oor die hel hou, net soos ’n mens ’n spinnekop of een of ander afskuwelike insek oor die vuur hou, het 'n afsku van jou en word verskriklik uitgetart. Sy toorn oor jou brand soos vuur; hy beskou jou as niks meer as waardig om in die vuur gewerp te word nie. Hy is te rein om jou voor sy oë te verdra; jy is tienduisend keer meer gruwelik in sy oë as die mees haatlike, giftige slang vir ons is.” In 'n ander preek waarsku Edwards:

> “...die toorn van God sal ongemeng oor die goddelose uitgestort word. Stel jou voor dat jy in 'n vuuroond gegooi word ... hoe sou jou hart ineenkrimp as jy weet dat jy dit vir ewig en altyd moet verdra! Dat daar geen einde sou wees nie! Dat **jou pyniging na miljoene en miljoene eeue nie nader aan 'n einde sou wees nie, en dat jy nooit, nooit verlos moet word nie. Maar jou pyniging in die hel sal geweldig baie groter wees as wat hierdie illustrasie voorstel.**”

John Whitaker (1783-1866) het die helse vuur beskryf deur te sê: “Die liggame van die verdoemdes sal almal met vuur gesout word, meer gehard om steeds feller te brand, en nogtans nooit verteer nie.” En Johan Gerhard (1582-1637) het verkondig: “... die Geseëndes sal hulle vriende en naasbestaandes onder die verdoemdes so dikwels hulle wil kan sien, maar sonder die minste deernis.” Dan lees ons van Richard Baxter (1615-1691):

“Is dit nie 'n verskriklike ding vir 'n ellendige siel, wanneer dit vir ewig in die vlamme van die hel sal lê en brul, en **die God van barmhartigheid self sal vir hulle lag** ... God sal met hulle spot in plaas van verligting bring; wanneer niemand in die hemel of op die aarde hulle kan help nie, behalwe God, en **Hy sal bly wees oor hulle in hul rampspoed**.”

***Dit is hartseer dat sulke dinge geglo word***

Met hierdie in gedagte, hoe lees jy die volgende:

*“Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe:* ***Aan My kom die wraak toe****, Ek sal vergeld, spreek Jehova.”*

*~ Romans 12:19 ~*

**5. “Aan My kom die wraak toe!” spreek die Here**




Ons stelsel van reg, oordeel, toorn en wraak is 'n weerspieëling van Satan se koninkryk van sonde en duisternis. God se reg, oordeel, toorn en wraak weerspieël Sy koninkryk van lig en geregtigheid. Ons neem wraak op “die slegte ou” deur die een of ander soort straf toe te dien, soos gesien kan word in die menigte gewelddadige aksie-flieks, bv. die trefferfliek “Taken”. In dié fliek is die dogter van Bryan Mills (gespeel deur Liam Neeson) ontvoer. Mills los 'n telefoonboodskap aan die ontvoerders, waarin hy sê: “Ek weet nie wie jy is nie. Ek weet nie wat jy wil hê nie. As jy losprys soek, kan ek vir jou sê ek het nie geld nie ... maar wat ek wel het, is 'n baie spesifieke stel vaardighede. Vaardighede wat ek oor 'n baie lang loopbaan opgedoen het. Vaardighede wat my 'n nagmerrie maak vir mense soos jy. As jy my dogter nou laat gaan, sal dit die einde hiervan wees—ek sal jou nie opsoek nie, ek sal jou nie agtervolg nie … maar as jy dit nie doen nie, sal ek jou soek, ek sal jou kry … en ek sal jou doodmaak...”

God se wraak is egter om al die sonde – die selfsugtige “slegte ou” – in ons te verteer en ons weer met Hom te herstel. Paulus verwys na hierdie “slegte ou” as ons “ou mens”, ons “sondige mens”, ons selfsug:

> *“Ons weet tog dat **die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is**, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word.” ~ Romeine 6:6 AFR83.*

Die manier waarop God wraak neem op die goddeloosHEID en ongeregtigHEID van die mens is om ons weg te keer van sonde. Deur alle sonde uit ons doen en late te verwyder, sal Hy ons van vyand tot vriend verander. Dit is hoe God aan Satan (die een wat die losprys vra) “straf

toedien” —Hy sal die losprys van die dood betaal en ons uit die vyand se greep red. In 'n artikel op *characterofgod.org* skryf Floyd Phillips:

“Wraak omvat 'n groter dimensie as net toorn wat bloot behels dat die aangesig weggekeer word van diegene wat God se beskerming in hul lewens verwerp. **Wraak sluit God se weergawe van geregtigheid in - wat altyd herstel bring, nie straf nie**. So is wraak dan 'n vreemde manier waarop God, om ons eie uitdrukkings te gebruik, met Sy vyande 'gelykbreek' - **deur al die vloeke wat deur sonde en selfsug in ons lewens gebring is, om te keer**. Deur God se geregtigheid **neem Hy wraak, óf deur Sy vyande oor te wen en hulle in vriende te verander, óf om diegene wat aanhoudend Sy aanbiedinge van liefde, genade en barmhartigheid weier, teësinnig oor te laat aan die gevolge van hul eie keuses.**

“Dit beteken nie Hy verander wie Hy werklik is nie; Hy doen dit nooit nie. Wat dit beteken, is dat, wanneer daar geen verdere moontlikheid in ons oor is om op Sy goedhartigheid te reageer nie, Hy Sy beskerming van ons lewe onttrek ter wille van ons vryheid van keuse, omdat ons keuses dit vereis het. **Enige ander optrede sal beteken dat Hy Sy wil op ons afdwing**, wat in werklikheid net ons vermoë om op Sy liefde te reageer sou vernietig. ... **God sal nooit tevrede wees met enigiets minder as vriendskap gebaseer op liefde deur waardering van Sy skoonheid van karakter nie**. Dit is onmoontlik om vriendskap te bevorder wanneer daar dreigemente van vergelding is sodra jy verkies om te onttrek. **Ware liefde vereis volkome vryheid om dit te verwerp, sonder enige dreigement van straf indien 'n mens kies om te onttrek**. Dit is die kern van die aard van God se regering.

“… **God se wraak is dan wanneer Sy reputasie verdedig word wanneer lig gewerp word op al die leuens oor Hom, sodat die leuenaar in onguns gebring word**. Dit is God se oordeel. Al die leuens wat insinueer dat God 'n donker kant het, dat God hom tot geweld, dreigemente, vrees, intimidasie of selfs misleiding moet wend om die mag van die bose te oorkom – alles moet as bedrieglik en ongegrond ontbloot word. Al die laster teen God se reputasie moet duidelik gesien word vir wat dit werklik is, sodat vertroue in God en Sy weë vir ewig gevestig kan word, sonder enige voortslepende vrees om dit te besoedel. … Daarom ‘*As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, <u>maak jy hom vuurrooi van skaamte</u>. Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die*

> *"**Liefde** is sterk soos die dood ... sy gloed is 'n **gloed van vuur, 'n vlam** van Jehova."*
>
> *~ Hooglied 8:6*

*kwaad deur die goeie.' (Rom.12:20-21, AFR83).* **Wanneer die bose uiteindelik heeltemal vernietig word deur die goeie, word God se wraak voltrek.** Slegs as ons bereid is om die onthutsende waarheid te omhels dat Jesus die eksklusiewe openbaring van God en Sy weë is, en **dat God geensins meer gewelddadig of dreigend of vergeldend is as wat Jesus was tydens Sy aardse bediening nie** – eers dan kan ons met nuwe oë en met ons harte begin sien, dat **die manier waarop God wraak neem en Sy vyande vernietig, is deur wat by Sy mond uitkom.** Wanneer God praat, kom dit wat in Sy hart is, by Sy mond uit, en dit is LIEFDE en slegs LIEFDE."

Let op hoe Jesaja God se wraak in die Messias definieer:

*"Die Gees van Jehova is op My, omdat Jehova My gesalf het **om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges**; Hy het My gestuur **om te verbind die gebrokenes van hart**, **om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep** en **vir die geboeides opening van die gevangenis**; om uit te roep 'n jaar van die welbehae van Jehova en 'n dag van die **<u>WRAAK</u>** van onse God; **om al die treurendes te troos.**"*

*~ Jesaja 61:1-2. (sien ook Lukas 4:16-21).*

**God se wraak is:**

- Om 'n blye boodskap (die evangelie) aan die ootmoediges te bring.
- Om die gebrokenes van hart te verbind.
- Vrylating vir die gevangenes in sonde.
- Opening van gevangenes vir geboeides (in verwarrende leuens van Satan).
- Troos vir die treurendes.

> *Die Here is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees.*
> *~ Psalm 34:19 ~*

Kan jy in die volgende God se wraak sien:

*"Daarom spreek die Here HERE van die leërskare, die Magtige van Israel: o Wee, Ek sal vir My voldoening verskaf van my teëstanders en **My wreek op my vyande**! En Ek sal my hand teen jou uitstrek en **jou skuim soos met loog UITSUIWER en al jou looddele [onreinhede] wegneem**. En **Ek sal jou WEER***

> ***regters [diegene met regverdige onderskeidingsvermoë] GEE soos vroeër*** *en raadsmanne soos* ***in die begin****...”*
>
> *~ Jesaja 1:24-26*

Satan het die hele wêreld mislei dat dit ons Vader van liefde is wat al Sy vyande self doodmaak. Die meeste sien God se wraak as God se woede wat tot 'n kookpunt kom, wanneer Sy geduld opraak, as Hy hulle almal Sy wraak laat ontvang deur hulle lewendig in ‘n vuur te gooi terwyl hulle skree van pyn en angs in ’n eindelose marteling. **Indien God regtig sondaars wou martel, sou Hy hulle dwing om in Sy koninkryk te lewe; want die koninkryk van God sou marteling wees vir almal wat sonde liefhet**.

Toe Jesus ‘n dorpie van die Samaritane op pad na Jerusalem ingegaan het, het die Samaritane alles wat met Hom te doene het, verwerp. As gevolg hiervan het Jakobus en Johannes hul stem verhef en gesê: *“Here, wil U hê ons moet sê dat vuur uit die hemel afdaal en hulle verteer…?” (Luk. 9:54).* Hulle het verwys na die voorval wat in 1 Konings 18 opgeteken is toe Elia, nadat vuur uit die hemel neergedaal het, al die profete van Baäl met die swaard gedood het; en ook na 2 Konings hoofstukke 1 en 2 wanneer Elia vuur uit die hemel roep om sy vyande te verteer. Maar let op Jesus se reaksie op Sy dissipels se vraag, *“Maar Hy draai Hom om en* ***bestraf hulle*** *en sê: Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie; want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red. En hulle het na ‘n ander dorp vertrek.” (vers 55,56, AOV).*

Hoekom lyk dit of dit aanvaarbaar was toe Elia dit gedoen het, maar nie toe die dissipels dit gedoen het nie? Of openbaar die teregwysing van Jesus aan Sy dissipels hul misverstand van die ou verhaal van Elia? Kan dit wees dat Elia, van wie Jakobus sê, hy “was 'n mens net soos ons” (Jak. 5:17), ook die verkeerde gees teen sy vyande aan die dag gelê het? Elia het immers ook skuldig gevoel oor die gebruik van die swaard en geweld:

> *“Maar self het hy [Elia] ‘n dagreis ver die woestyn ingegaan en daar onder ‘n besembos gaan sit en gewens dat hy mag sterwe. En hy sê: Dit is genoeg, neem nou my siel weg, Jehova, want* ***ek is nie beter as my vaders nie****.”*
>
> *~ 1 Konings 19:4.*

'n Bietjie later het God Elia se ywer aangespreek:

*"En Hy sê: Gaan uit en staan op die berg voor die aangesig van Jehova. En kyk, Jehova het verbygegaan, terwyl 'n groot en sterk wind die berge skeur en die rotse verbreek voor Jehova uit;* ***in die wind was Jehova nie****. En ná die wind 'n aardbewing;* ***in die aardbewing was Jehova nie****. En ná die aardbewing 'n vuur;* ***in die vuur was Jehova nie****. En ná die vuur die gesuis van 'n sagte koelte."*

*~ 1 Konings 19:11-12.*

Te midde van al die rampe soos oorloë, stryde, winde, aardbewings en vuur, roep God in die "sagte koelte" na Sy volk. Hy is NIE die oorsaak van hierdie dinge nie, al spreek ons versekeringsmaatskappye sulke rampe aan as 'n "daad van God". God laat Sy engele *"op die vier hoeke van die aarde ... staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie." (Open. 7:1).* Die stem van 'n ander engel word gehoor wat vir die vier engele sê: *"Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie." (Vers 3)*. Dit sal nie God se engele wees wat die skade bring nie. Die skade kom deur die winde (stryd) nadat dit losgelaat is, aangesien Satan weet dat elke mens op aarde binnekort hul finale keuse tussen lewe of dood moet maak.

Hoekom moet ons verseël word? *"Want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" (Open. 6:17)*. Niemand sal kan standhou wat Christus gewilliglik in hulle midde gekruisig het nie (Heb.6:4-6). Dit is hoekom daar 'n oënskynlike vertraging in Sy koms is; want *"Hy is lankmoedig oor ons* ***en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie****, maar dat almal tot bekering moet kom." (2 Pet. 3:9). "...Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe." (Eség. 33:11).*

*"Bind die* ***getuienis*** *toe; verseël die* ***Wet*** *[My karakter] in die hart van my leerlinge." ~ Jesaja 8:16*

Die woorde liefde en vergifnis dra verskillende betekenisse vir verskillende mense. Ek is grootgemaak in die geloof dat God Liefde is (1 Johannes 4:8,9). Daarmee saam was daar egter die leerstelling dat God die goddeloses aan die einde met onblusbare vuur sal vernietig. Al het ek nooit as jongmens die twee gedagtes in my kop verbind nie, het dit 'n diep impak gehad op die manier waarop ek met ander omgegaan het. Dit het nooit by my opgekom dat ek die woord Liefde sou moes herdefinieer om massa-uitwissing te akkommodeer nie. Om hierdie as 'n liefdesdaad te beskryf, vereis 'n oombliklike vernietiging sonder pyn. Die analogie wat verskaf word, is om 'n beseerde dier menslik te behandel. Dit was nie op kognitiewe vlak gekommunikeer nie, maar in nadenke oor my verlede, het ek besef dat dit my gelaat het sonder geduld teenoor ander, net soos die geduld van God, in my denke, 'n beperking vir die goddelose gehad het. Ek het intussen baie mooi waarhede oor die liefde en vergifnis van God geleer, veral dat daar absoluut geen beperking is op Sy geduld, genade of liefde nie. Hy repsekteer die vryheid van elke siel, en as Hy weggestoot word, sal Hy nie wraakneem nie, maar toelaat dat die dwalende kind 'n reis wat hulle gekies het, aanpak, terwyl Hy altyd teenwoordig bly om hulle te verlos, indien moontlik. Dit het my verhoudings met ander verander, sodat ek aan ander bied wat my God my elke dag bied, naamlik liefde en vergifnis met geduld wat nooit verander nie, en dit het groot vrede in my lewe gebring. ~Ruben Olschewski (Brisbane, Queensland, Australië)

Daar is 'n ander een wat gee in hierdie wêreld. Nie 'n gewer van lewe nie, maar een wat die dood bring. Een wat ons insig in die Skrif, wat die Vader se liefde openbaar, verdraai. In Ex. 12:12 lees ons*: "Want Ek [God] sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, Jehova."* Hoe lees jy dit? Met 'n oppervlakkige lees blyk dit asof God 'n vernietigende, kwaai Vader is wat Sy kinders mishandel. Kom ons kyk egter nou na Ex. 12:23:

*"Want Jehova sal deurtrek om die Egiptenaars swaar te tref. Maar wanneer Hy die bloed sien aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte, sal Jehova by*

*die deur verbygaan en **die verderwer** nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie."*

God is nie die een wat die vernietiging bring nie. Hy is die Een wat Sy mense teen "die verderwer" beskerm.

Paulus raai ons aan: *"En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom." (1 Kor.10:10)*. Hier verwys Paulus na die tyd toe **slange** die volk van Israel begin vergiftig het terwyl hulle deur die woestyn op pad na die beloofde land rondgedwaal het (sien Num. 21). Die Griekse woord hier vir "verderwer" is *olothreutés* wat "**giftige slang**" beteken. Weereens, wie is hierdie "verderwer"? In Númeri 21:6 staan daar: *"Toe stuur Jehova **giftige slange** onder die volk wat die volk gebyt het; en baie mense uit Israel het gesterwe."* Waarom impliseer dit dat Jehovah die een is wat die slange "gestuur" het? Werk die Verderwer en Jehovah saam? Nooit nie.

*"Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want **watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid**, en **watter gemeenskap het die lig met die duisternis?**... Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem." ~ 2 Korinthiërs 6:14,17.*

In Deuteronomium 8:15 lees ons dat God die volk Israel *"deur die groot en vreeslike woestyn gelei het, <u>deur giftige slange</u> en skerpioene en 'n dorsland sonder water"*. God het hulle teen die slange, wat reeds daar was, beskerm. Hy het nie 'n klomp slange bymekaargemaak soos die Rottevanger van Hamelen en hulle gelei om die volk te vernietig nie. Die mense wat teen God gemurmureer het, het hul ongeloof in Sy beskermende sorg geopenbaar (Deut. 29:2-5). Dit het ons Vader bedroef, en, *deur hul eie keuse*, het hulle 'n opening in God se beskermende muur/wet gemaak. Deur onder Sy beskermende hand uit te beweeg, het dit die weg oopgemaak vir die slange om hulle te byt, want *"...een wat 'n muur afbreek, 'n slang kan hom byt." (Pred. 10:8).* Dieselfde geld vir diegene wat Sy beskerming by hul deurkosyne verwerp het (sien Exodus 12). Hulle het Christus geestelik gekruisig, *"die **Eersgeborene** van die hele skepping" (Kol. 1:15)*, wat beteken dat Hy die Een is deur wie God alle dinge geskape het (verse 16-17).

Johannes vertel ons dat Christus nie net in Jerusalem gekruisig is nie, maar ook *"geestelik"* in *"Sodom en Egipte"* gekruisig is *(Open. 11:8).* So het hul verwerping van Christus (die Eersgeborene van die hele skepping) op hulle teruggekeer en die weg oopgemaak vir die vernietigende bose engel om al hulle **eersgebore** seuns dood te maak. Ja, die mens se *"geweld kom op sy skedel neer." (Ps. 7:17).*

> *"[Deur Sy afwesigheid] het Hy die gloed van sy toorn onder hulle gestuur, grimmigheid en woede en benoudheid, 'n uitsending ['n loslating] van* ***ongeluksbodes*** *[****bose engele*** *– sien King James Vertaling]." ~ Psalm 78:49. (Woorde in hakies is bygevoeg).*

Openbaring 9:11 praat van *"die engel van die afgrond"* wat *"Abáddon"* en *"Apóllion"* genoem word. Hierdie naam beteken *"Verderwer."* In vers 1 word genoem dat dit hierdie engel is wat *"uit die hemel op die aarde"* geval het, en *aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee"*. Dit is duidelik dat hierdie engel die gevalle engel is wat bekend staan as *"die ou* ***slang*** *wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp." (Open. 12:9)*. Dit is Satan wat die bron van alle vernietiging is. Let op hoe Petrus plegtig waarsku: *"Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind." (1 Pet. 5:8).* En Jesus (die uitdruklike beeld van die Vader se wese) het gesê: "Die Seun van die mens het **nie gekom om** die mense se lewe **te verderf nie**, maar <u>te red</u>" (Luk. 9:56). Dan sê Hy ook:

> *"****Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes****. <u>Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.</u>*
> *Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape."   ~ Joh. 10:10-11*

Jesus het gesê dat die laaste dae sal wees soos in die dae van Noag net voor die vloed (Luk. 17:26). In Genesis hoofstuk 6 lees ons, "*Toe Jehova sien dat die* ***boosheid van die mens op die aarde groot*** *was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink,*

> En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die ware God te ken; en ons is in die ware God, in sy Seun, Jesus Christus.
>
> **Hy is die ware God en die ewige lewe.**
>
> ~ 1 Joh.5:20 ~

*altyddeur net sleg was ...* ***Die aarde was ook verdorwe*** *voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld. Toe sien God die aarde aan, en— dit was verdorwe, want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe.” (Vers 5,11-12).* Let op dat, as gevolg van die korrupsie van die mens, is die aarde *self* ook korrup en vol geweld. Sonde het alle mense, diere, lug en land beïnvloed (sien Rom. 8:22). *“Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die wette [die Tora] oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek.” (Jes. 24:5)*. Hoséa bring hierdie beginsel na vore deur te sê: *“Want hulle saai wind, maar hulle sal storm maai.” (Hos. 8:7)*. Die aarde self, wat ook korrup en vol geweld was, was die oorsaak van die gewelddadige sondvloed, omdat dit die mens se ongeregtigheid aan hulle weerspieël het:

> *“So het die land dan onrein geword; en Ek besoek sy ongeregtigheid daaraan [God laat toe dat die effek van sonde uitspeel],* ***sodat die land sy inwoners uitspuug****. Maar júlle moet my insettinge en my verordeninge onderhou en niks van al hierdie gruwels doen nie ...* ***Laat die land julle dan nie uitspuug*** *as julle dit verontreinig nie,* ***soos dit die nasie uitgespuug het wat daar voor julle was****.*
>
> *~ Levítikus 18:25-28 (woorde in hakies ingeveog)*

Tydens die vloed het God hier op die aarde die “ongeregtigheid van die vaders besoek.” As gevolg van die vinnige tempo waarteen die mens die Gees van God verwerp het, het God, in Sy voorkennis, gewaarsku dat die komende vloed binne 120 jaar sou gebeur (Gen. 6:3). Die Gees van God het deur Noag vir 120 jaar lank by die mens gepleit om hulle te bekeer en in die ark te klim. Petrus verduidelik dat Jesus in die dae van Noag ‘n dood gesterf het wat soortgelyk was aan Sy kruisdood, omdat mense die influisterings van Sy liefdevolle en vergewensgesinde Gees verwerp en verdrink het. (1 Pet. 3:18-20). Net soos die woedende skare duidende jare later uitgeroep het, “Kruisig Hom!” het die wat tydens die vloed gelewe het, die lewe verwerp deur te sê *“Bly ver van ons af!” (sien Job 22:15-17)*. Het God gevolglik so kwaad geword dat Hy wraak geneem het deur hulle almal dood te maak? Is dit dan geregtigheid? Nee. Die Skrif sê duidelik: ***“Die onheil maak die goddelose dood****; en die wat die regverdige haat, moet daarvoor boet.” (Ps. 34:22)*. Hulle het hulself vernietig:

> *“Die geregtigheid van die regskapene maak sy weg gelyk, maar* ***die goddelose val deur sy goddeloosheid****. Die geregtigheid van die opregtes red*

*hulle, maar* ***deur hulle eie begeerlikheid word die ontroues gevang****... 'n Man wat 'n weldaad bewys, doen goed aan sy eie siel, maar* ***'n wreedaard pynig sy eie vlees****... Ware geregtigheid lei tot die lewe, maar* ***hy wat die kwaad najaag, jaag na sy dood****... Daar is een wat ruim uitdeel en nog meer kry, en* ***een wat terughou meer as wat reg is, maar tot sy gebrek****... Wie die goeie nastreef, soek wat welgevallig is; maar* ***hy wat die kwaad soek, oor hom sal dit kom. Wie op sy rykdom vertrou, dié sal val****; maar die* ***regverdiges sal soos blare uitspruit. Wie sy huis in beroering bring, sal wind erwe, en 'n dwaas word 'n slaaf van hom wat wys van hart is****." ~ Spreuke 11:5,6,17,24,27-29.*

***Genade is regverdig, want genade is om die regte ding te doen.***

Wat is God se geregtigheid (oordeel)? Jesaja 30:18, AFR83: "Tog is die Here gretig **om julle genadig te wees en wil Hy Hom oor julle ontferm**. <u>Die Here is 'n God wat reg laat geskied (oordeel)</u>, en dit gaan goed met elkeen wat op Hom vertrou." God se oordeel is om genadig en ontfermend te wees. Esegiël 45:9, AFR83: "So sê die Here my God: 'Julle het nou ver genoeg gegaan, regeerders van Israel. **Laat staan die geweld en verdrukking**, <u>laat reg geskied en doen reg</u>, hou op om my volk se eiendom vir julle te vat,' sê die Here my God." Weereens pas God oordeel toe deur dinge reg te stel, om die geweld te beëindig, nie deur geweld op ander toe te pas nie. Die onreg is om ander te belieg, besteel en mishandel. "Oordeel"/"reg" is daarom om mense goed te behandel, om mense te hanteer soos God dit sou doen. **Om "reg te verskaf" in die Ou Testament beteken nie om straf toe te pas nie, maar om genesing en versoening te bring**. Oordeel/reg beteken om dinge reg te stel deur die onreg te korrigeer. <u>Oordeel is daarom 'n uitdrukkking van genade. Dit is genade in aksie</u>. Hierdie genade in aksie word in Spreuke beskryf as 'n weg wat ons moet volg: Dit is die weg van die lewe. Spreuke 8:20: "Ek wandel op die weg van geregtigheid, in die middel van die paaie van reg." Spreuke 2:8-9: "...deurdat Hy die paaie van die reg bewaak en die weg van sy gunsgenote bewaar; dan sal jy geregtigheid en reg verstaan en regverdigheid—elke goeie pad." **Wat is die pad van geregtigheid/oordeel? Dit is om dinge reg te stel deur deernisvolle ingryping in die wêreld."**

~ Adam Pearce (Sydney, New South Wales, Australië)

Baie mense is verward oor die liefde van God wanneer hulle lees van Sy opdragte om die inwoners van ander lande, insluitend vroue en kinders, te "vernietig". Sommige probeer dit verdedig deur te sê dat die mense wat vermoor word soos 'n kanker uitgesny word om Sy volk te red. Maar dit sou beteken dat God gewillig is dat sommige vergaan, terwyl ons net die teenoorgestelde lees (sien 2 Pet. 3:9). Die opdrag om te "vernietig" is 'n weerspieëling van ons harte en karakter. God ontbloot die sondes van Sy belydende mense net soveel as die ongelowiges s'n. Hy laat toe dat sonde die sonde vernietig.

Hier volg 'n paar paragrawe uit die boek *Kruis-Belewenis Ondersoek die Kruis*, deur Adrian Ebens:

> "Daar is 'n paar plekke in die Bybel waar God opdrag gee om die mense te gee wat hulle vra. Kyk na die volgende voorbeeld: "Die HERE het vir Moses gesê: Stuur manne om Kanaän, wat Ek aan Israeliete sal gee, te verken. Uuit elke voorvaderlike stam moet jy een stuur wat 'n leier onder hulle is." Númeri 13:1,2, AFR83.
>
> "As u hierdie teks in die onmiddellike konteks lees, blyk dit dat God wou hê dat Israel die land Kanaän sou verken. Iets anders kom na vore wanneer ons die breër konteks in ag neem "Julle almal het toe na my toe gekom en gevra ons moet manne voor ons uit stuur dat hulle die land vir ons kan verken en ons kan kom inlig oor die pad wat ons moet vat en oor die stede waarheen ons op pad is." Deuteronomium 1:22, AFR83.
>
> "Dit was Israel wat die land wou verken, dus het God opdrag gegee dat dit gedoen word. Waarom doen God dit? "Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak; en hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword." Romeine 5:20, AFR83.
>
> "Die eerste ding wat God doen wanneer iemand sonde in sy hart het, is om die sonde aan daardie een uit te wys. Die menslike hart het die vermoë om homself te mislei. Wanneer ons buite die wil van God beweeg, sal God opdrag gee om ons begeerte uit te voer, sodat die oortredings nog meer gemaak word, sodat ons die sonde daarin kan herken. Hy doen egter nie hierdie dinge sonder die geleentheid vir daardie een om te sien dat dit verkeerd is nie. Die opdragte word deur die mens gelees asof dit die wil van God is, want die mens is blind vir sy eie sondigheid. Hulle verkies om dit te glo, want dit laat God lyk soos een van

hulle en dit regverdig hulle sonde." (Leraar Adrian Ebens*, Kruis-Belewenis Ondersoek die Kruis,* bl. 30,31*).*

In Psalm 50:16-21 maak God 'n lys van bose dade wat mense aan ander doen en sê dan*: "Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? Jy dink Ek is net soos jy!"* Die gevalle mens neem aan dat God soos hulle optree en Sy vyande met afsku, boosheid en vernietiging behandel. God sê, Hy het "geswyg" (sien Ps.50:21 KJV), wat beteken dat Hy altyd genadiglik ons ongeregtighede dra. In plaas dat die mens glo ons is na God se heilige en onselfsugtige beeld en gelykenis geskape (Gen.1:26), draai ons dit om om 'n god te skep na ons onheilige en selfsugtige beeld en gelykenis. Die Psalmdigter het geskryf: *"by die reine [betoon U Uself] rein; maar by die valse betoon U Uself verkeerd." (Ps.18:27).*

> ***God se wraak:***
> *"Ek wil 'n einde maak aan julle afdwaling."*
> *~ Jeremia 3:22*

Jesus het gesê, *"Ek en die Vader is een." (Joh.10:30);* en 700 jaar voor die Messias se geboorte het Jesaja van Jesus gespreek deur te sê, *"Hy [het] geen onreg [violence* – sien King James Vertaling*] gedoen nie." (Jes.53:9).* Anders as Satan, wat vol geweld is (Eség.28:16), is daar géén geweld in ons Vader van liefde nie. Johannes sê om soos Christus te lewe is om "*niemand geweld aan [te] doen nie." (Lukas 3:14).*

Diegene wat die denke van Christus het, sal God se groot genade en liefde sien, omdat God soos Christus is, maar vir diegene wat onbekeerde denke met betrekking tot God se weë het, sal Hy korrup voorkom, omdat Hy soos hulle sal voorkom. Dit word geïllustreer in Johannes 12:28-29, wanneer die Vader met Sy Seun praat en sommige gedink het dit was 'n *"donderslag"* terwyl ander gesê het: *"'n Engel het met Hom gespreek." (Sien ook Dan. 10:5-7).* Dit was die geval by die berg Sinai. Die mense het bang geword by die aanhoor van die donderslae, maar Moses het opgegaan om na die sagte fluisterstem te luister. En so sal dit weer aan die einde die geval wees. Die meeste sal in vrees wegkruip, want hulle ervaar 'n aardbewing, hulle hoor donderslae en sien weerlig en vuur (Joël 2:1-10). Maar diegene wie se lewe in hulle Verlosser verborge is, sal uitroep:

*"**Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het**, dat Hy ons kan verlos; dit is Jehova op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor sy hulp."*
*~ Jesaja 25:9.*

Ons moet die vraag stel, wat is *"die vrees van Jehova"?*

*"Die Engel van Jehova trek 'n laer rondom **die wat Hom vrees**, en red hulle uit." ~ Psalm 34:8.*

Aangesien *"volmaakte liefde die vrees buite dryf"*, hoekom moet ons God vrees? Kom ons laat die Psalmis toe om sy denke te voltooi, om waarlik die "vrees" van God te definieer:

*"Smaak en sien dat Jehova GOED is; welgeluksalig is die man wat by Hom **skuil**! Vrees Jehova, o sy heiliges, want **die wat Hom vrees, het geen gebrek nie**." ~ Psalms 34:9-10.*

Geregtelike vrees van God is om ten volle op Hom te vertrou. Die Psalmis gaan voort:

*"Kom, kinders, luister na my; ek wil julle **die vrees van Jehova** leer. Wie is die man wat **lus het in die lewe**, wat dae liefhet om **die goeie** te sien? <u>Bewaar jou tong vir wat verkeerd is</u>, en <u>jou lippe dat hulle nie bedrog spreek nie</u>. Wyk af van wat verkeerd is, en doen wat goed is; **soek die vrede** en jaag dit na."*
*~ Psalm 34:12-15*

Om "Jehova te vrees" is om "af te wyk van die kwaad" (Spreuke 3:7)

*"**Die vrees van Jehova is om te haat wat sleg is**; hoogmoed en trotsheid en 'n slegte wandel en 'n huigelagtige mond haat ek." ~ Spreuke 8:13.*

Om die sondige hart en verstand van mense te transformeer om werklik "te haat [teen te staan] wat sleg is", om alle simpatie te onttrek van die duiwel, sonde en 'n lewe van selfsug, is God se wraak. Om God te vrees, is

om al jou vertroue (geloof) in Hom te plaas omdat jy geproe het en *"sien dat Jehovah GOED is."*[5]

Wanneer ons werklik bekeer is, sal ons begeerte na Hom wees uit onselfsugtige liefde en nie omdat ons enige sogenaamde straf vrees of een of ander beloning verlang nie. Ons sal ons hemelse Vader so eerbiedig dat ons 'n vrees sal dra om Hom seer te maak en Hom nooit in die steek wil laat nie. Deur die Gees van Jesus wat in en deur jou lewe, sal jy saam met Hom verklaar: *"uit Myself doen Ek niks nie ... die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is." (Joh. 8:28,29).*

*"Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van Jehova is wysheid; en* ***om van die kwaad af te wyk****, is verstand."*

*~ Job 28:28*

Sodra God vrygespreek is om Sy vergifnis toe te pas, sal Hy ons lei op *"die ewige weg."* Sy liefde sal ons tot die punt bring dat, as ons onreg gedoen het, ons "dit nie meer [sal] doen nie" (Job 34:32). Hierdie reiniging van alle ongeregtigheid, wat ons bemagtig om soos Hy te lewe, sal eer aan ons Vader van liefde bring en Sy naam herstel van die valse beskuldigings wat deur die "vader van leuens" aangehits word. Die regverdiging van Sy karakter is die eindresultaat van Sy oordeel. In hierdie laaste dae sal ons "die ewige evangelie" van God se liefde aan die hele wêreld verkondig (Open. 14:6), deur te sê: "*Vrees God en gee Hom heerlikheid, want* ***die uur van Sy oordeel het gekom****." (Open. 14:7).* Dit is nou tyd vir "Sy" oordeel waarin Hy (God) "regverdig" en "rein" gevind sal word.

*"Was my heeltemal van my ongeregtigheid en* ***reinig my*** *van my sonde. Want* ***ék ken my oortredinge****, en my sonde is altyddeur voor my. Teen U*

[5] In die AOV van Matt. 10:28 lees ons die woorde van Jesus: "En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel." Die aanname is dat God die "Hom" is wat gevrees moet word "wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel." Die woord "Hom" word egter glad nie in die Griekse manuskrip aangetref nie en die woord "wat" kan ook vertaal word as "dinge wat", soos dit in Matt. 15:18, 20; 22:21 voorkom. Dit kan ook lees: "vrees daardie dinge [sondige genietinge] wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel".

*alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë,* ***sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou.****" ~ Psalm 51:4-6.*

## Volg die Hebreeuse Parallelisme

**1.**

*"En Ek sal die* ***koningstrone omverwerp*** *en* ***die mag*** *van die heidense koninkryke* ***verdelg****; en* ***Ek sal*** *die strydwaens en die wat daarop ry,* ***omverwerp****, en die perde en hulle ruiters sal val..."*
*~ Haggai 2:22a, AOV*

Hoe sal God hierdie dinge doen?

*… die een* ***deur die swaard van die ander****." ~ Vers 22b*

**2.**

*"Jehova het Hom bekend gemaak; Hy het strafgerig geoefen…" ~ Ps. 9:17a*

Hoe het God strafgerig geoefen (of reg laat geskied)?

*"Die heidene het gesink in die kuil wat <u>hulle</u> gemaak het; hulle voet is gevang in die net wat <u>hulle</u> gespan het…* ***die goddelose is verstrik in die werk van <u>sy</u> hande****."*
*verse 16,17b*

**3.**

*"Ek wil Jehova prys omdat* ***Hy reg laat geskied****…" ~ Ps. 7:18, AFR83*

Hoe laat God reg geskied?

*"Die skuldige is soos iemand wat swanger geraak het van onreg, swanger is van kwaad en leuens voortbring. Hy grawe 'n diep gat en val self daarin.* ***Sy boosheid tref homself****, en* ***die geweld wat hy beplan het, kom op sy eie kop af****." vers 15-17*

Wat is jou keuse? Sal jy kies om vas te klou aan jou selfveroordelende sondes en jouself vir die Lam <u>verberg</u>, sonder geloof in Sy ewige liefde en barmhartigheid? Of sal jy die afskuwelikheid van jou sondes erken, deur Hom toe te laat om sonde in jou te vernietig, deur jou van alle ongeregtigheid te reinig en jou deur Sy inwonende Gees te bemagtig om te getuig jy…
*"****<u>… volg die Lam waar Hy ook al gaan.</u>****" (Open. 14:4)?*

**6. Daar is die Lam van God!**

Terwyl Johannes die Doper in die water van die Jordaanriver gestaan het, het hy aan sy luisteraars gesê:

> *"Ek doop met water, maar onder julle staan Hy vir wie julle nie ken nie— dit is Hy wat ná my kom, wat voor my geword het, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie… Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!"*
>
> *~ Johannes 1:26-27,29.*

Dit het ongetwyfeld hulle aandag gevestig op al die lammetjies wat oor duisende jare heen op hulle altare geslag is. Sommige het dalk selfs onthou wat Jesaja aangaande die komende Messias voorspel het: *"…soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders—ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie." (Jes. 53:7).* Petrus het later oor Jesus geskryf:

> *"…Christus [het] self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel, sodat julle in sy voetspore kan volg. Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie. **Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie**, **toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie**, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel. Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en <u>kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God</u>." ~ 1 Petrus 2:21-23, AFR83.*

In elke slagoffer was daar 'n skaduwee van wat Jesus, "die Lam van God" vir ons sou doen (vgl. Exo. 12:5; 1 Pet. 1:18-19). Maar hierdie Lam was anders. Hierdie Lam sou "die sonde van die wêreld wegneem" deur Hy daardie sondes "*in sy liggaam aan die kruis gedra [het]. Daardeur **is <u>ons</u> vir die sondes dood** en <u>kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God</u>."* Paulus het verkondig:

> *"Die wet van Moses is slegs 'n skadubeeld van die weldade wat sou kom, nie 'n werklike beeld daarvan nie. **Voortdurend, jaar na jaar, word dieselfde offers gebring, en tog kan die wet dié wat die offers bring, nooit volkome van sonde***

***vrymaak nie.*** *As dié wat offers bring, eens en vir altyd gereinig en nie meer van sondes bewus was nie, sou hulle immers opgehou het om offers te bring. Maar nou herinner die offers juis jaar na jaar aan die sondes, omdat die bloed van bulle en bokke onmoontlik die sondes kan wegneem." ~ Hebreërs 10:1-4, AFR83.*

Hierna bring Paulus 'n waarheid na vore wat werklik verstommend is:

*"Daarom sê Christus met sy koms in die wêreld: "**Dit is nie diereoffer en graanoffer wat U wou hê nie**, maar die liggaam wat U My gegee het. **Brandoffers en sondeoffers het U nie behaag nie**! Toe het Ek gesê: Kyk, Ek het gekom, o God, om u wil te doen. In die boekrol is dit van My geskrywe." Eers sê Hy: "**Diereoffers en graanoffers, brandoffers en sondeoffers wou U nie hê nie en het U nie behaag nie**," hoewel hierdie offers deur die wet voorgeskryf word. Daarna sê Hy: "Kyk, Ek het gekom om u wil te doen." Hy skaf dus die eerste offers [brandoffers, spysoffers, sondoffers] af om 'n ander offer [God se wil] in die plek daarvan te stel. Omdat God dit so wou, is ons vir Hom afgesonder deurdat Jesus Christus sy liggaam as offer gebring het, eens en vir altyd."*

*~ Hebreërs 10:5-10, AFR83.*

Besef jy wat dit sê? Daar word gesê dat God diereslagoffers NOOIT wou hê nie. Paulus verkondig wat reeds deur Dawid geskryf is in Psalm 40:7-9 waar dit duidelik sê: *"Dit is nie diereoffers of graanoffers wat U wil hê nie" (vers 7)*. Hy het NOOIT behae gehad daarin nie en ook nie eers vereis dat enige van Sy skepsels doodgemaak word nie.

*"Toe Ek julle voorvaders uit Egipte laat trek het, het Ek hulle nie beveel om vir My brandoffers en ander offers te bring nie."*

*~ Jeremia 7:22, AFR83*

*"Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers? sê Jehova. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en **Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke nie**. As julle kom om voor my aangesig te verskyn, wie het dit van julle hand geëis—om my voorhowe te vertrap?" ~ Jesaja 1:11-12.*

God gaan voort om te pleit dat Sy mense moet verstaan dat Sy weë nie oor geweld of die dood gaan nie. Hy het gewaarsku: *"Selfs al bid julle hoe baie, sal Ek nie luister nie, want julle hande is met bloed bevlek!" (Jes. 1:15, AFR83)*. Die mensdom het al menigte offers en baie gebede gebring om God se torn tot bedaring te bring, sodat Hy ons gebede sal erken en ons sal vergewe. Maar Hy vereis dit nie en verhoor nie sulke gebede nie. Hy is nie 'n God wat gepaai moet word nie; want Hy gee Sy ewige genade verniet. Hy begeer ons heiligmaking, maar die meeste mense begeer net vergifnis en het geen begeerte om 'n geheiligde lewe te lei nie, terwyl hulle nie besef dat God se vergifnis 'n wyer betekenis het as wat baie mense dink nie. Vergifnis is meer as die vergifnis VAN sonde, maar die oorwinning UIT sonde. Let op hoe Jesaja sy gedagtegang voortsit:

> *"Was julle, reinig julle. Moenie voor My verskyn as julle verkeerd doen nie. Hou op met kwaad doen. Leer om weer goed te doen, sorg dat daar reg geskied, gaan die verdrukker teë. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die regsake van die weduwees.[6] Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê Jehova: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol." ~ Jesaja 1:16-18, AFR83.*

*"Regverdigmaking/vergifnis dui op 'n verandering in ons oor regte denke, en oor hoe God in Sy wese is. Dit gaan nie oor die wrok wat God teen ons koester, wat Hy prysgee nie; ook nie oor die rekordboeke in die hemel wat blykbaar verander word, soos baie dit blykbaar sien nie."*
*~ Laurence Aschcraft*

Ons hoef nie ons lewens te leef met die gedagte dat God ons nooit sal aanvaar nie. Dit is glad nie die kwessie nie. God het jou reeds aanvaar, nie net voor jy gebore is nie, maar selfs voordat Adam, die eerste mens, ooit geskape is. Die kwessie is nie of God jou sal aanvaar nie, maar of jy Hom sal aanvaar. *"Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het." (1 Joh. 4:19).*

[6] Let op hoe God se oordeel hier uitgespel word: "… *gaan die verdrukker teë. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die regsake van die weduwees.*"

"Baie mense is opgevoed om te dink dat gebed gedoen word in 'n poging om God se gedagte of houding teenoor die sondaar te verander, om God, wat oneindig is, in te lig oor iets wat Hy eintlik reeds weet, of om Hom te oorreed om een of ander seën te gee wat Hy voorheen onwillig was om te gee ... **Mense is geleer om die Here om genade en vergifnis te smeek, eerder as om hierdie seëninge te aanvaar as die beloftes van 'n barmhartige en vergewensgesinde Vader.** Die Here word genader met 'n gesindheid van onsekerheid of Hy bereid sou wees om in die opregte behoeftes van die nederige, berouvolle siel te voorsien of nie. Dit is nie die karakter van God nie. Hy is gretig om te seën en vergewe maklik, want Hy *"wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom." [2 Petrus 3:9]. "Want U, o Here, is goed en vergewensgesind en groot van goedertierenheid vir almal wat U aanroep." (Psalm 86:5)*." (Vertaal uit Ty Gibson, *The Path of the Just*, bl. 61).

Nou is die vraag: aangesien God geen behae het in die bloed van 'n dier en geen bloed vereis om ons te vergewe nie, hoekom het Hy dan die hele offerstelsel ingestel? Terwyl ons probeer om hierdie aller-belangrike vraag te beantwoord, moet ons onthou dat ons voorheen geleer het dat ons baie keer deur die Skrif sien hoe God dinge beveel wat ons vereis en begeer. Kan dit wees dat dit *óns* was wat diereoffers vereis het, sodat ons in *ons* gemoedere tevrede kon wees dat God ons vergewe het?

*Net 'n vriendelike herinnering aan die leser dat die Skrif God herhaaldelik voorstel as Een wat doen wat Hy in Sy voorsienigheid eintlik net toelaat.*

*~ Adam Clarke ~*

By die Laaste Avondmaal, die aand voor Sy dood, verduidelik Jesus aan Sy dissipels dat een van hulle Hom gaan verraai. (Joh. 13:21). Nadat Petrus Jesus gevra het oor wie dit kan wees, het Jesus geantwoord:

> *"Dit is die een aan wie Ek die stukkie sal gee as Ek dit ingedoop het. En toe Hy die stukkie ingedoop het, gee Hy dit aan Judas Iskáriot, die seun van Simon. En nadat hy die stukkie geneem het,* ***het die Satan in hom ingevaar****. En Jesus sê vir hom: Wat jy doen, doen dit haastig." ~ vers 26-27.*

Die bloed van die Seun van God wat gestort is, was geheel en al die werk van Satan; God het dit toegelaat deur Sy Seun vir ons almal oor te gee (Rom.8:32), soos geïllustreer word toe Jesus aan Judas die stukkie brood gegee het, wat die liggaam van ons Verlosser, wat vir ons gegee is,

verteenwoordig (Luk. 22:19). Jesus het vir Pilatus gesê: *"…hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig [oor die karakter van die Vader]. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem." (Joh. 18:37)*. Vroeër die aand, terwyl Jesus tot Sy Vader gebid het, het Hy gesê:

> *"En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. Ek het U verheerlik op die aarde.* ***Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring****… Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak [deur Sy Gees in ons], sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle." ~ Joh.17:3,4,26.*

Jesus het reeds die aand voor Sy dood die werk voltooi wat Sy Vader Hom gegee het om te doen. Sy hele lewe lank het Hy van die waarheid getuig deur *Sy Vader se karakter* te verheerlik (deur dit ten volle te openbaar), sodat die wêreld Hom kan ken. 'n Paar uur later, terwyl Hy aan die kruis was, het Jesus uitgeroep: "Dit is volbring!" en het daarna gesterf (Joh. 19:30). Wat is volbring? Die volle openbaring van Satan se karakter! God het die mens en Satan toegelaat om die verskriklike werk uit te voer om Sy geliefde Seun om te bring. Die aand van Sy inhegtenisneming het Jesus vir Sy beskuldigers gesê: *"Dit is* ***julle*** *uur en die mag van die duisternis [Satan en sy koninkryk]." (Luk. 22:52-53).*

Die profeet Jesaja het geskryf: *"… maar óns het Hom [Jesus] [verkeerdelik] gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van [deur] ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel." (Jes. 53:4-5,woorde in hakies ingevoeg)*. Baie mense verstaan dat God se geregtigheid beteken dat iemand moet sterf as 'n straf vir hul sondes. Ons het egter gesien dat dit sonde self is wat die dood van die sondaar bring, nie God nie. Die valse evangelie verkondig dat God vol woede is en die skuldiges met Sy vurige toorn moet straf. Jesus tree dan in en pleit by die Vader om diegene wat skuldig is, te vergewe en eerder Sy toorn oor Hom los te laat. Hier het Jesaja ons eintlik net ingelig dat dit NIE God was wat Sy eie Seun omgebring het om enige toorn tot bedaring te bring nie, maar dat Hy Sy Seun aan die wêreld gegee het om van Sy opofferende liefde te getuig, deur nie weerwraak te neem nie en stil te bly soos 'n lam, terwyl hy gekneus en gewond en vermoor is deur ons onregverdige beginsels van geregtigheid.

Jesus het die ware karakter van Satan se koninkryk geopenbaar. Paulus sê, *"Hy het elke [beskuldigende] mag en gesag [van die duisternis] ontwapen en* ***hulle in die openbaar vertoon [by die kruis]*** *deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer."* *(Kol. 2:15. AFR83).*

Dit is ons sonde (ons sataniese oortuiging dat God ons nie sou vergewe tensy een of ander versoening deur straf gedoen is nie) wat die dood van die Seun van God gebring het, sodat ons uiteindelik kan glo dat ons vergifnis en vergewing van sondes kan hê. God, wat onselfsugtig die risiko van ewige skeiding van Sy Seun geneem het, het Sy Seun vir ons oorgegee om **ons eie konsep van geregtigheid te bevredig**, wat vereis het dat *"sonder bloed-vergieting vind daar geen vergifnis plaas nie." (Heb.9:22).*

**Die idee om iets of iemand te offer, om ons eie sonde te verskoon, het by die mens ontstaan toe Adam en Eva die skuld op mekaar en uiteindelik op die Seun van God geplaas het.**

Dink net vir 'n oomblik oor daardie gedagte na. Dit kan jou beweeg om al jou konsepte aangaande die kruis te heroorweeg. Die letterlike definisie van die woord vergifnis is "om 'n skuld vry te stel." **As God die losprys van die dood vasgestel het en Jesus moes die straf dra om ons te vergewe en Sy toorn tot bedaring te bring, sou Hy betaling ontvang het en niks werklik vergewe het nie**. Maar die waarheid is, die kruis *bring* nie God se vergifnis nie, dit *bewys* Sy ewige vergifnis. Met ander woorde, God het ons nie vergewe omdat Jesus aan die kruis gesterf het nie; die Messias wat aan die kruis gesterf het, openbaar dat God ons reeds vergewe het *"toe ons nog sondaars was"* (Rom.5:8) en toe ons Hom vyandig gesind was (Kol.1:21).

En wat doen hierdie waarheid aan die gelowige? Dit trek ons na Hom toe. Sy liefderyke goedhartigheid, deur ons skuld vry te stel sonder enigiets wat ons gedoen het om dit te verdien, trek ons; want *"… toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het— nie op grond*

*van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar* ***na sy BARMHARTIGHEID het Hy ons gered****…" (Titus 3:4-5).*

"God hoef nie met die mens versoen te word nie, want, soos 'n moeder se liefde, volg Sy liefde ons altyd, selfs wanneer ons op 'n afdraende pad is en Hy ons na Hom probeer terugbring. Maar die mens moet met God versoen word. Op een of ander manier moet daar versoening gedoen word. Dit is nie nodig dat God se toorn bevredig moet word, sodat Hy met guns sal kyk na die aanstootlike mens nie, maar God se liefde word so duidelik uiteengesit, ten spyte van die teenwoordigheid van lyding en sonde, dat mense hul harte na Hom sal wend, soos 'n blom in die rigting van die son … Die woord 'versoening' dui op eenwording. Sonde het ellende gebring, en ellende het 'n misverstand oor God se karakter gebring. So het die mens God begin verafsku, in plaas daarvan om Hom lief te hê; en deur Hom, die een Vader, te verafsku, het die mens ook die mens, sy broer, begin haat. Dus, in plaas van een familie en een Vader, is die mens van God en van mekaar vervreem, en deur afsku en selfsug geskei. Daar moet versoening kom ... Die versoening is nie om God se toorn tot bedaring te bring, sodat die mens hom na God kan wend nie, maar dit is om Sy liefde te openbaar sodat hulle na Hom toe sal kom." (George Fifield, *God Is Love*, pp. 46,48).[7]

*Ek wil juig en bly wees*
*oor u troue liefde,*
*want U het my ellende gesien,*
*U weet van al my benoudhede.*

*Ps.31:8*

Ons is *"met God versoen deur die dood van sy Seun" (Rom. 5:10).* Hierdie dood het nie 'n woedende God tot bedaring gebring, sodat Hy ons uiteindelik sou aanvaar en vergewe nie, maar deur daardie dood sal ons uiteindelik glo in die ewige liefde en barmhartigheid van 'n Skepper, wat bereid is om vir Sy eiesinnige skepping te sterf en sodoende enige vooropgestelde idees, naamlik dat die mens te eniger tyd deur die geskiedenis een of ander vorm van versoeningsoffer moes aanbied, vernietig.

[7] Laai die boek, *God Is Love*, gratis af by *maranathamedia.com*.

Na die sondeval het die mens nie meer geglo dat God hom sou vergewe nie. As hy dit geglo het, sou Adam of Eva God se vergifnis nederig aanvaar het. Hulle het nie, in plaas daarvan het hulle God tot bedaring probeer bring (of die skuld verskuif, dis maar twee kante van dieselfde munt) – "die vrou wat U my gegee het, dit is haar skuld." Die mens bevind homself nou binne 'n denkwyse wat glo dat God iets moet straf, al is dit nie hoe God in wese is nie. Die mens word deur Satan mislei om te dink dat God 'n toornige moordenaar is; sonde het hul denke verdraai. God kan nie net vir hulle sê Hy vergewe hulle nie. Die mens sal Hom nie glo nie. Hy akkommodeer dus hulle denke om hulle gedagtes vry te stel, deur hulle te bring na 'n plek waar hulle kan nadink oor die werk wat die Seun van God bereid is om te doen om hulle in vergifnis te laat glo. So stel God 'n offerstelsel in, nie omdat Hy dit benodig nie, maar omdat die mens dit benodig. Deur daardie ritueel is Abel in staat om genade en gehoorsaamheid en barmhartigheid en die lyding van Christus te verstaan (hoe volledig, weet ons nie), maar Kain verwerp hierdie les en kies die weg van Satan, wat die weg van selfsug is, waar "my eie denke" reg is volgens "my eie begrip."

~ Danutasn Brown (Bangkok, Thailand, Asië)

Ons denke verwag steeds straf, maar ons kan deur die dood van Jesus aanvaar dat versoening moontlik is met Sy regverdig-barmhartige denke, wat nooit diere-offers wou gehad of begeer het nie. Deur die vernuwing van ons gemoed, sal ons verklaar dat "*daar geen offer meer vir die sonde [is] nie*." (Heb.10:18), want die offer van Jesus sou *"julle gewete reinig van [hierdie] dooie werke [dit is diere-offers] om die lewende God te dien [op Sy manier]." (Heb. 9:13-14).*

*" 'n Offer vra U nie, anders sou ek dit bring; 'n brandoffer wil U nie hê nie.* ***Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging: U sal 'n hart vol ootmoed en berou*** *nie gering ag nie, o God." ~ Psalm 51:18-19, AFR83.*

Die psalmis gaan voort: *"Laat Sion u liefde en u goedheid ondervind: herbou tog die mure van Jerusalem. Dan sal die offers wat voorgeskryf is, weer vir U*

*aanneemlik wees: offerdiere wat heeltemal verbrand word. Dan sal hulle weer bulle op u altare offer." Vers 20-21, AFR83*.

Dit beteken nie dat God eendag tevrede sal wees met diere-offers nie. Nee. Hy sal tevrede wees met die inwonende, opofferende leefstyl wat die diere-offers in die gelowige verteenwoordig. Hierdie scenario is ná die herbouing van *"die mure van Jerusalem".* Daniël het geprofeteer dat die Messias 69 profetiese weke na die dekreet sou kom *"om **Jerusalem** weer op te bou met strate en veilige **mure**. Dit gaan moeilike tye wees" (Dan. 9:25, Die Boodskap)*. Hierna sou die Messias *"een week lank met baie 'n sterk verbond sluit"* [vgl. Matt. 26:27-28; Rom. 15:8] *"en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou"* in ons denke (vers 27). Dit is tydens ons Verlosser se offer wanneer Dawid se woorde, *"Dan sal die offers wat voorgeskryf is, weer vir U aanneemlik wees" (Ps.51:21)*, sal gebeur. Is bloedige slagoffers van letterlike "bulle" iets wat God "aanneemlike offers" noem? Nee, nooit nie! *"Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging."*

Die profeet Hosea sê:

> *"Neem woorde met julle, en bekeer julle tot die HERE; sê aan Hom: Vergeef alle ongeregtigheid, en neem aan wat goed is; **dan sal ons as offerdiere ons lippe aanbied.**" ~ Hoséa 14:3*

Paulus verduidelik hierdie vers in Heb. 13:15 en sê: *Laat ons dan gedurig deur Hom [Jesus] aan God **'n lofoffer** bring, dit is die **vrug van die lippe** wat sy Naam [Sy genadige karakter] bely."* Petrus sê, aangesien *"julle immers ondervind [het] dat die Here goed is"*, sal julle *"**geestelike offers** bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is". (1 Pet. 2:3-5, AFR83).*

> *"Nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: **Gee julleself aan God as lewende en heilige offers** wat vir Hom aanneemlik is. **Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen**."*
> *~ Romeine 12:1, AFR83*

In Hosea 6:6 lees ons: *"Want Ek het 'n behae in* ***liefde*** *en nie in offerande nie, en in* ***kennis van God*** *meer as in* *<u>brandoffers</u>."* Let op na die Hebreeuse parallelisme: liefde = kennis van God; offerande = brandoffers. Jesus brei uit op hierdie konsep: *"Maar as julle geweet het wat dit beteken: 'Ek wil* ***barmhartigheid*** *hê en <u>nie offerande nie'</u>, sou julle die onskuldiges nie veroordeel het nie." (Matt.12:7)*. Veroordeling van andere is om onsself te verskoon terwyl ons ander offer (doodmaak) in ons plek.

> *"Wat sal ek saamvat as ek na die Here toe gaan, as ek voor die hoë God gaan kniel? Moet ek met <u>offers</u> na Hom toe gaan, met jaaroud kalwers? Sal die Here <u>duisende ramme</u> aanvaar saam met tienduisende offers van olie? <u>Moet ek my eersgeborene offer vir my sonde</u>, hom wat uit my liggaam kom, vir my oortreding?* ***Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God****." ~ Miga 6:6-8, AFR83.*

*"Die konsep van offerandes, dat iets/iemand instaan vir jou sonde, beteken dat daar toorn is wat tot bedaring gebring moet word. Maar let veral op dat dit óns is wat die offer vereis, en nie God nie. Hy verskaf die offer. Die idee dat God van toorn tot guns oorgehaal moet word, sodat ons vergifnis kan kry, vind geen bemagtiging in die Bybel nie. Dit is die hoogtepunt van absurditeit om te sê dat God so kwaad vir mense is dat Hy hulle nie sal vergewe tensy iets voorsien word om Sy toorn tot bedaring te bring nie … Die heidense idee, wat te dikwels deur verklaarde Christene gehuldig word, is dat mense 'n offer moet bring om die toorn van hulle god tot bedaring te bring ... Maar let op na die liefde van God. "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was." [Rom. 5:8] … Sommige sê hulle kan Christus nie aanneem nie omdat hulle nie waardig is nie … Dit is waar. Hulle is nie waardig nie. Nie een van ons is waardig nie ... Waarom het Hy gesterf? Om ons waardig te maak; om ons in Hom volmaak te stel." ~ E. J. Wagoner (1855-1916).*



*"Is brandoffers en ander diereoffers net so aanneemlik vir Jehova as gehoorsaamheid aan sy bevel? Nee, gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister is beter as die vet van ramme."*
*~ 1 Samuel 15:22*

Deur God se *toelatende wil* is diereoffers toegelaat om vir Adam te wys hoe verdorwe hy in sy denke was. Satan het die losprys vasgestel en die enigste manier waarop Adam van hierdie denke bevry kon word, was deurdat hy daardie onskuldige bloed deur sy eie hand vergiet. Maar al wat Adam werlik nodig gehad het om te doen, was om in God se ewige genade te glo deur sy sonde te bely, God se vergifnis te ontvang en God toe te laat om hom van alle ongeregtigheid te reinig (1 Joh. 1:9). Maar omdat die sataniese oortuiging dat ons nie vergewe kan word nie, tensy een of ander vorm van regstellende offer gebring word, so stewig in ons gedagtes geplant is, was daar net een manier waarop die Seun van God ons kon oortuig dat ons vergewe kan word: Hy moes Hom neerbuig, om ons te ontmoet waar ons is, deur te sterf en die losprys te betaal, *"om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig". (Heb. 2:14, AFR83).* Hoe word die dood vernietig? Jesus sal die offerande (die veroordeling) van ander in ons plek wegneem, en geregtigheid en barmhartigheid (God se weë van oordeel/reg) vestig.

> *"... En die Seun van God het juis gekom* ***om die werk van die duiwel tot niet te maak****… Hiéraan is dit duidelik wie kinders van God en wie kinders van die duiwel is:* ***iemand wat nie regverdig lewe nie en nie sy broer liefhet nie, behoort nie aan God nie.*** *Dít is immers die boodskap wat julle van die begin af gehoor het: Ons moet mekaar liefhê. Moenie soos Kain wees nie.* ***Hy het aan die Bose behoort en het sy broer vermoor****. En waarom het hy hom vermoor?* ***Omdat sy eie dade sleg was*** *en sy broer s'n reg. Broers, moenie verbaas wees as die wêreld julle haat nie. Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief. Wie nie liefhet nie, bly in die dood.* ***Elkeen wat sy broer haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe in hom het nie****. Hiéraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê. Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom het nie – hoe kan die liefde van God in hom wees? Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en*

*lippetaal wees nie, maar <u>moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid</u>.... En dít is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, [soos Hy die karkater van God voorstel] glo en <u>ons moet mekaar liefhê</u>…" ~ 1 Joh.3:8, 10-18, 23, AFR83.*

'n Voorbeeld van God se genade word ook gevind in Jesus se genesings van die siekes. Kom ons lees uit Matteus 9:2-7, AFR83:

*"Daar het hulle 'n verlamde man wat bedlêend was, na Hom toe gebring. Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: "Vriend, wees gerus; **jou sondes word vergewe**." Party van die skrifgeleerdes het by hulleself gesê: "Hy praat godslasterlik." Maar Jesus het geweet wat hulle dink, en Hy sê vir hulle: "Waarom het julle sulke slegte gedagtes in julle harte? Wat is makliker? Om te sê: 'Jou sondes word vergewe,' of om te sê: 'Staan op en loop'? Maar Ek gaan nou vir julle die bewys lewer dat die Seun van die mens volmag het om op aarde sondes te vergewe." Hy sê toe vir die verlamde man: "Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe." Hy het opgestaan en huis toe gegaan."*

Het die siek man gevra en gesmeek om vergewe te word? Nee. En tog sê Jesus vir hom, *"Jou sondes word vergewe."* Jesus het die geloof van die siek man se vriende gesien wat die <u>vergifnis</u> aanvaar het (en geloof in die vergifnis getoon het) wat Hy reeds vir die hele mensdom gehad het. **Hulle het geweet dat as hulle Jesus sou vind, hulle geen veroordeling sou teëkom nie—net vergifnis en genesing.**

*"Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie, want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien." ~ Psalm 103:10-11, AFR83.*

Die siek man was reeds vergewe nog *voordat* hy na Jesus gekom het. En let ook op hierdie punt - **hy was reeds vergewe <u>voordat</u> Jesus aan die kruis gesterf het**. Anders sou Hy gesê het: "Jou sondes *<u>sal</u>* vergewe word."

*"Daarna het Petrus na Jesus toe gekom en gevra: "Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer?" Jesus antwoord hom: "Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer. Daarom kan die koninkryk van die hemel vergelyk word met 'n koning wat*

*besluit het om saam met sy amptenare hulle boeke na te gaan. Toe hy daarmee begin, is een amptenaar na hom toe gebring wat miljoene rand geskuld het. Hy kon dit nie betaal nie, en daarom het die koning beveel dat hy en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, verkoop en die skuld betaal moet word. Die man het voor hom neergeval en gesoebat: 'Gee my tog uitstel; ek sal u alles terugbetaal.'* ***Die koning het hom jammer gekry, hom laat gaan en sy skuld afgeskryf**."*

*~ Matteus 18:21-27, AFR83.*

Hier sien ons 'n persoon wat geld aan die koning geskuld het, maar dit nie kon terugbetaal nie. Nadat die persoon en sy gesin gevonnis is om verkoop te word, val hy op sy knieë neer en smeek: *"Gee my tog uitstel; ek sal u alles terugbetaal!"* Omdat die koning geweet het dat hierdie persoon nooit hierdie skuld kon terugbetaal nie, het die koning *"hom jammer gekry, hom laat gaan en sy skuld afgeskryf.*" Wat het dit met ons te doen? Jesus het reg aan die begin gesê dat hierdie verhaal 'n vergelyking tref met *"die koninkryk van die hemel"*. Hierdie verhaal handel oor God se karakter en Sy optrede teenoor ons. As gevolg van sonde is ons in skuld gedompel wat ons nie kan betaal nie, maar God het ons hierdie skuld kwytgeskeld. Paulus sê:

*"Maar nou is die geregtigheid [gees van genade] van God geopenbaar sonder die wet [sonder eie werke], … die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid [die karakter] van God, en* ***hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is**." ~ Romeine 3:21-24*

Ons kan nie ons eie skuld delg met goeie werke of met enige tipe versoeningsoffer nie. Het die amptenaar in die verhaal die koning om vergifnis gevra? Nee. Hy het meer tyd gevra sodat hy die skuld kon delg: "*Gee my tog uitstel; ek sal u alles terugbetaal!*" Moet ons die ware Koning om vergifnis smeek, of begin pogings aanwend om goed te wees (Hom terugbetaal), sodat Hy enige wrok wat Hy het, kan eenkant skuif sodat Hy ons sal vergewe? Nee, die ware Koning koester geen wrok nie en sal ons altyd "jammer kry" – *"Want so **LIEF** het God die wêreld gehad"* – dat Hy ons *"skuld afgeskryf" het*.

Die verhaal wat Jesus vertel het, het egter nie 'n gelukkige einde gehad nie. Hy het vertel hoe die amptenaar, wat vergifnis ontvang het, uitgegaan en *"een van sy medeamptenare raakgeloop [het] wat hom net 'n paar rand geskuld het. Hy het hom gegryp en gewurg, en gesê: 'Betaal wat jy skuld!" (Matt. 18:28, AFR83).* Nadat die man om sy lewe gesmeek het en gesê het: *"Gee my tog uitstel, ek sal jou betaal"*, is hy geweier en in die tronk gegooi (vers 29-30). Die koning het dit uitgevind en die een wat hy vergewe het, geroep en gesê: *"Jou skurk! Al daardie skuld het ek vir jou afgeskryf …Moes jy nie ook jou medeamptenaar jammer gekry het soos ek jou jammer gekry het nie?' (vers 32-33).* Gevolglik het die koning hom "*in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was." (vers 34).* Dan sluit Jesus af: *"So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie." (vers 35)*.[8]

> Gedurende die laaste week van Oktober het ek deur my rekeninge gegaan van die klein onderneming wat ek van die huis af bestuur (ek is 'n Wiskunde-tutor vir hoërskoolleerders). Ek het opgemerk dat een kliënt se rekening agterstallig was – met amper 'n halwe jaar se betalings. Ek moes die saak aanspreek. In plaas daarvan om verskeie teisterende e-posse uit te stuur wat betaling eis, het ek besluit om die nie-gewelddadige roete te volg, 'n roete van genade. Ek het haar gekontak oor die uitstaande bedrag en vir haar die aanbod gemaak om haar kind as 'n nie-betalende kind in my skool op te neem vir die daaropvolgende jaar. Ek het haar gevra hoeveel van die uitstaande balans sy kan bekostig om te betaal en om vir my die tydperk aan te dui waaroor sy dit kan afbetaal. Sy het dieselfde dag op my boodskap gereageer en om verskoning gevra oor die uitstaande bedrag. Sy het my vertel dat haar man werkloos was en dat hy onlangs weer werk gekry het, maar dat hy sy eerste salaris (wat reeds einde Augustus was) nog steeds nie ontvang het nie. Sy het onderneem om die volle bedrag teen einde Desember te betaal. Psalm 118:8: "Dit is beter om by die HERE te skuil as om op mense te vertrou."
>
> ~ Nina Snyman (Empangeni, KwaZulu-Natal, Suid-Afrika)

[8] Let weer op dat God nie die een is wat die pyniging direk veroorsaak nie, maar wel "die pynigers" wat "losgelaat"word of wag om toe te slaan sodra daar een is wat buite die veiligheidshekke beweeg.

Die Skrif sê: *"Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie…" (Jak. 2:13)*. Wanneer ons God om vergifnis vra, vra ons dat ons gestroop word van die mens se sondige vorm van geregtigheid, sodat ons Vader se regverdige regstelsel aan ons oorgedra word om deur ons weerspieël te word. As jy egter glo 'n goeie regstelsel is om te veroordeel en te oordeel sonder genade, onthou net asseblief: *"Hy sal elkeen vergeld volgens sy dade." (Rom. 2:6)*. Jy sal ontvang volgens die manier waarop jy ander geoordeel het en jy sal geen verskoning of enige klagte daaroor kan indien nie. Hy sal jou eie uitspraak teen jouself aanvaar en sal verklaar dat hierdie vonnis regverdig is. Ons eie vonnis sal die kwaliteit van vergifnis wat ons aan ander bewys het, weerspieël: *"vergeef ons ons skulde [net] **SOOS** ons ook ons skuldenaars vergewe." (Matt. 6:12).* Jesus het verduidelik hoe die veroordelende hart funksioneer:

> *"Twee mense het na die tempel toe gegaan om te bid. Die een was 'n Fariseër ['n godsdienstige leier] en die ander een 'n tollenaar. Die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: 'O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs, egbrekers, en ook nie soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week en ek gee 'n tiende van my hele inkomste.' "Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: 'O God, wees my, sondaar, genadig.' "Ek sê vir julle: Hierdie man, en nie die ander een nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is. Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word; en hy wat nederig is, sal verhoog word." ~ Lukas 18:10-14, AFR83.*

In Johannes 17:5 het Jesus gebid: *"Vader, verheerlik My by Uself."* Daarna ook in *vers 22: "Ek het hulle die heerlikheid [karakter] gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is."* Hierdie heerlikheid (regverdige karakter) wat ons Messias aan ons gee, is *Hyself*, vervul met die heerlikheid van die Vader. Ons sal vervul word met Sy onvoorwaardelike, tere, liefdevolle goedhartigheid teenoor ander, want "hulle wat die Lam [Jesus] volg waar Hy ook heengaan" (Open. 14:4), het "die Naam [karakter] van Sy [Jesus se] Vader op hulle voorhoofde [denke] geskrywe." (vers 1).

> *"En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op*

*pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet* ***as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees****. ~ Deut. 6:6-8 (Sien ook Spr. 7:1-3; Jes. 8:16; 2 Kor. 1:21-22; Efe. 1:13-14; Open. 7:1-3).*

Deur die eeue heen was die verhaal van die kruis 'n demonstrasie van God se vergifnis vir ons sondes. Tog het die verskriklike verdraaiing van die Skrif deur Satan die kruis van Christus in 'n bespotting verander. Ateïste, Moslems, Boeddhiste, spiritualiste skud hul koppe oor 'n godsdienstige kultuur wat 'n kinder-offer bring sodat goddelike toorn tot bedaring kan kom. Hulle is stomgeslaan oor die mense wat hierdie god aanbid wat moedswillige volksmoord pleeg en dit "liefdesdade" noem. In hul misleide ywer waarsku hulle mense om hulle weg te wend van sonde en na hierdie selfde god te keer wat hulle sal vernietig as hulle sy aanbod van genade weier. Is dit werklik die verhaal van die kruis? God het nooit die lyding, vernedering en grusame marteling van Sy dierbare Seun vereis nie … ons het! Sonde het ons so verblind, dat ons God beskou het as een wat wag vir 'n geskikte tyd om ons te vernietig. Ons het met 'n konstante vrees en bedreiging vir die dood geleef. Tog het God, wat die sluier oor ons harte en ons geestelike blindheid verstaan het, ingestem dat ons ons eie demoniese geregtigheid oprig – en Jesus het op Golgota gesterf. Die reine Heilige het ons toegelaat om die boosheid van ons harte, wat teen Hom gemik is, te openbaar; Hy het dit nie weerstaan nie. Jes. 53:6-7. Hierdie openbaring lei ons in 'n proses van 'n steeds diepergaande bekering. Dit suiwer die drek van foute; dit plek maak vir die inplanting van waarheid en lig.

Dalk het dit gebeur dat ons so gevalle is, so beroof daarvan om enigiets reg (oor God) te verstaan, dat God, in Sy groot liefde vir ons, ons begrip van geregtigheid akkommodeer en die perfekte illustrasie verskaf om ons foutiewe denke te demonstreer. Die begeerte van Satan om Christus dood te maak, was suksesvol, maar in hierdie openbaring van afsku is God in staat om Sy liefde vir ons te openbaar. Die bekeerde hart sien in dat ons almal skuldig is aan die kruisiging van Jesus. As die kruis reg verstaan word, is dit die begin van 'n openbaring van onsself, aangesien dit diep delf in ons ideologie, hoe ons God beskou en hoe ons onsself beskou. Dit openbaar die bedrog van ons eie harte, omdat ons eens geglo het dat God die dood van Sy Seun vereis het om Sy eie toorn teen ons tot bedaring to bring. Dit stroop die leuen dat ons nie heilig en onberispelik kan lewe nie, weg, aangesien die weg wat Jesus bewandel het, dieselfde weg is wat Hy ons beveel het om te volg. Terwyl ons wêreld homself spoedig onderdompel in nihilisme, geweld en verwarring, laat ons die uitgestrekte arm van die Oneindige gryp en 'n lig van Heerlikheid aan hierdie wêreld bring wat die harte na God sal terugdraai; om versoening te bring, asook die belofte van ewige lewe vir almal wat honger en dors na geregtigheid.

~ Anna Pace (Vancouver-eiland, Brits-Columbië, Kanada)

Op hierdie stadium mag sommige dalk vra: “Het God nie beveel dat die wat Sy wet oortree, gestenig moet word nie, bv. in die geval van die wet van die sabbat en van egbreuk?”

> *“En toe die kinders van Israel in die woestyn was, het hulle ‘n man gekry wat op die sabbatdag hout bymekaarmaak. En die wat hom gekry het terwyl hy hout bymekaarmaak, het hom na Moses en Aäron en na die hele vergadering gebring. En hulle het hom in die gevangenis gesit, want dit was nie beslis wat met hom gedoen moes word nie. Toe sê die HERE vir Moses:* ***Die man moet sekerlik gedood word; die hele vergadering moet hom buitekant die laer stenig****. Toe het die hele vergadering hom buitekant die laer uitgebring en hom gestenig, dat hy gesterf het, soos die HERE Moses beveel het.”*
>
> *~ Numeri 15:32-36.*

Jy mag dalk onthou dat God gedurende die tyd van die Egiptiese uittog vir Moses twee kliptafels, met die Tien Gebooie daarop gegraveer, gegee het. Beide die kliptafels en die skrif was die werk van God. 'n Rukkie later het Moses, in 'n woedebui teenoor die Israeliete, hierdie kliptafels neergegooi en dit gebreek. Gevolglik het God vir Moses gesê om 'n nuwe stel kliptafels te maak en Hy sou self daarop skryf wat Hy op die eerste stel geskryf het. Gevolglik het ons nou 'n stel kliptafels wat deur Moses (‘n mens) gemaak is en deur God geskryf is. Dit wys dat die wet (instruksies) twee doelstellings het wat soos 'n spieël werk, wat beide die goddelike eienskappe en die gevalle mensdom se eienskappe weerspieël. Dit verteenwoordig die mens se Ou-Verbond-ingesteldheid om die werke van God te probeer uitvoer, in plaas daarvan om God toe te laat om Sy werk in ons te doen.

Soos in ‘n spieël openbaar die Torah (die wet) nie net God se karakter nie, maar ook die gevalle mens s'n. Paulus het gesê: “*Ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie” (Rom. 7:7)*, want *“…die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en in my allerhande begeerlikheid gewerk; want sonder die wet is die sonde dood.” (Vers 8*). En toe afgesluit met die woorde: *“En die gebod wat die lewe moes wees, dié het vir my geblyk die dood te wees.” (Vers 10)*. Ons het gesien dat God regdeur die Ou Testament dinge beveel het wat die gevalle mens begeer het. Hy doen dit omdat Hy nie met die mens se

vryheid van keuse sal inmeng nie en ook om sonde nog meer te maak (Rom. 5:20), of, soos Paulus ook sê, *"...sodat die sonde in sy ware aard as sonde bekend sou word en dit deur die gebod sou blyk hoe skrikwekkend die sonde werklik is." (Rom. 7:13, AFR83)*.

In plaas daarvan om die man wat op die Sabbat hout bymekaar gemaak het, te veroordeel en te oordeel, moes die Israeliete na hom gegaan het en navraag gedoen het oor sy oortuigings, waarom hy dit doen. Indien daar dan gevind word dat hy ongehoorsaam is aan God se ontwerp, kon hy onderrig word in die weë van God om versoening te bring. Aangesien hulle 'n veroordelende ingesteldheid gehad het, het hulle, soos die Fariseër teenoor die tollenaar, hulself opgehewe vertoon; daarom het God hulle oorgegee aan hul *eie begeertes*, volgens hul eie verdraaide siening van geregtigheid. Dit sou veroorsaak dat hul eie sonde van eiegeregtigheid oorvloedig word, wat hopelik sou lei tot hul bekering en hul eie versoening met God.

Kom ons kyk hoe Jesus, ons volmaakte voorbeeld, reageer op dieselfde scenario in Joh. 8:2-19. In plaas van 'n Sabbatsbreker bring, bring die leiers 'n vrou na Hom wat van egbreuk aangekla word. Hulle doen dit om Jesus te probeer vastrek oor sake van die Tora (vers 6). Hy ontbloot (en beklemtoon) egter hulle eie sondes deur op die grond te skryf (vgl. Jer. 17:13) en beveel: *"Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi." (vers 7)*. Dit voldoen aan Deut. 17:7, AFR83 wat sê: "*Die getuies moet die vonnis begin voltrek."* Anders as die Israeliete van ouds, was hierdie Fariseërs skuldig bevind aan sonde en het verkies om nie die vrou te veroordeel en te stenig nie, en toe sê Jesus, eie aan Sy Vader se karakter, vir haar: *"Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie." (vers 11). Dít* is die tipe uitkoms wat God gesoek het toe die aanklaers klippe opgetel het om die Sabbatsbreker se lewe te neem. Jesus het nie die opdrag teen owerspel afgeskaf nie, maar het die ware bedoeling van die voorskrif omtrent steniging na vore gebring.

"Die HERE ondersteun

almal wat val,

en Hy rig almal op

wat neergeboë is."

~ Psalm 145:14 ~

In ‘n artikel op die webbladsy *theblaze.com* getiteld *fact-check: does the bible really condone stoning?* [Praat die Bybel regtig steniging goed?], is Rabbi Aryeh Spero hierdie vraag gestel omtrent hierdie insetting, of voorskrif:

> *“…Wanneer dit kom by waargenome Bybelse opdragte of kwessies soos steniging, het die rabbi opgemerk* ***dat dit belangrik is om die heilige boek deur 'n spesifieke lens te lees****. ‘Dit is ons plig om, met eerbied en nederigheid, ‘n onderskeid te tref tussen dit wat God as ewig bedoel het en dit wat een tyd noodsaaklik was om later opgehef te word – byvoorbeeld diere-offers ... Dinge rakende menslike natuur en seksuele dissipline en beperkings is ongetwyfeld ewig, so ook die Sabbat en behoefte aan heiligheid. … Sekere prosedures was nooit bedoel om permanent te wees nie en was eerder gebaseer op die gewoontes en denkwyses van die oorspronklike samelewing aangespreek deur God. Die kultuur het dus 'n groot impak gehad op hoe hierdie prosedures geïmplementeer is en uitgespeel het.’ ”*

Die *ingesteldheid* van die Israeliete oor steniging in die tyd van Moses het nie direk van God gekom nie, maar vanuit Egipte. Moses het vir Farao gesê: *“As ons iets wat ‘n gruwel is vir die Egiptenaars, voor hulle oë offer,* ***sal hulle ons dan nie stenig nie?****’” (Exo.8:25-26)*.

Later het die Israeliete self, wat vir honderde jare lank in hierdie vorm van geregtigheid gebreinspoel is terwyl hulle in slawerny was, ook begeer om Moses te stenig:

> *“… en die volk het teen Moses gemurmureer en gesê: Waarom het u ons dan uit Egipte laat optrek om my en my kinders en my vee van dors te laat omkom? Toe het Moses Jehova aangeroep en gesê: Wat moet ek met hierdie volk doen? Dit skeel maar min* ***of hulle stenig my****.” ~ Exodus 17:3-4.*

Net soos Jesus die gedagtes van die dissipels uitgespreek het deur die Kanaänitiese vrou 'n “heidense hond” te noem, het God *hulle gedagtes* uitgespreek deur opdrag tot steniging te gee, in die hoop dat hulle oë deur so 'n aaklige toneel van straf geopen sal word. God het gesê: *“So het Ék dan ook aan hulle insettinge gegee wat nie goed was nie, en verordeninge waardeur hulle nie sou lewe nie.” (Eség. 20:25)*. Hulle sonde om ander wreed te veroordeel (en hulle sodoende op te offer) om hulself te verontskuldig, sou oorvloedig word, tot die punt waar hulle uitreik en vashou aan God se

genade, Sy vergifnis ontvang en in Sy genade wandel. Hulle moes onthou, *"die oordeel sal onbarmhartig wees oor dié wat nie barmhartigheid betoon nie. Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel." (Jak. 2:13, AFR83)*. God het vir hulle gesê*: "Soos julle voor my ore gespreek het, so sal Ek aan julle doen" (Num. 14:28)*, wat weer wys dat die oordeel wat op die mens val, die oordeel sal wees waarmee die mens homself geoordeel het. God het gesê: *"Elke man uit die huis van Israel wat sy drekgode in sy hart opneem … Ek, Jehova, sal hom daarvolgens, volgens die menigte van sy drekgode, antwoord gee…" (Eségiël 14:4-5)*. Indien ons verenig in Christus, sal ons ons naaste liefhê soos onsself want *"…almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid [karakter] van God" (Rom.3:23)*, en tog, *"toe ons nog swak was, het Christus … vir die goddelose gesterwe." (Rom. 5:6).*

**Laat ons almal in gedagte hou dat ons te doen het met siele wat Christus met 'n oneindige duur prys ten koste van Homself, gekoop het.**

Soos Jesaja, hoe nader ons aan Christus kom, hoe meer sondig sal ons in ons eie oë wees, en tog weet dat Hy ons nie veroordeel nie; want Hy oordeel met barmhartigheid. (Jes. 6:5-7). Wil jy volgens ons hemelse Vader se standaarde lewe? *"…Met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal vir julle gemeet word." (Matt.7:1-2)*. Byna almal sal vandag saamstem dat steniging barbaars is, maar om te glo dat God miljarde mense in eindelose marteling sal verbrand, is op een of ander manier 'n eienskap van heiligheid en liefde... ek skud my kop hieroor…

> "Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet." Joh.15:12

Wanneer ons werklik die liefde van God in ons het, sal ons nie meer 'n wrok koester teen diegene wat ons verafsku en vervolg nie. In plaas daarvan om wraak te neem, sal ons hulle geestelike genesing en redding voorstaan, deur nederig vir hulle te bid; want ons maak aanspraak op hierdie belofte:

***"Wees heilig, want Ek, Jehova julle God, is heilig." (Lev. 19:2, AFR83)*.**

**7. “Wees heilig, want Ek is heilig.”**

Die Skrif sê vir ons dat dit indruis teen die ewige evangelie wanneer ons vasgevang is in die nimmereindigende siklus om aanhoudend te sondig en vergifnis te vra.

> *“Kyk, julle vertrou op bedrieglike woorde wat nie baat nie. Sal julle steel, doodslaan en owerspel bedrywe en vals sweer en vir Baäl offerrook laat opgaan en agter ander gode aan loop, wat julle nie ken nie, en dan kom staan voor my aangesig in hierdie huis waaroor my Naam uitgeroep is, en sê: Ons is verlos! [vergewe] —om al hierdie gruwels te doen? Is hierdie huis waaroor my Naam uitgeroep is, ‘n spelonk van moordenaars in julle oë? Ook Ek—kyk, Ek het dit gesien, spreek die HERE.” - Jeremia 7:8-11.*

> *“Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk! [dié wat verhard in selfsug]” - Matthéüs 7:21-23.*

Dit hang af van hoe ver ons die pendulum swaai. Sommige mense glo dat hulle nie vergewe kan word nie, terwyl ander glo dat vergifnis beteken dat hulle kan sondig en steeds vir ewig kan lewe. Ons het egter gesien die enigste weg tot die ewige lewe is die lewe van geregtigheid; die meeste mense wil nie so lewe nie. Die apostel Paulus sê *“die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot **onderwysing in die geregtigheid**, sodat die mens van God <u>volkome</u> kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16-17)*. Dit is presies wat die Hebreeuse konsep van die Torah is. Dit is nie “die wet” soos Westerse “heidene” die wet verstaan nie, m.a.w. 'n lys arbitrêre reëls nie, maar “die handleiding” van die geregtigheid (die karakter) van God wat in ons woon en deur ons gereflekteer word, net soos dit in die begin was: “Ek het <u>u woord</u> in my hart gebêre, **dat ek teen U nie sal sondig nie**.” (Ps. 119:11).

Paulus beskryf in Romeine 8:1-2 dat ons *“vrygemaak [is] van die wet van die sonde en die dood”* wanneer ons uiteindelik verstaan dat daar *“geen*

*veroordeling"* is vir diegene wat een met Jesus is nie. In verse 3-4 sê hy, aangesien God se wet (die Tora) nie afdwingbaar is om geregtigheid in ons te vervul (te toon) nie, het God *"sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees"* gestuur. In plaas daarvan om ons te veroordeel, het Hy *"die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."* Dan in vers 6-7 wys Paulus ons hoekom ons met God se Gees – Sy eie teenwoordigheid, gesindheid en lewe – vervul moet word, deur te sê:

> *"Want wat die vlees bedink [selfsug], is die dood, maar wat die Gees bedink [om ander eerste te stel], is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God [se onselfsugtige natuur] nie, want dit kan ook nie. ~ Romeine 8:6-7.*

Sonder die Vader se Heilige Gees in ons, is dit ONMOONTLIK om God se wet te onderhou. Om mense, wat nie God se blywende teenwoordigheid het nie, te dwing om Sy wet van geregtigheid te onderhou, is nutteloos. Ons kan onsself nie dwing om dit te doen nie. Dit is egter hier waar die meeste van die Christendom 'n groot fout maak. In plaas daarvan om te fokus op die waarheid dat "die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees" (Rom.8:4), sê hulle: "Aangesien Jesus die wet volmaak onderhou het, hoef ons dit nie te doen nie. Hy het dit alles vir ons gedoen; ons is bevry daarvan om ooit daardie gevreesde lys reëls te hou." Hulle sal dan die laaste gedeelte van Romeine 6:14 uitwys: *"Julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade."* Wanneer Paulus egter sê: *"Julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade"* bedoel hy nie dat God se genade die wet tot niet maak nie. Sy liefdevolle genade is, en was nog altyd, die krag (die inspirasie/motivering) om gehoorsaam te wees (en jou te onderwerp) aan God se geregtigheid.


> *"Deur Hom het ek die GENADE ontvang om apostel te wees onder al die heidennasies [Hoekom], om tot eer van sy Naam [karakter] mense* ***tot GELOOF en so tot GEHOORSAAMHEID*** *te bring. Julle is hierby inbegrepe; ook julle is geroep om aan Jesus Christus te behoort." ~ Romeine 1:5,6, AFR83*

Op sy webwerf, *characterofgod.org*, wys Ray Foucher daarop dat die meeste van die wêreld, insluitend Bybelgebaseerde Jode en Christene, God se wet (Tora) beskou as 'n stel reëls wat God aan ons as mense gegee het, waarvolgens ons moet optree. Wanneer ons sy reëls breek, straf Hy ons. Vrees vir straf word dus die motivering van ons handelinge. Ons is bang dat ons Vader ons sal "pakgee", want ons dink God word dikwels kwaad en aanvallend hoe meer ons ons wangedra, selfs tot die punt dat Hy ons ombring. In hierdie siening verkondig "die evangelie" dat Jesus gekom het en die wet volmaak in ons plek onderhou het. Daarna het Hy die gevolge gely, volgens die gesag van die wet, om deur God gestraf te word as 'n sondaar, wat ons vrymaak van God se doodsvonnis, omdat ons ongehoorsaam was. Ons hoef nou nie meer volgens 'n streng stel reëls te leef nie, maar onder Sy genade (onverdiende guns), tot waar sommige selfs aanvaar dat God Sy wet heeltemal afgeskaf het.




Ons het egter gesien dat God se wet nie 'n lys van arbitrêre reëls is wat aan ons opgelê word om ons in gehoorsaamheid te hou nie. God se wet is Sy onveranderlike karakter van geregtigheid, en sonder God se teenwoordigheid (Sy Gees) wat in ons woon, is dit onmoontlik om selfs te oorweeg om hierdie karakter uit te leef. Dit sal nooit moontlik wees nie.

Die Bybelse siening van God se wet is dat Sy aard en karakter 'n beskermende heining vorm, 'n ontwerp waarop die lewe funksioneer, eerder as 'n stel opgelegde reëls wat opgelegde straf vereis. God se wet is ontwerp om ons veilig te hou van die ware vyand en



om ons te genees en te herstel van die natuurlike gevolge wanneer die heining veronagsaam word.

"Wie sy naaste verag, doen sonde [hy beweeg buite die heining van beskerming]; maar hy wat MEDELYDE het met die ellendiges, hy is gelukkig. … Wie ag gee op die Woord, sal die goeie vind; en hy wat op Jehova vertrou, is gelukkig… Gelukkig is die mens wat gedurigdeur vrees [om kwaad af te weer en binne die heining te bly]; maar hy wat sy hart verhard, sal in die onheil val. … As daar geen openbaring is nie, word die volk bandeloos [sonder beskerming]; maar hy wat die wet onderhou, gelukkig is hy." ~ Spreuke 14:21; 16:20; 28:14; 29:18.

In 'n artikel getiteld *"Penal Substitution versus Design Law – What's the difference?" (Strafvervanging versus Ontwerpte Wet – Wat is die verskil?)* skryf dr. Timothy Jennings die volgende:

> "Onder opgelegde wetsmodelle is daar niks inherent fout daarmee om die wet te oortree nie. Om 100 km/h in 'n 80 km/h-sone te ry, lei nie van nature tot enige besering of skade aan die oortreder van die wet nie. Die oortreder moet deur die owerhede vasgetrek word, hul dade moet aangeteken word, hul saak moet voor 'n regter voorgelê word, en dan moet hulle 'n arbitrêr vasgestelde boete as straf ontvang. Dit is die mens se wetsontwerp, nie die Skepper se wetsontwerp nie. Dit is die weg van sondige wesens, en nie van 'n sondelose God nie. Hierdie idee van die regstelsel vorm die basis van die teologie van strafvervanging. Dit is gegrond op 'n leuen oor God se wet en bied 'n siening van God se regering wat eintlik glad nie verskil van die sondige menslike regerings nie.
>
> **"In die strafregtelike siening word God die bron van toegediende pyn, lyding en dood. Daar word in die strafregtelike siening verkondig dat God se gebruik van mag om te martel en dood te maak 'geregtigheid' is, want sonde moet gestraf word. Sulke <u>swak teologie</u> is die vrug van die aanvaarding van Satan se leuen omtrent God se wet en dat God sonde moet straf om regverdig te wees. In hierdie siening, eerder as dat God werk om die geestelik terminale pasiënt te genees en te red, word God die een teen wie ons beskerm moet word, wat lei tot teologieë wat, funksioneel, die uitsluitlike doel het om ons teen God te beskerm, eerder as om ons te genees, sodat ons geskik is om in Sy teenwoordigheid te lewe.**

"Dink aan die baie idees wat deur die Christendom verkondig word wat, funksioneel, die doel het om ons vir God te verberg. Waarom? Want mense glo verkeerdelik dat, indien God hulle sonde en hulle sondigheid sou sien, daar van Hom vereis word om met toorn en woede uit te bars, met die nodige pyn en lyding, om hulle vir hulle sonde te straf. Dit is presies wat Satan wil hê mense moet dink, want hierdie idee bring mense om hulself vir God weg te steek. Maar Dawid van ouds het gebid: '*Deurgrond my en sien die goddelose weg in my'*. **Hy wou nie sy sondigheid vir God wegsteek nie, want hy het geweet God sou hom nie straf nie; inteendeel, Hy was die enigste Een wat hom kon genees,** daarom het hy gebid: *'Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees.'.*

"Die laaste geslag moet 'n boodskap aan die wêreld voorhou wat hulle terugroep na die aanbidding van die Ontwerper: *'aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.' (Open. 14:7)*. Dit is 'n oproep om die beskouing van God as 'n diktator te verwerp; om die Skepper, Ontwerper en Bouer van die werklikheid te omhels! Dit beteken ons moet opgelegde wette verwerp, asook al sy valse strafvervangende teologie wat daarop gegrond is."

Om nie "onder die wet" te wees nie, beteken jy word nie meer gemotiveer deur negatiewe gevolge van die oortreding van die wet *(die dood)* nie. Deur die Seun van God is jy nie meer onder die *"vrees vir die dood"* nie – jy is nie meer onder die verkeerde indruk dat God jou gaan doodmaak omdat jy aan Hom ongehoorsaam was nie, dus vertrou jy alleenlik op Hom, en nie op een of ander uiterlike wet of stel reëls nie, om jou regverdig te maak.

"Aangesien die kinders [van God] dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duiwel— **en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was**." ~ Hebreërs 2:14-15.

Dit is duidelik dat hierdie goddelike regstelsel nie sou werk in 'n wêreld vol sondige siele wat "vyandskap teen God" beoefen en onbekwaam is om aan Sy wet onderwerp te wees. Jesus het gesê, "*My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; **as my koninkryk van hierdie wêreld was**, sou my dienaars geveg*

*het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie.*" (Joh.18:36). John Gill lewer hieroor kommentaar:

> "As Christus se koninkryk 'n wêreldse koninkryk was, gebaseer op wêreldse sienings, en deur middel van wêreldse beleid geregeer het, en aan sekere wêreldse doeleindes sou voldoen, sou Christus genoeg diensknegte onder die Jode gehad het, wat vir Hom sou opstaan en die wapen sou opneem in Sy guns teen die Romeine … [maar] dit [Christus se koninkryk] ontstaan nie uit en bou nie voort op wêreldse beginsels nie, en word ook nie daardeur ondersteun nie, daarom word van geen van die bogenoemde metodes gebruik gemaak nie." (Vertaal na Afrikaans vanuit *Gill's Bible Exposition*).

Jesus het Sy dissipels vertel waarom Hy in gelykenisse gespreek het*: "Aan julle is dit gegee om die verborgenheid van die koninkryk van God te ken, maar vir hulle wat buite is, kom alles deur gelykenisse." (Markus 4:11)*. Later het Hy gesê: ***"Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle."*** *(Lukas 17:20,21).* Hoe is die koninkryk binne-in ons? Deur die teenwoordigheid van Jesus.

Wêreldse regstelsels kan simptome van boosheid beheer, maar God se geregtigheid *genees* die probleem. Die stelsel van " 'n oog vir 'n oog" sal net die hele wêreld blind maak, nie sondeloos nie. God het nie van hierdie konsep in Exodus 21:24 gepraat as 'n voorskrif vir geregtigheid nie, maar eerder as 'n beperking op die menslike toepassing daarvan (soos ons gesien het in die voorvalle waar Israel 'n koning wou hê, die kwartels, diere-offers en steniging – God beveel wat die mens begeer, maar slegs somstyds, en wel binne perke).[9] Jesus bring egter <u>*God se manier*</u> na vore waarvolgens Sy volgelinge in hul invloedsfeer dit uitlewe:

> *"Julle het gehoor dat daar gesê is: Oog vir oog en tand vir tand. Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op*

9 Hierdie konsep word ook gesien in die wette aangaande rein en onrein wesens (sien Lev. 14; Deut. 11). God se oorspronklike plan was dat niks moes sterf nie, want die mens se dieet was plantgebaseerd (Gen. 1:29), maar weens die hardheid van ons harte gee God toe aan ons begeertes en stel perke in om ons stap vir stap terug te lei na harmonie met Sy oorspronklike plan. Jesus het dieselfde omtrent egskeiding gesê toe Hy gesê het, "maar van die begin af was dit nie so nie." (Matt. 19:3-9). Insettinge aangaande Israel se oorlogvoering, veelwywery en slawerny, ens., val in hierdie kategorie van akkommodasie (Eség. 20:25).

*jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe." ~ Matthéüs 5:38-39.*

Dus, omdat ons, wat die koninkryk van God in ons het, *"hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is" (Heb. 11:13, AFR83)*, sal ons *"dan aan die keiser [gee] wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort." (Matt. 22:21, AFR83)*. *"As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien [waarlik verstaan en ervaar] nie." (Joh. 3:3, AFR83)*, want *"julle oordeel oor iemand volgens sy uiterlike [wêreldse standaarde]; **Ek [Jesus] oordeel oor niemand nie.**" (Joh. 8:15, AFR83).*

*"**En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie,** maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is." ~ Romeine 12:2*

> *Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet. … Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie!*
>
> *Romeine 3:31 ; 6:15*

Jesus se lering verander geensins Sy Vader se instruksies nie, maar plaas klem op die <u>ware bedoeling</u> (sien Jes. 42:21; Matt. 5:17-20). Hy verduidelik hierdie konsep verder deur te sê: *"Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete." (Matt. 7:12). "'n Oog vir 'n oog"* is dus bedoel om <u>ons</u> (die gelowige) te weerhou om kwaad te doen. God sê: "As jy nie wil hê iemand moet jou oog uitsteek nie, moet dan nie hulle s'n uitsteek nie." En ja, soos Jesus dit stel: Dit is tog waarop dit neerkom in "die wet en die profete":

*"Moenie sê: "Ek wil my wreek oor die kwaad wat my aangedoen is" nie; vertrou op die Here, en Hy sal jou help… Moet jou nie verheug oor jou vyand se val nie, moenie juig wanneer hy ondergaan nie… **Moenie sê: "Soos hy aan my gedoen het, sal ek aan hom doen, ek sal hom terugbetaal vir wat hy gedoen het" nie**… As iemand wat jou haat, honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink." ~ Spreuke 20:22; 24:17,29; 25:21, AFR83.*

**Laat ons nie dink dat, tensy iemand wat ons te na gekom het hulle onreg bely, ons geregtig is om ons vergifnis van hulle te weerhou nie.**

*"Julle is die uitverkore* ***volk van God*** *wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het.* ***Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe.****"* ~ *Kol. 3:12-13, AFR83.*

Wil jy 'n verandering in jou lewensperspektief bring? Wel, laat ek jou wys hoe die term 'vergifnis' met 'n totaal nuwe inhoud ingekleur kan word. Toe die Seun van God, die Een wat God se volmagtige Verteenwoordiger is, aan die kruis gehang het en dus die mees skandelike situasie in die gesig gestaar het (Fil. 2:8), en toe die oortreders, wat ons verteenwoordig, Hom uitgedaag het deur aan Hom te sê: "As U die Seun van God is, kom dan nou van die kruis af", het Hy hierdie woorde uitgespreek: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." Hy het dus gewys hoe ver die Vader se vergifnis strek en dat die enigste versperring daarvoor gevind word in ons eie hardkoppigheid en nooit in Sy karakter nie. Sy brandende begeerte om Sy kinders te vergewe, is verder uitgedruk in die woorde wat uitgespreek is aan die enigste een op Golgota wat daardie dag om genade gevra het: *"Verder sê hy: 'Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom.' Jesus antwoord hom: 'Ek verseker jou vandag, jy sal saam met My in die paradys wees.' " (Lukas 23:42,43).* Voel jy Sy begeerte om ook in hierdie voorval te vergewe? Wel, die berouvolle man wat hierdie gawe van vergifnis ontvang het, verteenwoordig daardie klein deeltjie van die mensdom wat werklik glo dat die Here altyd gereed is om Sy genade teenoor hulle te betoon, selfs wanneer die dood 'n werklikheid is, want Sy barmhartigheid is anders as ons s'n – dit duur vir ewig.

~ Deyan Delchev (Ravno Pole, Sofia, Bulgarye)

Ons het gesien dat die versoening nie is dat God se denke met ons denke versoen sal word nie, maar dat ons denke met Syne versoen sal word. Dit is ons denke (ons wanbegrip van God se karakter) wat moet sterf. *"Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was." (Fil. 2:5).* Ons gesindheid/denke moet vernuwe word tot sy oorspronklike toestand voor Adam se sondeval, sodat ons begeertes vernuwe word om die Vader op Sy manier te behaag. Die Griekse woord vir "*bekeer*" is *metanoeó; wat*

letterlik beteken “om 'n mens se denke te verander (vernuwe)”; daarom, aangesien *“die koninkryk van God naby gekom het, bekeer julle [vernuwe julle denke] en glo die evangelie [die goeie nuus van ons Vader se ware karakter]” (Mark. 1:15)*; want dit is God se goedheid [goedertierenheid] wat ons tot bekering lei. (Rom. 2:4).

Wanneer sonde sy gang deur die hele geskiedenis van die koninkryke van die wêreld (Babilon, Medo-Persië, Griekeland, Rome) gegaan het, waarvan die profeet Daniël gepraat het (Dan. 7:1-12), volg dit dat *“aan dié menslike wese [die Seun van Mens/Messias/Jesus] die heerskappy en eer en koningskap gegee is, sodat al die volke, nasies en taalgroepe hom sou dien. Sy heerskappy is 'n **ewige heerskappy**, dit sal nie tot niet gaan nie; **sy koningskap sal nie ophou nie**.” (Dan. 7:13-14, AFR83)*.

> *“Hoekom sou hierdie mag van die 'Seun van die Mens' nooit deur 'n ander mag vernietig word nie? Die tradisionele interpretasie skryf dit toe aan God se almag. Dus, wanneer Hy al die wêreldmoondhede deur Sy onbeperkte, afdwingbare mag, krag en geweld verpletter, sal daar niemand oorbly om God ooit weer teen te staan nie. Maar is dit wat die beginsel van die swaard ons oor God se regering leer? Beslis nie! God demonstreer deur die geskiedenis dat nie eers Sy almag vrede kon vestig deur mag, geweld en afdwingbare krag nie [anders sou Hy dit gebruik het]. As Hy almag en krag kon gebruik het, dan sou rebellie in die eerste plek nooit plaasgevind het nie, en sou dit nie nodig gewees het vir God, mense en engele om al hierdie hartseer vir meer as 6000 jaar te ly nie.*
>
> *“Waarom duur die koninkryk van die 'Seun van die Mens' vir ewig? Die rede is dat dit funksioneer op beginsels wat direk in teenstelling staan met al die magte wat ons al in die geskiedenis aanskou het. Hy gebruik nooit die swaard, krag of afdwingbare mag nie [Luk. 22:49-51]. Syne is die ‘Swaard van die Gees’ – WAARHEID, LIEFDE EN VRYHEID. In hierdie koninkryk bied die Koning en Sy ‘dienaars’ die waarheid in liefde aan; dit staan mense vry om dit te ontvang of te verwerp. **In plaas van geweld, vryheid; in plaas dat Hy Sy teenstanders doodmaak, sterf Hy in hulle plek; in plaas daarvan om Sy onderdane te dwing tot onderwerping, verander en smelt Hy hulle verharde harte deur die openbaring van Sy liefde vir hulle, wat nooit verander nie.** En diegene wat nooit sal kies om aan Sy beeld gelykvormig te wees nie, staan vry om ‘van Sy teenwoordigheid weg te gaan’ en om ‘na die rotse en berge te roep om hulle te verberg. Let egter op dat dit die dood bring om van God [die enigste bron van*

*lewe] af te wyk. '…Ja, wee hulleself ook as Ek van hulle wyk!' (Hoséa 9:12)." ~ (Emmanuel Eshun, Law of the Sword, characterofgod.org).*

Dit is nie meer nodig om God uit *"vrees vir die dood"* te dien nie. Deur die Nuwe Verbond-ingesteldheid beweeg jy weg van gehoorsaamheid aan 'n lys reëls, as 'n blote verpligting, na dié van liefdevolle en onbaatsugtige ontvangs van Sy gawe van genade en bekering om te lewe soos God leef - soos Christus! Jy dien Hom nie meer as 'n nederige, vreesbevange dienskneg, gebaseer op prestasie nie, maar as gevolg van jou erfenis deur Christus as seuns en dogters van God wat na Sy beeld en gelykenis geskape is.[10] *"Die gebod is heilig en regverdig en goed" (Rom. 7:12)* omdat die groot Wetgewer (Wetsontwerper) heilig en regverdig en goed is, en wanneer Hy in die bekeerde gemoed en hart leef, belowe Hy: *"Heilig moet julle wees [julle sal heilig wees – KJV/julle is Heilig – YLT], want Ek, die HERE julle God, is heilig." (Lev. 19:2)*.

*"Wat moet ons nou hiervan sê? Moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem? Beslis nie. Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe? … Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was [die eie ek], saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie." ~ Romeine 6:1-2,6, AFR83.*

Deur die krag van Sy genade sal jy nie meer Sy naam (karakter van liefde) oortree (ontheilig) nie. Jy sal jou verlustig in Sy liefde en daardeur aangetrek word. Esra het gesê: *"As julle die Here met blydskap dien, sal Hy julle beskerm." (Neh. 8:11, AFR83)*. Jy sal God toelaat om Sy Gebooie te herskryf, nie op kliptafels nie, maar *"op die tafels van jou hart" (Spr. 7:3)* en verklaar: *"Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en **u wet is binne-in my ingewande**." (Ps. 40:9; Heb. 8:10)*.

Werklike vryheid in Christus skenk aan ons Sy krag om gehoorsaam te wees – *"As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees." (Joh.8:36)*. Jy sal WAARLIK vry wees. Jou dade (werke) sal "waarlik" in ooreenstemming met jou vryheid wees. Om vry te wees in Christus beteken dat ons volmaakte

[10] 'n Studie omtrent die verbonde wat nie uit twee dispensasies of twee tydsbedelings bestaan nie, maar eerder uit twee denkpatrone, is beskikbaar: *Reis van Geloof* deur Ruben Olschewsky, Sms/Whatsapp na 082 745 4462 vir 'n kopie.

vryheid van die sonde-slawedrywer verkry. Ons moenie meer in slawerny wees aan die gedagte dat ons nie 'n keuse het in die saak om-te-sondig of om-nie-te-sondig-nie. Deur die krag van God se genade *sal die sonde [oortreding van die wet] nie oor jou heers nie. (Rom. 6:14).*

Ons het nog altyd 'n keuse gehad, maar die vyand het ons verlei om te dink dat mense geen ander keuse het as om te sondig nie. God sal nooit Homself aan ons opdring of inbreuk maak wanneer ons protesteer nie, want God beheer nie ons gedagtes sonder ons toestemming nie. Ons is almal vry om te kies watter mag ons oor ons laat heers: *"òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid." (Rom. 6:14-18)*.

Vanaf sy vroeë kinderjare was Jesus daagliks getuie van die liefdevolle genade wat die Vader aan Hom geskenk het. Lukas skryf van Jesus: "En die Kindjie het gegroei en sterk geword in die Gees [karakter] en vol van wysheid. En die genade van God was op Hom." (Luk. 2:40). Jesus se steeds groeiende liefde vir Sy Vader het Hom verseël sodat Hy nie verroer kon word nie. Paulus sê dat Jesus *"versoek is net soos ons, maar sonder sonde." (Heb.4:15)*. Alhoewel Hy, *soos ons,* gebore is *"in die gelykheid van die sondige vlees" (Rom.8:3)*, het Hy nooit een keer gekies om te sondig nie. Hy het ons sondige vlees op Hom geneem, met al sy neigings tot sonde, maar het dit in elke asemteug en elke gedagte weerstaan. *"Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword" (Heb. 2:14, AFR83)*. Jesus het gesê ons sal oorwin *"net soos Ek ook die oorwinning behaal het." (Open. 3:21, AFR83)*. Hoe het Hy elke versoeking oorwin? Deur God se krag van genade te ontvang. *"Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word." (Heb. 4:16, AFR83)* – net soos Christus! Ons kan dus deur geloof (in vertroue) wandel met die wete dat *"die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe." (Titus 2:11-12, AFR83).* Dit is 'n wonderlike hoop en belofte!

**Genade + redding = om op te hou sondig "in die teenswoordige wêreld"**

Onthou jy die storie waarna ons vroeër verwys het oor die verlamde man in Matt. 9:2-7? Jesus het nie net gesê: "Jou sondes is jou vergewe" nie, maar Hy het voortgegaan en gesê: *"Staan op en **LOOP**." (vers 5)*. God se vergifnis het hom die vryheid gegee om te "loop." Ons het ook gesien dat Jesus by 'n ander geleentheid Sy vergifnis gedemonstreer het teenoor 'n beskuldigde, owerspelige vrou. Nadat Jesus vir die vrou gesê het: *"Ek veroordeel jou ook nie" (Joh. 8:11a)*, het Hy ook bygevoeg: "*Gaan en sondig nie meer nie" (vers 11b)*. **God se genade/geregtigheid het haar die vryheid/genesing van die slawerny/veroordeling van Satan gegee om te gaan en nie meer te sondig nie**. *"Laat ek tog altyd die waarheid praat, want <u>ek hoop op u geregtigheid</u>. **Ek sal u gebooie [Tora] gehoorsaam** so lank as wat ek lewe. <u>Ek sal in vryheid kan lewe</u>, want ek soek u bevele." (Ps.119:43-45, NLV)*.

Dit is in werklikheid wat 1 Johannes 1:9 openbaar: "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig [Hy staan in volle geregtigheid] om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig." Let op dat hierdie vergifnis vorentoe wys – Hy is getrou "om ons … te vergewe." Dit is anders as die woorde "vergewe het" (verlede tyd) wat in Kolossense 2:13 gevind word, wat sê: "Julle was dood deurdat julle gesondig het … God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes **vergewe het**." Hierdie vers wys na die verlede tyd (iets wat reeds bereik is) terwyl 1 Joh. 1:9 vorentoe wys (of iets wat nou nog aan die gang is).

Die Griekse woord vir "vergewe" in Kolossense 2:13 is *charizomai* wat beteken, "vergewe, om genadiglik iemand se sondes te vergewe." Die woord vir "vergewe" in 1 Johannes 1:9 is egter die woord, *aphiémi* wat beteken, "verwyder, skei ons van". Ons vind presies dieselfde woord in Matt.13:36 wat sê: *"Nadat Hy die skare <u>weggestuur het</u> [aphiémi], het Jesus huis toe gegaan..."* Ons vind dit ook in 1 Kor.7:11 waar dit vertaal word as *"verstoot"* in die Ou Afrikaanse Vertaling, in die sin van "egskeiding." Wat 1 Joh. 1:9 eintlik sê, is: "*As ons ons sondes bely, Hy [God] is getrou en geregverdig om ons sondes <u>WEG te STUUR/te VERSTOOT</u> [te vergewe] en ons van alle ongeregtigheid te reinig."* Dit is 'n vergifnis wat deur die sondaar, wat reeds vergewe is, ontvang word. Hy sal ons 'n volle "egskeiding" van sondige

praktyke gee, indien ons voortgaan om getrou Sy ewige vergifnis te ontvang.[11]

Wanneer Satan 'n sonde aan jou voorhou en probeer om jou te laat twyfel aan God se vergifnis, wat selfveroordeling in groter mate bring, onthou dan net dat hy jou net sal herinner aan 'n sonde wat jy bely het en waarvan jy vergewe is. Hy sal nooit 'n sonde in jou gedagtes bring waarvan jy nie bewus is nie. Hoekom? Want hy weet jy sal dit dadelik bely en daarvan gereinig word. God, aan die ander kant, bring 'n sonde van jou hede in jou gedagtes, nie om jou te veroordeel nie, maar omdat jy Hom gevra het, sodat jy dit kan erken, dit bely en daarvan gereinig word.

In die Nuwe Testament praat Jesus van 'n sonde wat nie vergewe kan word nie. Lukas 12:10: "En elkeen wat 'n woord teen die Seun van die mens sal spreek, dit sal hom vergewe word; maar vir hom wat gelaster het teen die Heilige Gees, sal dit nie vergewe word nie." Hoe kan dit wees dat alle sondes wat teen Christus gespreek word, vergewe kan word, maar dié wat teen die Heilige Gees laster, nie vergewe kan word nie? Jesus praat deur ons gewete met behulp van die Heilige Gees en bring op hierdie manier die oortuiging van waarheid in ons gedagtes. Ons Verlosser reik na ons uit en bied ons genade deur die oortuiging van Sy Gees. Wanneer ons die influisteringe van die Gees verwerp, bly daar vir ons geen ander uitweg oor as om die vergifnis van God deur Jesus te aanvaar. Die onvergeeflike sonde is dat die mens weier om die genade van God te aanvaar. Dit is die mens wat besluit sy sonde is onvergeeflik; want God se goedertierenheid is tot in ewigheid. Psalms 100:5. Wanneer die mens die waarheid verwerp en sondig, tot die plek waar hy nie kan glo dat daardie sondes vergewe kan word nie, dan is dit onmoontlik vir die mens om vergewe te word. Hy het dit self besluit en God is nie in staat om hom van plan te laat verander nie. God het nie die dood geëis as 'n straf op sonde nie; die dood is beslis die resultaat van die geloof dat God nie sal vergewe nie.

~ Leraar Adrian Ebens (Brisbane, Queensland, Australië)

---

[11] Vir 'n meer uitgebreide studie omtrent hierdie twee woorde vir "vergifnis", sien die boekie "*Biblical Forgiveness – Are there two types?*" op *https://characterofgod.org/biblical-forgiveness-are-there-two-types/*

Paulus vertel ons dat "in Hom [Jesus Christus] is die volle wese van God beliggaam" (Kol.2:9, AFR83). Hy lei ook in gebed:

> *"Ek bid dat Hy [die Vader] deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid [Sy karakter] aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word [deur Sy Gees, Sy lewe/teenwoordigheid],* ***dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon*** *en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en* ***mag julle heeltemal vervul word met die volheid [die karaktereienskappe] van God****. ~ Efesiërs 3:16-19, AFR83.*

Net soos Jesus in sondige vlees, met 'n goddelike natuur ("heeltemal vervul word met die volheid van God") gebore is, net so kan ons, terwyl ons in daardie selfde sondige vlees is, wedergebore word en kan *"julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en <u>deel kry aan die Goddelike natuur</u>." (2 Pet.1:4).*

**Wat die Vader in en deur Sy eniggebore Seun gedoen het, sal Hy doen in elkeen wat hulleself onderwerp en sterf aan die eie ek. Ons sal op hierdie aarde in volkome eenheid met Hom lewe en toelaat dat Hy ons eie heerlikheid neerlê en vir ons doen wat ons nie vir onsself kan doen nie.**

Dit is ware geregtigheid deur geloof. Ons sal "die gebooie van God en die geloof in [van] Jesus bewaar" deur die versekering van Jesus (Open.14:12). Ons <u>sal</u> lewe "**<u>deur</u>** die geloof in [van] die Seun van God" terwyl ons "in die vlees lewe", want Jesus se geloof is "die geloof wat deur die liefde werk." (Gal.2:20; 5:6, sien die King James vertaling vir ingevoegde woord "van"). Sy geloof moet ons s'n word. Dit is waar dat ons nie God se wet (Sy karakter) in ons eie krag kan demonstreer nie, maar Jesus het gekom en in ons menslikheid geleef en gedemonstreer. **Deur Sy volmaakte gehoorsaamheid en onderdanigheid het Hy bevestig dat die mensdom, wanneer dit gekombineer word met goddelikheid, elkeen van die gebooie van God kan en sal gehoorsaam**. Ons word nie goddelik nie, ons "het deel daaraan." *"Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel." (Ps.19:8).*

In Openbaring 14:6-7 sê 'n engel "met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde": "Vrees God en gee Hom heerlikheid." In Openbaring 18:1-4 sien ons die resultate van hierdie ewige evangelie wanneer *'n ander engel "neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde verlig [is] deur sy heerlikheid."* Hierdie engele (boodskappers) verteenwoordig 'n groot beweging op die aarde, aangesien die boodskap van " 'n ewige evangelie" "met groot mag" deur Sy mense gegee word. Die heerlikheid van hierdie laaste engel verlig die hele aarde. Hierdie heerlikheid kom van ons Vader, aangesien Sy ware karakter uiteindelik gehoor en gesien word in die woorde en lewens van Sy mense. Dit is die werk wat ons in hierdie laaste dae moet voltooi. Net soos God in die vlees geopenbaar is deur Sy Seun (1 Tim.3:16), sal Hy in die vlees geopenbaar word deur Sy kerk (Sy mense); "sodat ook die lewe van Jesus in ons sterflike vlees openbaar kan word." (2 Kor. 4:11). Paulus het geskryf oor die doel van hierdie lig …

> *"sodat nou* ***deur die gemeente*** *aan die owerhede en magte in die hemele [nie net die aardbewoners nie] die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word." ~ Efésiërs 3:10.*

God se karakter sal voor die ganse heelal bevestig word "deur die gemeente" - diegene wat nie Sy liefde weerstaan nie. Paulus noem hierdie manifestasie van God in die vlees "die verborgenheid van godsaligheid [heiligheid/geregtigheid]" (1 Tim. 3:16) in God se openbaarmaking van *"die rykdom van die heerlikheid [karaktertrekke] van hierdie verborgenheid … dit is* ***Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid****." (Kol.1:27)*.

> *"Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld [Satan] die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus,* ***wat die beeld van God is****, op hulle nie sou skyn nie. Want ons verkondig nie onsself nie, maar Christus Jesus as Here, en onsself as julle diensknegte om Jesus wil. Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn—dit is Hy wat in ons harte geskyn het om* ***die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus****. ~ 2 Korinthiërs 4:3-6.*

Hierdie werk sal deur Jesus voltooi word as ons Hom toelaat om in te kom om ons harte en denke te deursoek, om ons sondes bloot te lê, sodat ons dit dadelik kan bely en Sy vergifnis kan ontvang om van alle ongeregtigheid gereinig te word; *"dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus." (Fil. 1:6)*. Ja, liewe broers en susters, die dood en opstanding van Jesus het nie die hele plan van verlossing voltooi nie. Alhoewel Sy dood en opstanding die oorwinning van ons verlossing verseël, is daar nog werk vir ons hemelse Hoëpriester om <u>*in*</u> ons te doen. Paulus het geskryf:

> *"Daarom kan Hy [Jesus] ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree." (Heb.7:25, AFR83); "Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die [huidige] lewe van sy Seun gered sal word." (Rom.5:10).*

**Jesus leef tot vandag toe nog in volkome harmonie met die geregtigheid van Sy Vader, soos deur die wet (Tora) uiteengesit. Indien Hy toegelaat word om in jou hart te lewe, is dit Sy <u>teenswoordige heilige lewe</u> in jou wat jou regverdig maak.**

*"Die enigste ware voorbereiding vir die koms van die Here is skeiding van sonde. Dit maak geen verskil hoeveel ons oor die koms van die Here praat nie; ook nie hoeveel ons die tekens van die tye verkondig nie; en ook nie hoeveel ons op enige ander manier voorberei nie, al verkoop ons alles wat ons het, en gee aan die armes, – indien ons ons nie van sonde skei nie, en dit ons voortdurende oorweging maak om absoluut van sonde geskei te wees, en om dienaars van geregtigheid tot heiligheid te wees, dan maak ons glad geen voorbereiding vir die koms van die Here nie ... indien ons voortdurende oorweging nie totale skeiding van sonde is nie, is ons getuienis 'n bedrogspul."* ~ *A.T. Jones (1850-1923)*



Met Jesus wat in en deur ons lewe, sal ons dieselfde werk doen as wat Jesus gedoen het toe die Vader Hom gestuur het. Ons sal Sy naam (Sy ware

karakter) bekend maak. Ons moet ware getuies wees van God, ons Vader van liefde. Sommige mag bely dat hulle "Christene" is, maar hul lewenstyl bewys dat hulle slegs verteenwoordigers van Satan, die vader van leuens, is. Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar vir selfsugtige redes, is nie redding nie. Pogings om "goed" te wees om God te help in Sy besluit om jou te aanvaar, amper asof Hy 'n tipe Kersvader is wat net vir die "goeie kinders" goeie geskenke gee en die "stout kinders" 'n blok steenkool, is 'n valse evangelie. Om selfsugtig te leef, terwyl jy beweer dat Jesus in jou woon, stel Hom voor as 'n selfsugtige wese, en aangesien Hy gevul is met al die volheid van God, stel ons ons hemelse Vader as 'n selfsugtige wese voor. Dit is Satan se doelwit, en deur so te leef en dit te verkondig, versterk ons sy saak teen God. Die meeste mense vandag is met reg gekant teen die konsep van "bevele", aangesien Satan die Tien Gebooie van God vergelyk het met bevele van tirannieke leiers deur die geskiedenis heen – Gehoorsaam my of ek sal jou martel! Maar hier is die Hebreeuse woord vir "bevele" egter *dabar* — "woorde", in die konteks van "beloftes" — "Ek gee jou My Woord."

Hier is ander voorbeelde van dieselfde grammatikale konstruksie wat duidelik beloftes is en nie opdragte nie: "Maar die HERE sê vir hom: Vrede vir jou! Vrees nie! **Jy sal nie sterwe nie**." (Rigters 6:23). "En Dawid sê vir Natan: Ek het gesondig teen die HERE! En Natan sê vir Dawid: So het die HERE dan ook u sonde vergewe: **u sal nie sterf nie**." (2 Sam. 12:13). (Sien ook 2 Sam. 19:23, Jer. 34:4, Jer. 38:24). "**Jy hoef nie** te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie." (Ps. 91:5). "Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en **my bepalings gehoorsaam en nakom**." (Eseg. 36:27, AFR83).

Daardie laaste vers is die belofte van God wat Sy Gees in ons plaas, wat die belofte van Sy wet in ons harte sal meebring, wat ons in staat stel om al Sy gebooie te onderhou. **God se wet sal dan NIE onder dwang gehoorsaam word (uit vrees vir straf) nie, maar dit sal ooreenstem met ons natuurlik wil (uit liefde vir Hom). <u>Die natuurlike gevolg van vervulling met die Gees van God is om Sy gebooie te onderhou</u>.** "Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart." (Hebr. 4:12). God het nie sy woord nodig sodat Hy ons harte kan lees nie. Die Bybel is so geskryf dat (indien dit reg verstaan word) dit ons help om ons eie harte te lees. Hierna word soms verwys as die spieëlbeginsel.

~ Ray Foucher, (Greenwood, British Columbia, Kanada)

Kyk gerus na ‘n paar van God se opdragte en vra jouself af hoekom Hy dit beveel. Byvoorbeeld: Hoekom mag ons nie steel nie? Is dit omdat dit mense ontstel as jy hul goed vat waarvoor hulle hard gewerk het? Nee, hoewel dit 'n negatiewe gevolg van so 'n daad is. Om te steel is moreel verkeerd, want God is nie 'n dief nie en wanneer jy steel, stel jy God as 'n dief voor. Hoekom is egbreuk verkeerd? Nie omdat dit huwelike en gesinne verwoes nie (wat dit wel doen), maar omdat God altyd getrou is en wanneer jy egbreuk pleeg, stel jy God as 'n egbreker voor. Hoekom is die verbreking van die Sabbat verkeerd? Omdat God die Bron van ons rus is en Sy bepaalde tye (die feestye) ontwerp is as 'n kanaal om 'n groter mate van Sy teenwoordigheid in te drink (Exo. 33:14; Matt. 11:28-30; Heb. 4); dit is slegs Sy teenwoordigheid wat ons heilig maak (Eség.20:12,20). Hoekom mag ons nie ander se goed begeer nie? Omdat God nie 'n Wese is wat ander se goed begeer nie.

Waarom is dit “goeie dade” om die hongeres te voed, die armes van gees te bedien, die siekes te genees, die weduwees en weeskinders te besoek en die bejaardes te help om die straat oor te steek? Want *“God is liefde”* en dit is hoe ons Vader van liefde in alle ewigheid lewe. Die woorde “jy mag nie ...” kan as 'n belofte gelees word. Wanneer die Vader in jou bly, deur die Gees van Sy Seun, belowe Hy *“jy <u>sal nie</u> doodslaan nie”*, want God slaan nie dood nie.[12]

---

[12] Sommige argumenteer dat die Hebreeuse woord vir “doodslaan” (*ratsach*) in die opdrag “Jy mag nie doodslaan nie” (Afr Ou Vertaling) eerder as “moord” vertaal moet word (Sien Afr 1983 Vertaling) en dus verbied die opdrag moord, maar nie doodslaan, bv. in baie situasies soos selfverdediging, militêre plig of teregstelling vir 'n doodsvonnis. In Deut. 4:42 en Num. 35:22-25, word *ratsach* gebruik in die geval van moord sonder opset (manslag). Sou dit sin maak vir God om te beveel: “Jy mag niemand per ongeluk doodmaak nie”? Die argument is dat, as God alle moord bedoel het, insluitend selfverdediging, militêre plig of teregstelling vir 'n doodsvonnis, dan sou die Hebreeuse woord *muwth* gebruik gewees het. Daar is egter voorbeelde waar *muwth* gebruik word in gevalle van moord met voorbedagte rade en sluipmoord (1 Sam. 19:2). As *muwth* net verwys na doodmaak om “regverdige redes”, soos baie sê, dan sou Psalm 37:32 verkondig dat 'n goddelose mens 'n regverdige om regverdige redes kan doodmaak: “Die goddelose loer op die regverdige en soek om hom dood te maak [*muwth*].” Maar kan 'n goddelose mens ooit enigiets regverdig doen? En wat van hierdie vraag: As *ratsach* net na “moord” verwys en deur God verbied word, hoekom sou God die teenoorgestelde opdrag in Num. 35:30 gee: “As iemand ‘n mens doodslaan, moet die

"Maar wag!", sal sommige skerpsinnige Bybelkenners uitroep: "In Deut.32:39 sê God self: 'Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees...' " Ander sal sê: "Pred. 3:3 sê daar is 'n 'tyd om dood te maak en 'n tyd om gesond te maak...' " Dis reg, ja, maar het ons nie die seëninge en vloeke gesien wat die gevolg is van God se eie teenwoordigheid nie?"




Net 'n herinnering dat God se teenwoordigheid 'n verterende vuur vir sonde is waar dit ook al gevind word. Wanneer God sê "Ek maak dood en maak lewend" sê Hy nie dat Hy sommige mense doodmaak terwyl Hy ander lewend maak nie. Hy verwys na dieselfde individu. Sal jy Hom toelaat om die sonde (die "ou mens" — die sondige natuur) te verteer/dood te maak/ te verbrysel en jou lewend/gesond te maak deur Sy inwonende Gees wat in jou 'n nuwe (wedergebore) skepsel skep?

---

moordenaar [*ratsach*] op verklaring van getuies gedood word [*ratsach*]." Sê God dan dat dit reg is dat "die moordenaar op verklaring van getuienis vermoor word"? Adrian Ebens skryf: "Indien God en Sy Seun mense doodmaak, het Hulle die dood in Hul Gees. Indien dit waar was, kon die dood nooit vernietig word nie en sou dit nie as 'n vyand beskou word nie. [1 Kor. 15:26] Christus *het* nie bloot die ewige lewe nie, Hy *is* die ewige lewe. Jy kan nie die ewige lewe *wees* en terselfdertyd die dood in jou karakter hê nie, dit is eenvoudig nie moontlik nie!" (Agape, bl. 142. Laai *Agape* gratis af by *vadervanliefde.com*).

*"Daarom, as iemand in [een met] Christus is, is hy 'n nuwe skepsel [wedergebore]; die ou [selfsugtige] dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut [onselfsugtig] geword." ~ 2 Korinthiërs 5:17.*

Onthou altyd dat, terwyl hy op hierdie sonde-belaaide aarde was, was Jesus self "*verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, **soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg**; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie." (Jes. 53:3)*. God belowe nie dat jy sonder hartseer en lyding sal wees op hierdie aarde nie. Jesus sê Hy het gekom, "dat hulle lewe en oorvloed kan hê." (Joh. 10:10). Dus, *"**namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus**, moet julle **bly wees**, sodat julle ook by die openbaring van sy heerlikheid met blydskap kan jubel." (1 Pet. 4:13)*.

Onthou, Job het nie verdrukkinge gely omdat God hom oor sy sonde geoordeel en gestraf het nie; Hy sal dit ook nie aan jou doen nie. In die gelykenis van die koring en die onkruid wys Jesus dat die een wat onkruid (of moeilikhede in die lewe) op die aarde saai, 'n *"vyand"* is*. (Matt. 13:24-30)*.

**Siekte, lyding en die dood is die werk van 'n antagonistiese mag. Satan is die verderwer; God is die geneesheer**

*"Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, **wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie**; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra."*
*~ 1 Korinthiërs 10:13*

Liewe vriende, Hy het geloof in julle. Het jy geloof in Hom? ***"Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val**, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie." (Jak. 1:2-4).*

*"…die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat **vir die vreugde [ek en jy] wat Hom voorgehou is**, die kruis verdra het, die*

*skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het. Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie... Verder, ons het ons vaders na die vlees as kastyders gehad, en ons het vir hulle ontsag gehad; moet ons nie veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees en lewe nie? Want húlle het ons wel 'n kort tydjie na hulle beste wete getugtig; maar Hy tot ons beswil,* ***sodat ons sy heiligheid kan deelagtig word****."* ~ *Heb. 12:2-3, 9-10.*

*Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie kan teen ons wees?*
*~ Romeine 8:31 ~*

Deur Jesus te aanskou, verkry ons deel van Sy heiligheid – die heiligheid van die Vader. Jesus is die volledige beeld van die Vader. Nie gedeeltelik nie, asof Hy die lig (vrede en genade) is terwyl die Vader duisternis is (wraakgierigheid en geweld) nie. Nee, Hy is die volmaakte "weg" tot die regte begrip van ons hemelse Vader. Paulus het gesê dat Jesus *"aan die regterkant van die troon van God"* sit *(Heb.12:2)*. Hy is daar as ons Hoëpriester, ons *"Voorspraak by die Vader". (1 Joh. 2:1)*, wat die ENIGSTE *"Middelaar tussen God en mense" is. (1 Tim. 2:5)*. Soos ons gesien het, beteken Jesus se funksie as Voorspraak en Middelaar nie dat Hy saam met ons probeer om God met ons te versoen nie, maar dat Hy en die Vader saamwerk om ons met hulle te versoen. Jesus is ons Voorspraak saam met die Vader.[13]

[13] Trouens, die Griekse woord vir "*advokaat*" is *parakletos* wat dieselfde woord is wat meestal vertaal word as "*Trooster*" of "Helper", in Joh. 14:15-17,26 verwysend na die Heilige Gees. Wanneer Jesus na 'n "ander Trooster" verwys, praat Hy grammatikaal in die derde persoon en nie van 'n derde persoon nie. Hy praat van Sy eie teenwoordigheid as "die Gees van die waarheid" wat in en deur ons sal lewe! In vers 18 sê Hy verder: *"Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe."* Dan in vers 23: *"As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak."* Die Heilige Gees van die Vader, deur Jesus, is ons "Voorspraak"; ons "Trooster"; ons "Helper"— "Die Gees [blywende teenwoordigheid] van die waarheid" in ons wat ons heilig en onselfsugtig soos Hy sal maak! (sien ook Ps. 51:13; 139:7; Joh. 15:4-5; Gal. 4:6-7).

*Die HERE is vír my;* ek sal nie vrees nie: wat kan 'n mens my doen?

Die HERE is vír my as my helper…

Ps.118:6,7

"Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid… dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; **dat hulle ook in Ons een mag wees**, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en **hulle liefgehad het** net soos U My liefgehad het." ~ Joh. 17:17, 21-23.

In my geloofsreis om die ewig-genadige en liefdevolle karakter van ons Vader te leer ken, het een ding vir my uitgestaan: hoe die Agape-liefde van die Vader die Geloof van Jesus verwek. Die Vader gee alles aan Sy Seun, en in reaksie onderwerp die Seun Hom aan die goeie, welgevallige en volmaakte wil van God. Johannes 3:35; Galasiërs 5:6; Johannes 6:57; Romeine 12:2. Die Seun leef volgens elke woord wat uit die mond van God kom en sê AMEN op alles wat die Vader sê, want Hy weet dat daar in God geen duisternis is nie. Matthéüs 4:4; Openbaring 3:14; Matthéüs 11:27; 1 Johannes 1:5. Daarom verheug die Seun Hom daarin en Hy leef om die heerlikheid (karakter) van Sy Vader te openbaar. Psalm 40:8,9; Johannes 17:4-6. Hierdie selfde proses vind in ons plaas. Christus openbaar aan ons die liefde van God, en as ons daardie openbaring aanvaar, sal die geloof van Jesus in ons gevorm word. Dan sal ons lewe volgens elke woord wat uit die mond van God kom, met die hoop om slegs ons Vader se heerlikheid aan ander te openbaar. Christus gee aan ons al die kennis wat Hy van God het, omdat Hy (God) wil hê dat ons Sy Agape-liefde moet aanvaar en deur geloof gelykvormig word aan die beeld van Sy Seun, sodat Hy (die Seun) die Eersgeborene onder baie broeders kan wees; 'n Vader, 'n ouer broer, baie kinders, een groot gesin. Romeine 8:29; Jesaja 9:6. Dit was my ervaring dat ek die karakter van God se liefde en die onderdanige geloof van Jesus kan ken, maar as ek dit nie voortdurend aanskou nie, gaan ek nie na dieselfde beeld van Jesus verander word nie. Laat ons dus ons oë vestig op Jesus, die Waarheid oor die Vader, en die Leidsman en Voleinder van geloof. Johannes 14:6; Hebreërs 12:2.

~ Carlos A. Hernández, (Manatí, Puerto Rico)

Die profeet Jesaja het geskryf:

*"Hy [God] sit bo die kring van die aarde, en die bewoners daarvan is soos sprinkane; Hy span die hemele uit soos 'n dun doek en sprei dit uit soos 'n tent om in te woon... Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is; daar word nie een gemis nie [of het tekort geskiet nie]. ~Jasaja 40:22,26*

Glo jy dit? Glo jy dat dit deur die Woord van God is dat al die hemelse leërskare in die uitspansel geplaas word en ordelik in hul bane wentel sonder om van koers af te gaan (Job 26:7)? Glo jy die Woord van God het hierdie soort soewereiniteit en skeppende mag oor die hele skepping? Waarom glo jy dan nie in "*Hom nou wat magtig is* ***om julle [JOU] van struikeling [sonde] te bewaar*** *en julle [****JOU****] sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig!" (Judas 1:24)*? Glo jy, toe die Woord van God gesê het: *"Laat daar lig wees"*, was daar lig (Gen. 1:3)? Hoekom glo jy dan nie ook dat jy "volmaak" sal wees as Sy kreatiewe stem sê: *"Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is." (Matt. 5:48)*; en *"Wees heilig, want Ek, die HERE jou God, is heilig!"*? Het jy soveel geloof soos die Romeinse hoofman oor honderd, soos opgeteken in Matthéüs hoofstuk 8?

*"En nadat Jesus in Kapérnaüm ingegaan het, kom daar 'n hoofman oor honderd na Hom toe en smeek Hom en sê: Here, my kneg lê tuis verlam en hy ly hewige pyne. Daarop sê Jesus vir hom: Ek sal kom en hom gesond maak. En die hoofman oor honderd antwoord en sê: Here, ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie; maar* ***spreek net 'n woord, en my kneg sal gesond word****. Want ek is ook 'n man onder gesag, en ek het soldate onder my. En vir hierdie een sê ek: Gaan! en hy gaan; en vir 'n ander een: Kom! en hy kom; en vir my dienskneg: Doen dit! en hy doen dit. Toe Jesus dit hoor, het Hy Hom verwonder en aan sy volgelinge gesê: Voorwaar Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so 'n groot geloof nie gevind nie... Toe sê Jesus vir die hoofman oor honderd: Gaan, en laat dit vir jou wees soos jy geglo het. En sy kneg het gesond geword in daardie uur."*

*~ Matthéüs 8:5-10, 13.*

Ons het gesien dat God dikwels deur ons vooropgestelde idees en opinies praat en 'n spieël omhoog hou waarin ons onsself in ons ware verhouding met Hom kan sien. Paulus sinspeel op hierdie waarheid deur te sê:



*"Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig...."*
*~ 1 Korinthiërs 13:12 ~*

Probeer hierdie eksperiment: staan in 'n donker kamer gedurende 'n helder sonskyndag en kyk deur 'n glasvenster na buite. Wat sien jy? Jy sien al die natuurskoon daarbuite, verlig deur die sonlig. Doen dan dieselfde een aand wanneer dit donker daar buite is. Staan dan in 'n verligte kamer en kyk uit na buite, na die donker. Wat sien jy? Jy sien jou eie weerkaatsing te midde van die donker en onduidelike beelde. Net so, wanneer jy die Ou Testament lees, sien jy net duisternis, bloedvergieting en geweld, met al sy vrees en veroordeling, " 'n bediening van die dood", sonder dat die lig van die Nuwe Testament regdeur die Ou Testament projekteer. Dan sê ons Vader: "Jy dink Ek is net soos jy!" (Ps. 50:21).

> *"... Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking [sluier] sonder dat dit opgelig word, ...maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking [sluier] weggeneem. Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid.*
> *~ 2 Korinthiërs 3:14,16-17.*

Die sluier van wanbegrip is deur die lewe van Jesus verwyder. Wanneer jy glo dat die Seun van God die volle openbaring van God se karakter is, word die sluier weggeneem en sal daardie lig die hele Ou Testament verlig. Jy sal dan 'n EWIGE evangelie/verbond hê wat die waarheid bevestig dat God vir ewig *"**barmhartig** en **genadig, lankmoedig** en groot van **goedertierenheid** en **trou**"* is.

Indien ons Jesus toelaat om ten volle in ons te woon, sal die sluier weggeneem word. Wanneer ons dus na die Ou Testament kyk, sal ons deur die oë van Jesus kyk. Ons persepsie van ons Vader sal duideliker word en as ons Sy pragtige, onveranderlike karakter aanskou, sal ons self verander word:

> *"Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, **<u>want die sluier is van ons gesig af weggeneem</u>**. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is." ~ 2 Korinthiërs 3:18, AFR83.*

**Met Sy liefde wat in ons woon, "het die liefde by ons volmaak geword" en *"volmaakte liefde dryf die vrees buite." (1 Joh. 4:17-18)***

Dit is my gebed dat julle almal ons Here en Verlosser Jesus Christus in nederigheid sal soek en Hom sal aanskou; dat Sy Vader se naam (karakter) op julle voorhoofde geskrywe sal word, en julle na Sy gelykenis deur die vernuwing van julle denke verander sal word, sodat julle ook 'n "nuwe lied" sal sing (Open. 14:3). Ons sal saam met die Psalmdigter sing:

> *"Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here, sing tot eer van die Here, almal op aarde! Sing tot eer van die Here, prys sy Naam, verkondig elke dag sy reddingsdade! Vertel die nasies van sy mag, al die volke van sy magtige dade. Die Here is groot, al die lof kom Hom toe, ontsagwekkend is Hy bo alle gode. Al die gode van die volke is niks: dit is die Here wat die hemele gemaak het… Buig voor die Here by sy heilige verskyning; betoon eerbied aan Hom, almal op aarde."*
>
> *~ Psalm 96:1-5,9, AFR83*

In God se Koninkryk leef ons "in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. **Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie**, maar die kragtige wapens van God wat **<u>vestings</u>** kan vernietig. **Daarmee vernietig ons die <u>redenasie</u>s en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word**. Ons neem **<u>elke gedagte</u>** gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak." (2 Kor. 10:3-5, AFR83). "Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees

wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug." (Ef. 6:12).

**Die ware stryd tussen God en Satan is nie in die Midde-Ooste nie. Dit speel af in ons denke.**

*Soos op Pinksterdag, toe die Gees op God se mense afgekom het (Handelinge 2), sal daar 'n laat reën wees net voor Christus se wederkoms en die mense van God sal 'n herlewing beleef, waarvan die resultaat 'n terugkeer na primitiewe godsaligheid sal wees.*

Wanneer die Tora (die wet – die karakter van die Vader) deur die Gees van Jesus in ons denke ingeskryf word, sal God "elke gedagte gevange [neem] om dit aan Christus gehoorsaam te maak." Paulus het geskryf, *"Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God [waarhede] nie aan nie; want dit [die waarhede] is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word … **maar ons het die sin van Christus.**" (1 Kor. 2:14,16)*. Met die gesindheid van Jesus in ons sal ons in harmonie wees met "die kennis van God." God het gesê sonder hierdie denke sal ons *"te gronde [gaan] weens 'n gebrek aan kennis" (Hos. 4:1-2,6)* want *"almal wat na die swaard [wêreldse wapens, en mag en krag] gryp, sal deur die swaard omkom." (Matt. 26:52; Open. 13:10)*. In Christus leef ons … *"nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê Jehova." (Sag. 4:6)*. Diegene wat Hom aanbid, sal "in gees en waarheid" aanbid (Joh. 4:23-24) en sal geskik wees om op die nuwe aarde te lewe.

*"Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see [verdeeldheid] het nie meer bestaan nie. ... Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê: 'Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God [hul Voorsiener]. Hy sal al die trane van hulle oë afdroog.*



***Die dood sal daar nie meer wees nie.*** *<u>Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie</u>. Die dinge van vroeër het verbygegaan.' " ~ Open.21:1,3-4, AFR83*

*"Dié dag sal Ek vir Israel 'n ooreenkoms sluit met die <u>wilde diere, die voëls</u> en <u>alles wat op die grond kruip</u>.* ***Ek sal die wapens vernietig en 'n einde maak aan oorloë*** *in die land sodat daar rus en vrede kan wees." ~ Hosea 2:17, AFR83*

*"Kom, laat ons optrek na die <u>berg van die Here</u> toe, na die huis van die God van Jakob* ***sodat Hy ons sy wil kan leer****, en* ***ons daarvolgens kan lewe****, want uit <u>Sion</u> kom die openbaring, uit <u>Jerusalem</u> die woord van die Here." Hy sal oordeel tussen die nasies, regspreek oor baie volke. Hulle sal van hulle swaarde ploegskare smee en van hulle spiese snoeiskêre.* ***Die een nasie sal nie meer die swaard teen die ander opneem nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie…*** *Wolwe en skape sal dan saam bly, luiperds sal tussen bokkies lê, kalwers, leeus en voerbeeste sal bymekaar wees en klein seuntjies sal vir almal sorg. Koeie en bere sal saam wei, hulle kleintjies sal bymekaar lê, leeus sal gras eet soos beeste. Babatjies sal by die gate van adders speel, klein kindertjies sal hulle hande uitsteek na giftige slange.* ***Op my heilige berg sal niemand kwaad aanrig of iets verniel nie, want die aarde sal so vol wees van die kennis van die Here*** *soos die see vol water is."*

*~ Jesaja 2:3-4; 11:6-9, AFR83. (Sien ook Hebreërs 12:18,22-24).*



In Daniël 7 het Daniël van 'n stelsel geprofeteer wat sou poog om alles wat die Messias kom doen het, te verdraai. Hierdie stelsel sou "probeer om die godsdienstige feeste en wette te verander" (sien Dan. 7:25). In plaas daarvan om God se wet geestelik voor te stel (Rom.7:14) sal hierdie stelsel God se wet uitbeeld as niks meer as arbitrêre reëls wat sonder rede opgelê word; 'n wetgewende gedragskode wat verander kan word, en dat iemand gestraf moet word indien hierdie reëls oortree word. **In hierdie tydperk van die kerkgeskiedenis, bekend as "die donker tydperk van die Middeleeue", het mense begin aanvaar dat God geensins anders as ons optree nie, wat dan vrees en veroordeling, in plaas van liefde, in ons denke geplaas het**.

Daniël gaan voort om te sê dat, nádat mense oor honderde jare deur hierdie stelsel gebreinspoel is, sal God op Sy troon sit en *“ ‘n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tien duisend maal tien duisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen.” (Dan. 7:10).* Ons onbekeerde denkwyse aanskou hierdie oordeelstoneel as 'n vreesaanjaende gesig waar God sal sit en al ons sondes nagaan, om ons te verhoor en te veroordeel en ons dan ter dood te veroordeel. Let noukeurig op dat Daniël 7 in Aramees geskryf is, maar wanneer Daniël in Daniël 8 en 9 van hierdie "visioen" praat, gebruik hy die Hebreeuse woord *mareh* (Dan. 9:23) wat ook dieselfde konsep dra, naamlik “spieël”. Die vroulike vorm van hierdie woord word deur Moses in Exodus 38:8 gebruik en verwys na die brons waskom wat gemaak is *“uit die **spieëls** [marah] van die diensdoende vroue wat by die ingang van die tent van samekoms gedien het.”*

Hierdie waskom was in die voorhof *buite* die heiligdom saam met die brandofferaltaar, wat ook met brons oorgetrek was. (Sien King James Bybelvertaling). (Elke meubelstuk *binne* die heiligdom is met goud oorgetrek.) Brons is 'n *mensgemaakte* legering van koper en tin. Tin word geïdentifiseer met skuim (Jes. 1:25; KJV) wat onthul dat die rituele, wat in die voorhof uitgevoer word, gerig is op die mens, om ons eie onrein geloof van strafvervanging en ons misleide paai-gebaseerde ingesteldheid te onthul, sodat ons daaroor kan besin. Dit is waarom Johannes, terwyl hy in ’n visioen was, opdrag gekry het om *“die tempel van God en die [wierook-] altaar en die wat daarin aanbid” te meet,”* maar aangesê is om nie die voorhof buite die tempel te meet nie *“want dit is aan die heidene gegee.” (Open. 11:1-2)*. Die “heidene” verteenwoordig hier al daardie ongelowiges wat nie bereid is om Jesus, ons Hoëpriester, te volg tot 'n dieper en suiwerder begrip van die kennis van God en Sy weë nie. Hulle het gekies om nie deur geloof in die hemelse tempel (die tabernakel) in te gaan en daar te aanbid nie. (Heb.8:1-2; 7:22-25).

Dus, as ons in die voorhof sou bly en na hierdie oordeelstoneel, wat in die Boek Daniël gevind word, kyk met die sluier oor ons oë, en nie met die lig van

die ewige evangelie nie, sal ons net 'n weerspieëling van ons eie gevalle stelsel van geregtigheid sien en ervaar.[14] Wanneer die sluier egter verwyder word, sien ons net 'n liefdevolle God wat ons soos oop boeke deursoek, wat ons kankeragtige sondeprobleem naspeur en **diagnoseer**. Dan, met inagneming van ons toestand, poog Hy om ons rekordboeke deeglik van sonde te reinig. Hoe doen Hy dit? Jesus manipuleer (of verander) nie die boeke, soos sommige dalk verkondig nie. Hy steek ons ook nie weg agter Homself om ons te beskerm teen 'n kwaai Vader, soos die tradisionele Christendom verkondig nie. Nee. Ons Vader gee ons ‘n dosis van Sy lewe (Hy verenig ons met Sy Gees) deur Jesus (ons enigste geneesmiddel) sodat ons sondes vegewe kan word en genesing van sonde kan kom. Gevolglik sterf ons “ou mens” (die ou natuur) wat dus genesing bring, totdat <u>*ONS*</u> *“gelykvormig is aan die beeld van sy Seun” (Rom.8:29)* en 'n skoon rekening (‘n skoon rekord van gesondheid) het – met ander woorde, ons sondig nie meer nie.

Soos in die geval van die verlamde en die owerspelige vrou, sal God se genade ware geregtigheid (regverdigmaking) tot gevolg hê. Sy regverdigmaking sal ons weer in harmonie bring met ons hemelse Vader wat ons bemagtig om die ware weg van heiligmaking te betree. “Gaan en sondig nie meer nie.”

Om met die bloed van Christus “bedek” te wees, beteken baie meer as wat ons geleer is. Jesus het vir ons gesê om Sy bloed (Sy lewe) in te “drink”, sodat dit een met ons kan word, want *“wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.” (Joh. 6:53-58).* Om “bedek” te wees met die bloed van Jesus beteken Sy lewe is binne-in ons, sodat Hy ons tot oorlopens toe vul, sodat ons harte in harmonie gebring word met Sy hart, ons begeertes verander word om in eenheid met Sy begeertes te wees, ons denke soos Sy gedagtes, sodat ons Sy lewe uitleef. Eers dan sal die Vader die geregtigheid van Sy Seun as 'n bedekking sien, omdat Sy geregtigheid volkome in ons weergegee sal word. Wanneer God se Nuwe Verbond-belofte, om Sy wet (Sy

---

[14] Vir ‘n meer deeglike studie oor die betekenis van die koper/brons in die Skrif en waarom Jesus na Homself verwys het as die koper/brons slang wat deur Moses in Numeri 21:4-9 (sien Joh.3:14) gemaak is, verwys asseblief na die boek *Kruis-Belewenis Ondersoek die Kruis* (*vadervanliefde.com*).

karakter) in ons harte en denke te skryf, wortel skiet (Heb. 10:16), belowe Hy dat Hy *“aan hulle sondes en hulle ongeregtighede … nooit meer dink nie.” (Heb.10:17).*

**Waarom sal Hy nie meer dink aan ons sonde en ongeregtighede nie? Omdat ons Hom nie meer daaraan sal herinner nie**

*“Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet.” ~ Kolossense 1:13, AFR83*

Tydens Jesus se doop het die Vader gesê: *“Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.” (Matt. 3:17)*. Die Griekse woord vir *“geliefde”* is *agápetos,* wat openbaar dat Jesus die Een is aan wie die Vader alles GEGEE het (Joh.3:35) en dat Hy aan ons almal Sy geliefde Seun GEGEE het, sodat ons alle eer aan Hom kan GEE (terug reflekteer) – dit is die herstel van God se ontwerp vir die lewe.

*“en dié hoop beskaam nie, want **God het sy liefde [agape/Christus] in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees** wat Hy aan ons GEGEE het… Kyk watter groot liefde [agape] die Vader aan ons BEWYS het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie.”*

*~ Romeine 5:5, AFR83; 1 Johannes 3:1, AFR83.*

Wees nie bevrees nie,
want Ek is met jou;
Kyk nie angstig rond
nie, want Ek is jou God.
Ek versterk jou,
ook help Ek jou,
ook ondersteun Ek jou
met my reddened
regterhand.

Jesaja 41:10

Daniël gaan voort om te sê dat *“aan die heiliges van die Allerhoogste reg VERSKAF is” (Dan. 7:22)*. Die woord “verskaf” is “meedeel” of “verleen”. Deur die Vader se inwonende Gees sal Hy ons **reinig** van elke leuenagtige argument en elke vooropgestelde idee wat die vader van leuens diep in ons harte en denke ingeboesem het. Deur omsigtige en nederige redenering nooi ons Vader ons getrou uit om Hom as 'n **oop boek** te **ondersoek** (Ps.34:9), aangesien Hy smag om elke **gruwel** wat ons sielstempel deur vrees en veroordeling **verwoes** het, te reinig (1 Kor.6:18-20), en om aan ons ‘n

**regverdige oordeelsvermoë** (of **onderskeidingsvermoë**) te gee, sodat ons sal ophou om *HOM* verkeerd te beoordeel, om uiteindelik vir ewig versoen te word met ons onveranderlike, barmhartige, genadige en lankmoedige Vader van liefde.

> *"Dit staan vas dat God betroubaar is en elke mens 'n leuenaar, soos daar geskrywe staan: 'U is regverdig wanneer U uitspraak doen en U wen u saak wanneer U aangekla word.' " ~ Romeine 3:4, AFR83*

*"Groot en wonderbaarlik is u dade,*
*Here God, Almagtige.*
*Reg en betroubaar is u optrede,*
*Koning van die nasies."*

*~ Openbaring 15:3, AFR83*



*In liefdevolle herinnering aan*
*Deane Gilman wat in Jesus gaan rus het*
*net voor die publikasie van hierdie boek.*

*Finding leads to losing, losing lets you find,*
*living leads to dying, life leaves death behind.*
*Finding leads to losing, there's truly no other way,*
*no one can find The Christ-like Life any other way.*

*When you give yourself to Jesus, there is death that is within,*
*there's a cleansing that He does for you that frees you from your sin.*
*Self does die for Jesus reigns, His power is for real,*
*the Holy Ghost will work for you, and fill you with Christ's zeal.*

*You'll desire to live for others, because self no longer reigns,*
*the grace of Christ is sufficient friend, so praise His holy name.*
*Lift up your head and praise the Lord, and surrender all to Him,*
*for God through Jesus Christ our Lord has freed us all from sin.*


*So what life will you choose today, one of sorrow guilt and pain,*
*or the one that Jesus has for you, one that's filled to the latter rain?*
*It's up to you to choose dear saint, will it be Jesus filling you,*
*or will you satisfy yourself and let the devil live in you?*

*Finding leads to losing, losing lets you find,*
*living leads to dying, life leaves death behind.*
*Finding leads to losing, there's truly no other way,*
*no one can find The Christ-like Life any other way.*

*~ Deane Gilman (1945-2020) ~*

*Rus in vrede, my vriend!*

## Vir 'n dieper ondersoek na wat u sopas gelees het, beveel ons die volgende aan:




***Biblical Forgiveness***


*Are There Two Types?*

Deur Ray Foucher

Hierdie studie verduidelik dat vergifnis 'n tweeledige aksie is, deur 'n ondersoek na die betekenis van die oorspronklike woorde. God vergewe elke sonde, maar die vraag is of ons daardie vergifnis aanvaar of nie. Daar is verskillende Griekse woorde vir 'vergifnis toegestaan' en 'vergifnis ontvang.' Die een is altyd onvoorwaardelik, terwyl die ander altyd voorwaardelik is.

***Light on the Dark Side of God***


Deur Marilyn Campbell




- Waarom sal 'n liefdevolle God mense vir ewig verbrand as gevolg van sonde wat in een kort leeftyd gepleeg is?
- Hoe het Jesus, met Sy sagmoedigheid, die volmaakte voorbeeld van 'n "vuurspuwende" Ou Testamentiese God, wat Hy volgens die Skrif kom openbaar het, geword?
- Hoe kan 'n God wat moord goedkeur aan mense die opdrag gee om nie dood te slaan nie, en ook opdrag gee om Hom na te volg?
- Waarom het God nie die menslike rebellie vroegtydig vernietig voordat dit tot volle ontwikkeling gekom het nie?
- Het mense werklik 'n vrye keuse indien God beplan om die wat Hom verwerp, te vernietig?
- Hoe is "die toorn van God" op ons geslag van toepassing?

Speur die Bybelse leidrade in die boek *Light on the Dark Side of God* na om verwonderd te staan voor 'n nuwe prentjie van God. Indien die onderwerp oor die karakter van God vir jou nuut is, sal hierdie boek van groot waarde wees om God in 'n nuwe lig te aanskou. Dit bied 'n goeie opsomming van die belangrikste kwessies. Jy sal sien dat God nie 'n donker sykant het nie. "… God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie." (1 Johannes 1:5).

### *Laai die bogenoemde boeke GRATIS af by characterofgod.org*




***God Is Love***

Deur George E. Fifield


Ouderling Fifield openbaar die tere liefde van 'n Vader en die geestelike aard van die wet, die versoening en die verlossingsplan. Die idees wat in hierdie boek uiteengesit word, bied stof tot nadenke vir ware insig in die karakter van God.

***GRATIS beskikbaar. Laai dit af by maranathamedia.com***


***Agape***

*'n Openbaring van die Vader se Karakter van Liefde*

Deur Adrian Ebens




Dit blyk dat die Bybel dit by geleentheid onmoontlik maak om die oënskynlike teenstrydighede wat dit aan my voorgehou het, te versoen. Ek deel hier 'n opsomming van 16 jaar se navorsing met jou. Daardeur is ek na verskeie lande gelei om met ander navorsers van dieselfde onderwerp te ontmoet. Die resultat was vir ons almal 'n groot seën! Ek getuig dat God inderdaad liefde is. Hy is nie 'n gewelddadige persoon nie. Hy intimideer ons nie met die dreigement om Sy eiesinnige kinders vir ewig in die hel te brand, soos miljoene mense wel glo nie. Ek besef dat baie mense nie hiervan oortuig is nie, maar ek nooi jou uit om hierdie reis te onderneem en self die feit te ontdek dat God waarlik liefde is. – Adrian Ebens.




***Dade van ons Sagmoedige God***

*'n Nuwe dag breek met heerlikheid aan oor die Karakter van God*

Deur Jay A. Schulberg

Dade van ons Sagmoedige God bied dwingende bewyse uit die Bybel om God vry te spreek van die aanklagte dat Hy ongeërg, veroordelend, beheersend, onregverdig, kwaadwillig en gewelddadig is. Die boek demonstreer dat die hele Bybel, indien korrek verstaan, in harmonie is met die definitiewe stelling "God is liefde." (1 Johannes 4:8).

***Kruis-Belewenis***


***Ondersoek die Kruis***

*Die Trefkrag en Betekenis van die Kruis van Christus*

Deur Adrian Ebens

Waarom was die Kruis vereis en wie het dit vereis? Waarom was die Kruis benodig vir ons verlossing? Is die toorn van God deur die dood van sy Seun bevredig? Wat is God se geregtigheid en verskil dit van ons geregtigheid? Waarom het Jesus Homself met 'n bronsslang aan 'n paal vergelyk? Wat wys die Heiligdom van Israel ons omtrent die Kruis?




***Reis van Geloof***

Deur Ruben Olschewsky

Om die onderwerp van die twee verbonde te verstaan is 'n belangrike deel van ons insig in die evangelie en om die Skrif in die regte raamwerk te plaas. Hierdie boekie stel hierdie onderwerp op 'n eenvoudige manier bekend om die leser van noodsaaklike elemente te voorsien om hierdie onderwerp te verstaan. Daar is baie verwarring omtrent die onderwerp van die verbonde, as gevolg van misverstande wat baie eeue gelede binne die Christendom plaasgevind het. Die eenvoud van die verbonde word uitgedruk in die lewe van Abraham en dit is wat Paulus verduidelik in die brief aan die Galasiërs. *"Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye. Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte. Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde…"* (Galásiërs 4:22-24). Mag jou geloofsreis geseënd wees terwyl jy hierdie lees… Whatsapp na 082 745 4462 vir 'n kopie.

***Laai die boeke GRATIS af vanaf vadervanliefde.com.***

## In hierdie tyd van onsekerheid begin mense die karakter van God bevraagteken.

Veroordeel en oordeel God ander terwyl Hy ons beveel om ander nie te oordeel nie, maar om hulle onvoorwaardelik lief te hê?

Martel God Sy vyande vir ewig in 'n poel van vuur terwyl Hy ons terselfdertyd beveel om ons vyande lief te hê?

Stuur God kwaadwillige plae en peste oor mense wat kies om Hom nie lief te hê nie, terwyl Hy vereis dat ons bid vir die gesondheid en voorspoed van diegene wat ons nie liefhet nie?

Behoort ons nie dieselfde karakter as God uit te leef nie? "Heilig moet julle wees, want Ek, die HERE julle God, is heilig." (Lev. 19:2); "Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is." (Matt. 5:48).

In Joh. 14:9 sê Jesus: "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien." Het Jesus ooit iemand veroordeel or geoordeel? Het Jesus ooit iemand gemartel? Het Jesus ooit iemand doodgemaak? Jesus raai ons almal aan om ons oë te salf met Sy geestelike oogsalf wat Hy aanbied, sodat ons duideliker kan "sien" (Open.3:18). Dus, terwyl ons die Bybel deur hierdie nuwe insig lees, word die sluier van vrees en veroordeling weggeneem (2 Kor. 3:14-16). Jesus vra vir elkeen van ons: "Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy?" (Luk. 10:26). Die sleutel is om te verstaan hoe om die Skrif te lees. Lees jy dit deur jou vleeslike begrip of deur die Gees van Christus? Wanneer die ware karakter van ons hemelse Vader geopenbaar word deur die Gees van Sy Seun, begin ons sien dat God nie 'n bloeddorstige tiran is wat teen sondaars gekant is nie, maar dat God en mens 'n gemeenskaplike vyand deel wat poog om ons geloof te vernietig; 'n geloof in 'n nie-veroordelende Vader wat ons liefhet met Sy hele hart en met Sy hele siel en met al Sy krag.

**www.VadervanLiefde.com**